# Die Melgisédek Orde

*Deur Dirk van Vuuren*

Gedruk, geset en uitgegee deur

**Die Dogter van Sion**
Kameeldrif 225,
Pretoria-Wes

Posbus 1130,
Hartebeespoort,
0216
Webwerf: www.nuweopenbaring.co.za en
www.siener.co.za
TEL: 012 376 2999/7
Faks: 012 376 2983

# Die Melgisédek Orde

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding. | **5** |
| 2. | Waar lees ons van die Melgisédek-orde in die Skrifte? | **6** |
| 3. | Waarom die noodsaaklikheid van `n Melgisédek? | **8** |
| 4. | Die totstandkoming van die Melgisédek-orde | **10** |
| 5. | Wat het die Melgisédek-orde bewerkstellig? | **16** |
| 6. | Die vredesverbond van Numeri 25 | **21** |
| 7. | Die soutverbond van Numeri 18 | **28** |
| 8. | Die oorgang van die Levitiese na die Melgisédek-orde | **31** |
| 9. | Verdere bevestiging oor die oprigting van hierdie Melgisédek-orde | **39** |
| 10. | Die Levitiese orde van die vlees, `n afskynsel van die Melgisédek-orde van die gees | **51** |
| **11.** | Die vervalle Melgisédek kasteel as voorbeeld van die Melgisédek-orde self | **60** |
| 12. | Openbaringe oor die Melgisédek-orde wat opgerig gaan word in Suid-Afrika | **74** |
| 13. | Die uiteindelike doel van die Nuwe Melgisédek Geestesmens | **78** |
| 14. | Die Bloed van die Melgisédek Ark val op die Verbondsark van die Levitiese orde | **92** |
| 15. | Die herstel van die hele Skeppingsmens vanaf die aarde | **94** |
| 16. | Die neerdaling van die Nuwe Jerusalem | **99** |
| 17. | Is daar al reeds begin met die bou van so `n huis in Suid-Afrika? | **114** |
| **18.** | Dogter van Sion, huis op die Rots | **115** |
| | *a) Geskiedkundige oorsig* | |
| | *b. Die geestelike verval van die Boerevolk* | |

*c)* *`n Poging word gemaak om die geestelike verval te stuit.*
*d)* *Intrede vir die volk vanaf die laer te Bloedrivier*
*e)* *Dogter van Sion beweeg in `n geestelike faset van hul geloof in*
*f)* *Visioen te Kaap Agulhas op 16 Desember 2002*
*g)* *Lucifer slaan toe op die nuwe huis*
*h)* *2004, - Die Sionshuis beweeg in `n volgende fase in*
*i)* *Geloftefees 2005 - `n Vrylating vir die 50ste keer*
*j)* *2006 – Jaar van werk in die wingerd*
*k)* *16 Desember 2006 – Die nuwe Gelofte*

19. Die laaste beloftes voor die Wederkoms moet in vervulling gaan **171**
20. Die fisiese trek uit die moderne Egipte **185**
21. Die Nuwe Melgisédek-Orde, soos geopenbaar aan Bertha Dudde **194**
22. Innerlike Vrede `n noodsaaklike voorvereiste vir `n Melgisédek-Priester **208**
23. Ten slotte **214**

## INLEIDING

1 Die Melgisédek-orde is `n onderwerp waar daar nie veel oor geskryf is nie. Jare gelede het ek `n Israel-dominee gevra om hierdie onderwerp vir my te verduidelik, waarop hy self erken het dat hulle niks op kweekskool hiervan geleer het nie. Dit is dus logies om af te lei dat ons Hemelse Vader hierdie onderwerp verborge gehou het. Nou, in die laaste tyd voor die einde, sien ons dat daar baie meer oor hierdie onderwerp openbaar word, en dat dit nou tyd geword het om hierdie verborgenheid aan die lig te bring. Neem kennis dat ons maar net soveel kan sien as wat daar lig gegee word deur ons Vader, en dat ons somtyds aannames kan maak wat later, met meer kennis tot ons beskikking, verkeerd bewys kan word. Maar met die inligting huidiglik tot ons beskikking, sal ek met hierdie skrywe poog om ietwat lig te werp op hierdie groot verborgenheid. Alle eer aan ons Verlosser en Messias, JaHWèshua vir alles wat Hy aan ons openbaar.

Die geskrifte wat ons sal raadpleeg, is die Boek van Herinnering, die Lorber-geskrifte, die profesieë aan Bertha Dudde en die profesieë aan die Boerevolk, wat nou tans aan die eindtyd deurgegee word aan Sy skryfknegte.

## Waar lees ons van die Melgisédek-orde in die Skrifte?

2 In **Genésis 14** vind ons die eerste verwysing na hierdie Melgisédek. Die gedeelte lees as volg:

*17 Ná sy terugkoms van die oorwinning op Kedor-Laómer en die konings wat saam met hom was, het die koning van Sodom uitgetrek hom tegemoet na die laagte Sawe, dit is die Koningslaagte.*

*18 En **Melgisédek, die Koning van Salem**, wat 'n priester van die Hoogste El was, het Brood en Wyn gebring* [Boekrol van die Opregte 23:35]

*19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur die Hoogste El die Skepper van Hemele en Aarde.*

*20 En geseënd is die Hoogste El, wat u vyande in u hand gegee het, toe gee hy Hom die tiende van alles.*

Ons sien dat Abraham, na sy oorwinning oor die koning van Sodom, na hierdie Koning van Salem gegaan het, met Hom gepraat het, en saam met Hom brood en wyn genuttig het. Daarna is Abraham geseën, waarna hy `n tiende van alles aan hierdie Megisédek koning gegee het. Hier moet ons nou na `n paar Hebreeuse betekenisse kyk, want dit sal meer lig werp op die onderwerp.

Melgisédek bestaan uit twee frases, naamlik "Melek" wat ***koning*** beteken en "tsedek" wat ***Geregtigheid*** beteken. Salem, die plek waar hierdie Melgisédek gewoon het, beteken ***vrede***. Ook sê die Skrif dat Hy `n ***priester*** was. Ons het dus die volgende. Hierdie Melgisédek was dus `n Priester-Koning van die Allerhoogste (Hoogste El), Koning van Geregtigheid en Vrede.

Hy was dus op Sy minste `n goddelike wese en dus sou die wyn en brood ook heengewys het op die toekomstige Ware Brood en Wyn, JaHWèshua Messias, wat vir ons sou kom sterf. Daar kan dus afgelei word dat hierdie ete tussen Abraham en Melgisédek `n voorloper van die Pasga was

wat ons Meester, JaHshua, duisende jare later sou kom instel, waarop die Brood na Sy liggaam verwys en die wyn na Sy bloed wat vir ons gestort sou word. Ons lees meer hieroor in die Boek Hebreërs.

> ***Hebreërs6:19*** *en Ons het Hom as 'n Anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel*
>
> *20 waar JaHWèshua as voorloper vir Ons ingegaan het, Hy wat volgens die Orde van Melgisédek 'n Hoëpriester geword het vir ewig. [Psalm 110:4]*
>
> ***Hebreërs7:1*** *WANT hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van die Hoogste El, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; [Génesis 14:18]*
>
> *2 aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het - hy was in die eerste plek, volgens uitleg, Koning van Geregtigheid en dan ook Koning van Salem, dit is Koning van Vrede; [Openbaring van Henog 23:37]*
>
> *3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewens-einde, maar gelykgestel aan die Seun van die Elohim, bly Hy Priester altyddeur.*
>
> *4 Let nou op hoe groot hierdie Man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die [sy] beste [goed]gegee het.*

Hier lees ons dus dat hierdie persoon Melgisédek gelykgestel was aan ons Verlosser, JaHWèshua. Hoe is dit dan moontlik, want ons Meester was maar slegs 33 jaar oud toe hierdie dinge met Hom gebeur het? Ook word Sy ewige priesterskap hier bevestig. Was JaHwèshua dan nog altyd `n priester gewees, voordat Hy gebore was uit Miriam?

## WAAROM DIE NOODSAAKLIKHEID VAN `N MELGISÉDEK?

3 Om hierdie dinge te verstaan, moet ons duidelikheid verkry oor die ENIGE ELOHIM wat ons aanbid. Terwyl ons verwar word deur die kerke se Drie-koppige God wat hulle die Drie-Enige God noem, sal ons nie hierdie dinge verstaan nie. In **Deuteronómium 6:4** lees ons:

> *HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey, **JaHWeH [is] EEN**.*

Ook sê ons Messias dieselfde in **Johannes 10:30**

> *30 **Ek en die VADER is een**.*

Om hierdie eenheid te verstaan, is nie so moeilik as wat ons dit somtyds vir onsself maak nie. Gestel JaHWeH, die Vader is oneindig. Die Seun is ook oneindig, want Hyself sê Hy is die Alfa en die Omega, die begin en die einde (**Openbaring 1:8 en 11**). Ook moet die Gees dan oneindig wees. Wiskundig gesproke kan 3 oneindighede nie langs mekaar bestaan nie. Jy kry hoogstens net **EEN** oneindigheid. Al bestaansreg wat die ander twee oneindighede het, is om binne die Vader-oneindigheid te bestaan, of anders gestel; hulle moet EEN wees met die Vader, oftewel `n EENHEID wees binne-in en nie `n DRIEHEID langs mekaar nie. QED (quite easily done!)

`n Ander vergelyking is om die son as voorbeeld te gebruik. Die son bestaan uit warmte en lig. Voortspruitend uit die warmte en lig is daar krag, wat alles op aarde, 93 miljoen kilometer ver onderhou, groei en laat voortbestaan. Niemand kan op die son-oppervlak oorleef nie, want dis te warm, hulle praat van miljoene grade Celcius. Die geweldige ontoeganklike hitte van die son versinnebeeld die Vader in Sy oerGoddelike toestand van oneindige Liefde (warmte) en ligintensiteit (Wysheid), waar niemand Hom kon sien en bly leef nie, nie eers `n engel nie. Die lig wat

gestuur word na die aarde, stel die Seun voor as die Wysheid, wat die aarde bereik as `n sagte warmte en lig, wat ons as mense kan opneem. Die groei van alles op aarde word veroorsaak deur hierdie gesamentlike Krag (Gees), voorspruitend uit die warmte (Vader) en die Lig (Seun), waarsonder niks op hierdie aarde sou kon voortbestaan nie. Hoe is dit dan moontlik om hierdie drie te skei? Dit kan nie, want die een kan nie sonder die ander voortbestaan nie. Dit is hoe die drie-eenheid werk - as `n volkome EENheid.

Omdat die Seun, JaHWèshua eers ongeveer tweeduisend jaar gelede gebore is in die vlees, moes ons Vader `n ander plan beraam het om met sy aardse kinders voor daardie tyd te kommunikeer. In Sy volle almag kon niemand Hom sien nie, soos wat hierbo duidelik afgelei kan word uit die son-voorbeeld wat gegee is. Hy moes Homself dus in `n aanvaarbare "houer" kom voorstel aan Sy kinders. Hierdie houer kan ons gerieflikheidshalwe `n verbondsark noem, want die vleeswording van ons Verlosser, JaHWèshua, was in werklikheid ook niks anders as die volheid van die Godheid-Vader, omring deur `n suiwer sondelose vlees-omhulsel nie, waar die vlees gedien het as lewende Verbondsark.

Met die Melgisédek-orde, wat Hy ingestel het na die sondvloed, het die Vader Homself dus in `n engel-liggaam, oftewel `n verheerlikte vleesliggaam, gemanifesteer, sodat Hy vanuit hierdie verheerlikte liggaam (`n lewende verbondsark) met Sy kinders kon kommunikeer, sonder dat hulle van vrees en bewing sou dood neerslaan. Uit die gedeeltes in die Skrif wat hierbo geplaas is, kan ons aflei dat Melgisédek in `n stad Salem gewoon het, `n huis gehad het met skure en kelders waarin die tiendes van graan en wyn geberg kon word. Ons lees dat leiers in die volk opgetrek het na Salem om hierdie offers te bring en dat hulle aan tafel was met Melgisèdek, wat niks anders was as om aan tafel te sit met die Allerhoogste Elohim nie. Hoe het hierdie orde dus tot stand gekom? Ons lees niks in die Bybel daaroor nie.

## Die totstandkoming van die Melgisédek-orde

**4** Ons is egter geseënd om die Boek van Herinnering te hê waarin die twee Boeke van Henog voorkom, en hierin word breedvoerig daaroor berig. Hoe ironies dat hierdie twee boeke ook oorspronklik in die saamgestelde Bybel, te 323NC te Nicea voorgekom het, maar 500 jaar later daaruit geneem was. Soveel vir die geïnspireerde saamgestelde Bybel – eers sê die Heilige Gees dit moet in, dan sê die Heilige Gees, nee, dis verkeerd, dit moet uit, maar verwyder nie die verwysings na hierdie twee boeke in die Nuwe-Testamentiese boek van Judas nie! Wat maar net weer bewys dat dit mense was wat betrokke was met die **samestelling** van die Bybel. Ons plaas die volgende gedeelte vir u, soos wat dit in die boek, **Openbaring van Henog 23** voorkom. Ek sal belangrike gedeeltes verdik en onderstreep vir u.

***Nir se vrou sterf en 'n seun word gebore***

*1 EN kyk, Sofonima, Nir se vrou, was onvrugbaar en het vir Nir geen kinders gebaar nie.*

*2 En Sofonima was ver in jare gevorder en baie naby haar dood; **en sy is bevrug**, al het Nir, die priester, nie met haar gemeenskap gehad sedert die dag dat JaHWeH hom voor die volk geplaas het nie.*

*3 Sofonima was beskaamd en het dag vir dag weggekruip en nie een van die volk het geweet nie; en die dag het aangebreek dat sy geboorte moes skenk.*

*4 En Nir het aan sy vrou gedink en haar na hom geroep in sy huis om met haar te praat; en Sofonima het na haar man gegaan, en kyk, sy was op die punt om geboorte te skenk.*

*5 En toe Nir haar sien, het hy hom vir haar geskaam en hy het aan haar gesê: Hoekom het jy dit gedoen, vrou, en skande op my gebring voor die hele volk?*

*6 En nou, weg van my: gaan na waar jy so skaamteloos bevrug is, ingeval ek my hande op jou besoedel en oortree voor die Aangesig van JaHWeH.*

*7 En Sofonima het haar man geantwoord en gesê: Kyk, my meester, ek is ver in jare gevorder en geen jeugdige begeertes is nog in my oor nie: Ek weet nie hoe ek in my onskuld bevrug kon word nie.*

*8 Nir het haar nie geglo nie en hy het aan haar 'n tweede keer gesê: Weg van my, ingeval ek aan jou slaan en voor die Aangesig van JaHWeH oortree.*

*9 En terwyl Nir met sy vrou gepraat het, het Sofonima voor Nir se voete **neergeval en gesterf**.*

*10 En Nir was baie ontsteld en het aan homself gesê: Is dit oor wat ek gesê het dat dit met haar gebeur het?*

*11 Maar nou is die ewiglewende JaHWeH barmhartig, want ek het geen hand teen haar opgelig nie.*

*12 Nir het gou gemaak en die deure van sy huis gesluit en na sy broer, Noag, gegaan en hom alles vertel wat met sy vrou gebeur het.*

*13 En Noag het gou gemaak en na sy broer se huis gegaan; en sy broer se vrou was duidelik dood, en **sy was op die punt om geboorte te skenk.** [JirmeJaH 1:5]*

*14 En Noag sê aan Nir: Moet jou nie ontstel nie, Nir, my broer, want JaHWeH het ons skaamte vandag bedek, aangesien niemand van die volk hiervan weet nie; en nou, maak gou, laat ons haar begrawe en JaHWeH sal ons skande bedek.*

*15 En hulle het Sofonima op 'n bed neergelê en haar in swart klere aangetrek, en die deur toegemaak en in die geheim grafkelders gaan uithol.*

*16 En toe hulle uitgegaan het na haar graf, **het die kind uit die lyk van Sofonima gekom en op die bed gesit.***

*17 Noag en Nir het ingekom om Sofonima te begrawe en hulle het die kind gesien wat by die lyk gesit het en **hy het 'n kledingstuk aangehad**.*

*18 Noag en Nir was baie verskrik, want **die kind se***

***liggaam was volmaak: hy het met sy mond gepraat en JaHWeH geseën.***

*19 Noag en Nir het na hom gestaar en gesê: Dit is die werk van JaHWeH, my broer.*

*20 Kyk,* ***die Seël van die priesterskap was op sy bors*** *en hy was 'n vreugde om te aanskou.*

*21 En Noag het aan Nir gesê: Broer, kyk,* ***JaHWeH sal die Tabernakel van Apartheid na ons herstel****.*

*22 En Nir en Noag het gou gemaak en die kind gewas en hom getooi in die priesterlike klere, en hulle het hom brood gegee wat geseën was en hy het hom geëet,* ***en hulle het hom Melgisédek genoem****.*

*23 En Noag en Nir het Sofonima se liggaam geneem en die swart klere van haar afgehaal: en hulle het haar liggaam gewas en haar geklee in skitterende en kosbare klere.*

*24 En hulle het vir haar 'n grafkelder gebou; en Noag het gegaan en Nir en Melgisédek, en hulle het haar openlik met eer begrawe.*

*25 Noag het aan sy broer gesê: Hou die kind in die geheim* ***tot die aangewese tyd****, want die mens se besoedeling het oral op die Aarde vermeerder, en as hulle hom sien, sal hulle 'n manier vind om hom dood te maak.*

*26 En Noag het huis toe gegaan.*

*27 En kyk, in die dae van Nir het al die soorte ongeregtigheid tot 'n groot mate orals op die Aarde vermeerder; en Nir was baie ontsteld, en nog meer oor die kind en hy het gesê: Wat kan ek vir hom doen?*

*28 Nir het sy hande na die Hemele uitgestrek en JaHWeH aangeroep en gesê: Helaas, ewiglewende JaHWeH, alle soorte ongeregtigheid het grootliks op die Aarde in my dae vermeerder, en ek kan aanvoel dat ons einde naby is.*

*29 Wat kan ek vir hom doen, sodat hy nie betrokke sal wees by ons in hierdie vernietiging nie?*

*30 JaHWeH het Nir gehoor en aan hom in 'n visioen in die nag verskyn en aan hom gesê: Aanskou, Nir, die verbastering op die Aarde is oral: Ek sal dit nie langer verduur of uithou nie.*

*31 Kyk, Ek gaan baie gou 'n groot vernietiging oor die Aarde bring, maar Ek het geen bekommernis oor die kind nie, Nir, want na 'n klein rukkie* ***sal Ek My Hoofboodskapper GabriEl stuur en hy sal die kind neem en hom in die Paradys van Eden plaas.***

*32 Hy sal nie vergaan saam met die wat op die punt staan om te vergaan nie,* ***want Ek het hom as 'n Teken gestuur- hy sal vir My 'n priester van priesters vir ewig wees, Melgisédek, en Ek sal hom eenkant sit, en Ek sal van hom 'n groot volk maak wat My sal eer.***

*33 Nir het uit sy slaap opgestaan en JaHWeH wat aan hom verskyn het, geseën en gesê: Geseënd is U, Elohey van ons vaders, wat nie oneer oor my priesterskap laat val het nie of oor die priesterskap van my vaders nie,* ***want U Woord het 'n Hoëpriester in die baarmoeder van my vrou Sofonima geskep****.*

*34 Want ek het geen kinders gehad nie en hierdie kind sal in die plek van my eie kinders wees en my seun word;*

*35 en U sal hom by U diensknegte tel met Sonfi en Onog en Rusi en Milam en Serug en Arusan, Nail en Henog, en Metúsalag en U dienskneg Nir,* ***en Melgisédek sal die hoëpriester wees in 'n ander geslag****. [Génesis 14:18]*

*36 Want ek weet dat hierdie geslag sal eindig in verwarring en almal sal vergaan, en Noag, my broer, sal bewaar bly vir 'n ander geslag om die vader daarvan te wees,*

*37 en uit sy familie sal 'n talryke volk voortspruit* ***en Melgisédek sal die hoëpriester onder 'n volk wees wat U onderdane sal wees, o JaHWeH, en U sal dien****. [Hebreërs 7:1-2,3]*

*38 En toe die kind vir veertig dae in Nir se huis was, het JaHWeH aan die Hoofboodskapper GabriEl gesê: Gaan af na die Aarde, na Nir, die priester, en* ***neem die kind Melgisédek wat by hom is en sit hom in die Tuin van Eden om hom veilig te bewaar.***

*39 Want die tyd is baie naby dat Ek al die waters oor die Aarde sal loslaat en alles wat op die Aarde is, sal vergaan en Ek sal hom 'n plek van eer in 'n volgende geslag gee, en* ***Melgisédek sal die Hoëpriester van daardie geslag wees.***

*40 En GabriEl het gou gemaak en in die nag afgevlieg; en daardie nag was Nir aan die slaap op sy bed en GabriEl het aan hom verskyn en gesê:*

*41 So sê JaHWeH aan Nir, laat die kind wat Ek aan jou toevertrou het, na My toe kom.*

*42 Nir het nie herken wie dit was wat met hom gepraat het nie en hy was baie ontsteld en het aan homself gesê: Kan dit wees dat die volk weet van die kind om hom weg te vat en dood te maak?*

*43 [want die volk se gedagtes en voornemens was besoedel in die Oë van JaHWeH]. En hy het GabriEl geantwoord en gesê: Ek het geen kind nie en ek weet ook nie wie dit is wat met my praat nie.*

*44 En GabriEl het hom geantwoord: Moenie bevrees wees nie, Nir, ek is die Hoof-boodskapper GabriEl: JaHWeH het my gestuur, en kyk, ek gaan jou kind vandag neem en ek sal gaan en hom in die Paradys van Eden sit.*

*45 En Nir het sy eerste droom onthou en hy het geglo en GabriEl geantwoord: Geseënd is JaHWeH wat jou vandag na my gestuur het; en seën dan nou u dienskneg, Nir, en neem die kind en doen met hom alles wat aan u gesê is.*

*46* ***En GabriEl het die kind Melgisédek daardie nag op sy Vleuels geneem en hom in die Paradys van Eden geplaas.***

*47 En toe Nir in die oggend wakker word en in die huis*

*ingaan, het hy die kind nie gevind nie; en dit was vir Nir 'n teken van beide groot blydskap en groot droefheid, want die kind het vir hom geword soos 'n eie seun.*

Hier sien ons dat hierdie Melgisédek gebore word, net voor die einde van `n verlossingstydperk, daarna (na 40 dae) weggeneem word deur engele na `n veilige plek (tuin van Eden), terwyl die oordele oor die aarde gewoed het, en dat hy daarna weer afkom om sy taak en roeping te kom vervul op aarde. Hy het reeds die seël van die priesterskap, naamlik die priesterkleed op sy skouer gehad met geboorte. Noag sê vir sy broer; "**JaHWeH sal die Tabernakel van Apartheid na ons herstel,**" bedoelende dat daar `n lewende verbondsark, `n engel-mens, sal kom waarin die Vader Homself sal manifesteer op aarde na die vloed. Hierdie kind was `n wonderkind en kon al met geboorte praat. Hy was nie deur Nir verwek nie, maar deur die Heilige Gees (Gees van Apartheid). Interessant dat dit ook GabriEl is, dieselfde engel wat Miriam (Maria), die moeder van JaHWèshua besoek het, toe sy verwagtend geword het, wat betrokke was met hierdie hele aangeleentheid. Dit moes ook hy wees, want sy taakbeskrywing word as volg beskryf in **Henog 20:7**:

*7 **GabriEl**, een van die Boodskappers van Apartheid, wat aangestel is oor die Paradys en die Nagashim/ slange en die **Gérubs**. [Lukas 1:19]*

Hy moes dus hierdie verheerlikte engel/mens kind versorg in die Paradys tot na die vloed, waarna GabriEl hom weer afgebring het aarde toe, en heel moontlik ook gehelp het met die oprigting van die stad Salem.

## WAT HET DIE MELGISÉDEK-ORDE BEWERKSTELLIG?

**5** Wat was die verskil tussen die twee geboortes van Sofonima en Miriam (Maria)? Hoekom was dit nodig om weer `n vrou te bevrug sodat JaHWèshua daaruit moes ontstaan. Waarom kon hierdie wonderkind van Sofonima nie die volle verlossingswerk op homself geneem het nie? Waarom was dit nodig, soos wat **Hebreërs 7:11** sê, dat daar `n ander priester moes kom?

> *.... waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die Orde van Melgisédek en dat hy nie volgens die Orde van Aäron genoem word nie?*

Ons weet waarom JaHWèshua beter was as enige aardse Levitiese priester, dit sê die boek Hebreërs tog duidelik, maar hoekom moes Hy ook Melgisédek vervang het, aangesien Hy `n ewebeeld van hom was (**Hebreërs 7:15**).

Die eerste logiese afleiding is tog dat JaHWèshua die offer aan die vloekhout betaal het en nie Melgisédek nie. Melgisédek se primêre doel was om as lewende houer/ verbondsark op te tree, sodat ons Vader met Sy volk kon kommunikeer vanuit sy liggaam. **Hebreërs 7:3** sê dit so:

> *3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewens-einde, maar gelykgestel aan die Seun van die Elohim, bly Hy Priester altyddeur.*

Hy was verwek vanuit die hemele (sonder aardse vader) sy moeder was dood VOOR hy gebore is, daarom was hy ook in geen geslagsregister opgeskryf nie. 40 Dae na sy geboorte is hy in die hemele opgeneem, waar hy bewaar was deur GabriEl en sy engele.

Die toestand in die doderyk op die stadium na die vloed was sodanig dat die gereddenes nog steeds gevange gehou was daarin. Daar was dus verlorenes, gevalle engele, demone, duiwels en gereddenes saam. Almal het reikhal-

send uitgesien na die dag waarop JaHWèshua die doderyk sou oorwin met sy eie liggaam as offer. Die volgende vers in **Henog 69:12** werp `n bietjie lig op die mag wat die bose op die mens verkry het tydens die sondeval van Adam en Eva in die aardse paradys.

> *12 Die vyfde* (gevalle engel*) se naam was Kasdeja: dit is hy wat die kinders van die adam die uitwissing deur die geeste en demone gewys het, en* ***die uitwissing van die embrio in die baarmoeder****, dat dit vernietig kan word, en* ***die uitwissing van die siel****, die byt van Nagash/slang, en die uitwissing wat volg op die hitte van die middag, die seun van Nagash/slang wat sterk is.*

In **Spreuke 30: 15-16** lees ons die volgende:

> *15 Die Bloedsuier het twee dogters: Gee, gee! Hierdie drie word nooit versadig nie; vier sê: nooit genoeg nie! -*
>
> *16* ***die Doderyk/Sheol en die Toegesluite moederskoot****, die Aarde wat nie genoeg water kry en die vuur wat sê: nooit genoeg nie! [Wysheid van Salomo 4:1; 2 Nikodémus 4:1]*

Deurdat die Melgisédek seuntjie vanuit die dooie Sofonima se moederskoot gekruip het, het hy met sy eie krag (voorsien deur JaHWeH) die Bloedsuier (Satan) ontneem van `n sekere houvas oor die dooies wat `n vrugtevolle lewe gelei het op aarde, wat ons sal noem, die gereddenes. Hulle het deur hierdie daad `n aparte plek in die doderyk verkry waar hulle bewaar was vir die groot dag van besoeking deur ons Messias, waarna Hy hulle almal na die hemelse paradys geneem het, daar waar Melgisédek bewaar was deur GabriEl. **Lukas 16:23-26**, die verhaal van Laserus (El-Azer in Hebreeus), die bedelaar aan Abraham se boesem, werp meer lig op die toestand in die doderyk na hierdie daad.

> *23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die Doderyk/Sheol sy oë ophef, terwyl hy in smarte was,* ***sien hy Abraham van ver af en El-Azar***

***<u>aan sy boesem</u>**. [Boekrol van Henog 39:5]*

*24 En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur El-Azar, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.*

*25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook El-Azar die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.*

*26 **<u>En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot Afgrond gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie</u>**. [Boekrol van Henog 22:9]*

Daar was dus `n duidelike skeiding tussen die bose en die gereddenes. **Henog 22** beskryf dit vir ons as volg.

### *Die Doderyk/Sheol, of die onderwêreld*

*22 DAARVANDAAN het ek na 'n ander plek gegaan, en hy het my in die weste 'n ander groot en hoë berg van harde rots gewys.*

*2 En daar was **<u>vier hol plekke in haar</u>**, diep en wyd en baie glad. Hoe glad is die hol plekke en diep en donker om na te kyk. [Spreuke 7:27]*

*3 Toe het RafaEl geantwoord, een van die Boodskappers van Apartheid wat saam met my was, en vir my gesê: Hierdie hol plekke is geskep vir hierdie besondere doel, **<u>dat die geeste van die siele van die dooies in haar moet vergader, ja, dat al die siele van die kinders van die adamiet hier moet vergader</u>**.*

*4 Hierdie plekke is gemaak om hulle te ontvang tot op die dag van hulle oordeel, en tot op hulle bepaalde tyd wanneer die groot oordeel oor hulle sal kom.*

*5 Ek het die geeste van die kinders van die adamiete wat dood was, gesien en hulle stemme het opgegaan na die Hemele en hulle het versoeke gerig.*

*6 Toe het ek aan RafaEl, die Boodskapper wat saam met my was, gevra en aan hom gesê: Hierdie gees - wie is dit wie se stem uitgaan en versoeke rig?*

*7 Hy het my geantwoord en gesê: Dit is die gees wat uitgaan van Abel, wie se broer Kain hom doodgeslaan het, en hy sal voortgaan om hom aan te kla totdat sy saad van die aangesig van die Aarde af vernietig is en sy saad uitgeroei is onder die saad van die adamiete. [Génesis 4:10; Openbaring 6:9-10]*

*8 Toe het ek daaromtrent gevra en omtrent al die hol plekke: **Hoekom is hierdie een geskei van die ander [drie]?***

*9 En hy het my geantwoord en aan my gesê: **Hierdie drie is gemaak sodat die geeste van die dooies afgeskei mag wees van die geeste van die regverdiges; waarin daar 'n Fontein van Water en Lig is**. [Lukas 16:23-26]*

Hierdie gereddene stamvaders en hulle tydgenote het dus `n Fontein van water en lig gehad, wat geestelik dui op die Gees van ons Vader wat hulle siele hier gevoed het, maar hulle was nog steeds gekluister in die doderyk in die aarde. Ook kon diegene uit die latere Levitiese orde ook in hierdie plek aangehou word, want **Hebreërs 7:5-10** sê die volgende:

*5 Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n Gebod om, volgens die Wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;*

*6 maar Hy wat nie uit húlle Sy geslagsregister aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën.*

*7 Nou word sonder enige teëspraak die mindere deur die meerdere geseën.*

*8 En hier neem wel sterflike adamiete tiendes, maar dáár een van wie getuig word dat Hy lewe.*

*9 En, om so te sê, **het ook Levi wat tiendes ontvang, deur Abraham tiendes gegee**; [Númeri 18:21]*

*10 want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoet gegaan het.*

Deurdat Abraham die offers gebring het, het sy nageslag, die Levitiese orde, ook die reg verkry om in hierdie bogenoemde beloftes te deel, en deur hulle, ook die res van die Israel-volk wat onder die Levitiese priesterskap moes funksioneer tot op die tyd wat ons Meester, JaHwèshua sou kom, waar Hy as lewende Melgisédek priester `n ewige priesterskap sou kom loskoop met Sy eie liggaam en bloed.

Om dus op te som: Die aanvanklike Melgisédek-orde was dus deur ons Vader gevorm **voor** die vloed (einde van een verlossingstydperk), maar eers **na** die vloed (begin van nuwe verlossingstydperk) in werking gestel. Die laaste priester in hierdie Melgisédek-orde was dus Moses, wat sy instruksies by die brandende braambos en later op die berg Sinai ontvang het vanaf ons Hemelse Vader vanuit Melgisédek, die lewende verbondsark. Regdeur die boeke van die wet sien ons vir Moses as `n fasiliteerder van die ondergeskikte suborde, die Levitiese orde, met sy broer Aäron as eerste hoëpriester van hierdie orde. Hierdie Levitiese suborde, `n aardse orde, ondergeskik aan die Melgisédek-orde, `n hemelse orde, het dus vir ongeveer 1500 jaar voortbestaan, totdat hierdie Levitiese suborde, onder Annas en Kajafas, verander het in `n rowerspelonk.

Net **voor** die volgende groot verlossingstydperk aangebreek het, is ons Meester JaHwèshua gebore om weereens die Melgisédek-orde op aarde op te rig, maar hierdie keer sou dit `n ewige orde wees, met Homself as volkome suiwer onbesmette sondelose offer waardeur Hy Self dus die ewige Priesterkoning Melgisédek sou word. Sy hele leer van liefde was gerig op hierdie orde wat Hy vir ewig sou kom oprig **na** sy kruisiging en opstanding, dit wil sê, in `n nuwe verlossingstydperk van 2000 jaar.

Ons nader nou weer die einde van die derde fase in die oprigting van hierdie Melgisédek-orde en weereens sal iets opgerig word **voor** hierdie laaste deel van hierdie verlossingstydperk verby is, naamlik die groot oordeel, en sal dit volmaak voortgesit word **hierna** in die volgende verlosssingstydperk, naamlik in die komende Duisendjarige Vrederyk, oftewel die ryk van Salem.

## Die vredesverbond van Numeri 25

**6** Omdat die Melgisédek-orde `n koningsorde van **Geregtigheid** en **Vrede** is, kan ons nou elke plek in die Skrif waar hierdie twee beloftes voorkom, betrek op hierdie komende orde wat nog in sy finale vorm opgerig moet word. Ons Messias verwys na hierdie orde in die volgende belangrike verse. **Johannes 14:27 en 16:33**

> *14:27 VREDE laat Ek vir julle na, **My Vrede** gee Ek aan julle; **nie soos die wêreld** gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. [Psalm 119:165; Boekrol van Henog 11:2; 45:6]*
>
> *16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle **in My Vrede kan hê**. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.*

Duidelik onderskei JaHWèshua hier dat daar twee vredes op aarde sal wees, die ware vrede, naamlik Sy Vrede en die ander wêreldse vrede. Om meer lig op Sy vrede te kry, moet ons gaan kyk of Hy Sy Vrede nie dalk meer eksplisiet verklaar het nie. Ons het wel so `n voorbeeld, en dit is die **Vredesverbond** wat JaHWeH met Pínehas en sy nageslag opgerig het in **Numeri 25:1-13.**

***Die Verbond van Ewige Priesterskap word met Pínehas en sy nageslag opgerig – omdat hy verbastering in JisraEl gestuit het.***

> *1 TOE JisraEl in Sittim gebly het, **het die volk begin vermeng** deur te hoereer met die dogters van die Moabiete -*
>
> *2 dié het die volk na die slagdiere van haar gode uitgenooi; **en die volk het geëet en hulle neergebuig voor haar gode.***
>
> *3 So het JisraEl hom dan gekoppel aan Baäl-Peor, en die Woede van JaHWeH het teen JisraEl ontvlam.*
>
> *4 Toe sê JaHWeH vir Moshè: **Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir JaHWeH**, sodat die brandende Woede van*

*JaHWeH van JisraEl afgewend kan word.*

*5 Daarop het Moshè aan die rigters in JisraEl gesê: Slaan elkeen sy manne dood wat hulle aan Baäl-Peor gekoppel het.*

*6 En daar het 'n man gekom, een uit die kinders van JisraEl,* ***en 'n Midianitiese vrou na sy volksgenote nadergebring,*** *voor die oë van Moshè en voor die oë van die hele vergadering van die kinders van JisraEl, terwyl hulle ween by die ingang van die Tent van Samekoms.*

*7 Toe Pínehas, die seun van El-Azar, die seun van die priester Aäron, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en* ***'n spies in sy hand geneem***

*8 en agter die JisraElitiese man aan gegaan in die tent* ***en hulle twee deurboor****, die JisraElitiese man en die vrou, in haar maag. Daarna het die plaag onder die kinders van JisraEl opgehou.*

*9 En die wat deur die plaag gesterf het, was vier-en-twintigduisend.*

*10 Toe het JaHWeH met Moshè gespreek en gesê:*

*11* ***Pínehas****, die seun van El-Azar, die seun van die priester Aäron,* ***het My Grimmigheid van die kinders van JisraEl afgewend deurdat hy jaloers vir My onder hulle geywer het****, sodat Ek die kinders van JisraEl in My jaloersheid nie verteer het nie. [1 Makkabeërs 2:26]*

*12 Daarom spreek: Kyk,* ***Ek sluit met hom My Vredes-verbond****, [Psalm 34:14; Wysheid van Sirah 45:23, 24; Boekrol van Henog 11:2; JeshaJaH 54:10; JeségiEl 34:25; Maleagi 2:5; Markus 9:50]*

***13 en dit sal vir hom en sy saad ná hom die Verbond van ewige Priesterskap wees, omdat hy vir sy Elohey geywer en versoening vir die kinders van JisraEl gedoen het****.*

As u hierdie gedeelte deurlees, sal u sien dat die gebod van Apartheid (heiligheid) op fisiese (verbastering) en op geestelike (afgodery bedryf) vlak oortree was deur Israel. Vader was woedend en alle Israelhoofde wat hulle en hulle

onderdane hieraan skuldig gemaak het, is opgehang in die son. Een rakker het egter nie gedink dis `n erge genoeg straf nie en soos `n geil wellustige bokram vergryp hy hom aan `n Midianitiese bastervrou voor die hele vergadering, en dit terwyl almal in ernstige rougewaad voor Vader staan. Maar dank Vader, Pínehas is by en steek toe die twee verbasteraars dood terwyl hul besig was met hul gruwel-daad.

Let mooi op na die inhoud van hierdie verbond met Pínehas en sy nageslag. Dit is `n **ewige priesterskapsverbond** en Vader noem dit `n **Vredesverbond**, oftewel `n **Salem-verbond van Geregtigheid**, omdat hy wat Pínehas is, geregtigheid laat geskied het in Israel, nadat JaHWeH instruksies gegee het, en die een rakker homself daaraan afgevee het. Die enigste Vredesverbond is die een wat deur Pinehas tot stand gekom het, waarna ons Verlosser ook verwys as "**My Vrede**" gee ek julle.

Dus is JaHWèshua se Vrede die Vrede van Apartheid en niks anders nie. Dit is dus duidelik hieruit dat die wêreld se vrede die teenoorgestelde moet wees, naamlik die vrede van verbastering (fisies) en die vrede van godsdienstige vermenging oftewel sinkretisme (geestelike). *(***sinkretis´me. 1.** *Vermenging tot 'n soort eenheidsvorm van verskillende godsdienstige en geloofsmotiewe, godsdiensvermenging.)*

As ons die sewe geeste van ons Vader bestudeer in die **Groot Johannes Evangelie Boek 7 Hoofstuk 18** sien ons die volgende:

### *Die sewe oergeeste van God. Die verlossing*

***18*** *......*

*[2] Die oergeskapene groot geeste is immers die gedagtes in God en die daaruit voortkomende idees.*

*[3] Die mistieke getal sewe verwys na die volkome oorspronklik goddelike en is aan God gelyk in elke van Sy uitgaande gedagtes en in elke idee wat deur Hom gevorm is en as te ware uit Hom na buite geplaas is.*

*[4] Die eerste in God is die __**Liefde**__. Sy is in alle geskape dinge te vinde, want sonder liefde kan niks bestaan nie.*

*[5] Die tweede is die __**Wysheid**__, die uit die liefde voortkomende lig. Ook Haar kan jy in elke wese aan sy vorm waarneem, want hoe ontvankliker `n wese is vir lig, des te meer ontwikkel, verfynd en mooier sal sy vorm ook wees.*

*[6] Die derde, wat uit die Liefde en die Wysheid voorkom, is die werksame __**Wil**__ van God. Daardeur word die gedagte wesens eers werklikheid, sodat hulle dan werklik bestaan en aanwesig is, anders sou alle gedagtes en idees van God dieselfde wees as jou niksseggende gedagtes en idees, wat nooit realiteit word* ***nie.***

***[7] Die vierde wat weer uit hierdie drie ontstaan, is en __heet die Orde__. Sonder hierdie Orde sou `n wese nooit `n blywende en vaste vorm en dus ook nooit `n bepaalde doel gehad het nie. Want as jy `n os voor die ploeg span en sy vorm en gedaante sou verander, byvoorbeeld in `n vis of in `n voël, sou jy dan wel ooit `n doel daarmee kan bereik? Of as jy `n vrug sou wil eet, wat voor jou mond in `n klip sou verander, wat sou jy dan aan die vrug hê? Of as jy êrens oor `n vaste weg sou heengaan en die weg sou onder jou voete in water verander, sou die stewigste weg jou dan help? Kyk, dit alles en ontelbaar veel meer word verhoed deur die goddelike orde as vierde gees van God! ...***

Eerstens die Gees van **Liefde**, dan die Gees van **Wysheid** en dan die Gees van **Orde**. Daar kan geen ware Liefde en Wysheid in `n mens se handelinge voortspruit wat nie binne die neergelegde __**Orde**__ plaasvind nie. Die skeppingsorde van **Genesis 1** MOET ten alle tye gehandhaaf word, naamlik dat elke ding geskape is volgens sy soort, of beter gestel, met die vermoë om binne sy eie orde te kan voortplant. So is `n muil, die produk van `n perd en `n donkie steriel, want dit is `n verwekking buite die **Orde van JaHWeH**. Maar

ongelukkig vir ons, kan die verskillende geskape rasse op aarde wel met mekaar vermeng, ten spyte daarvan dat ons Hemelse Vader dit ten strengste verbied het in die Skrif op vele plekke.

Dus kan ons aflei uit die bogenoemde inhoud en beloftes van die Vredesverbond, dat SLEGS persone wat sterk sal staan op die **ORDE** van Vader, gekies sal word as priesters in hierdie komende Melgisédek-orde. Daar sal nie plek wees vir verbasteraars nie, nog minder vir basters. Voordat sekere "goeie Christene" nou hierin verstik, wag net `n oomblik. Hiermee sê ek nie dat die saligheid van die hiernamaals gesluit is vir almal wat nie so sterk staan vir Apartheid nie, **hierdie eienskap geld slegs vir die Melgisédek-priesterorde.** Hierdie is `n orde van konings en priesters en hulle sal saam met JaHWèshua in liefde regeer oor sy hele aardse skepping en daarna oor Sy hele hemelse skepping, naamlik die ganse heelal. Dit sal vanuit die nuwe stad Jerusalem plaasvind. Maar dit is mos logies dat as daar konings en priesters gaan wees, moet daar ook onderdane wees. So sal hierdie Orde dus oor Israeliete en heidene regeer, soos wat **Sagaria 14** dit duidelik stel, dat die Egiptenaar wat nie die huttefees wil hou nie, nie reën sal kry nie. `n Pragtige bevestiging van die beloftes van hulle in die Melgisédek-orde vind ons in **Jesaja 54:1**

> *1 JUBEL, **<u>Onvrugbare, wat nie gebaar het nie</u>**! Breek uit in gejubel en juig, Jy wat geen Weë gehad het nie! Want die kinders van die Verwoeste is meer as die kinders van die Getroude, sê JaHWeH. [Psalm 102:17; JirmeJaH 4:31]*

Vir diegene wat hulle Skrif ken, verwys hierdie onvrugbare na Sion, en wel in ons tyd na die Dogter van Sion, wat nog nie gebaar het nie, wat beteken, "***wat nog nie wedergebore is nie***", want wedergeboorte word altyd voorgestel deur die geboorte van `n seuntjie. Vergelyk **Jesaja 66** en **Openbaring 12**.

***Jesaja 54:9:*** ***<u>Soos in die dae van Noag</u>*** *is dit vir My:*

*soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die Aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op Jou toornig sal wees of Jou sal dreig nie.*

Soos wat die hele aarde verbaster het en in afgodery verval het in Noag se tyd, so is dit ook nou in ons tyd.

*10 Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar My Medelye sal van Jou nie wyk en **<u>My Vredesverbond, nie wankel nie, sê JaHWeH</u>**, jou Ontfermer. [Númeri 25:12]*

Hierdie Vredesverbond, met Pínehas en sy nageslag is ewig en sal nie wankel nie, nie eers as die Messias kom nie, inteendeel, JaHwèshua het dit bevestig, soos hierbo getoon in **Johannes 14:27**.

***Jesaja 54:11**: Jy, Ellendige, deur storm gejaagde, Ongetrooste! Kyk, Ek lê Jou stene in sierklei, en Ek grondves Jou in saffiere;*

*12 en Jou borswerings maak Ek van robyne en Jou Poorte van karbonkels en Jou hele ringmuur van edelgesteentes.*

Hierdie priesters word stene in die muur van die Nuwe Jerusalem. Ons sal later sien dat selfs hulle getal genoem word in **Openbaring 7**.

*13 En al Jou kinders sal studente van JaHWeH wees, en **<u>die Vrede van Jou kinders sal groot wees</u>**.*

Weereens `n verwysing na die grootsheid van hierdie ewige Vredesverbond wat sal voortbestaan in Pínehas se nageslagte.

*14 **<u>Deur Geregtigheid sal Jy bevestig word</u>**; wees ver van verdrukking, want Jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want sy sal nie by Jou kom nie.*

Die Melgisédek Priesterskap is `n Priesterskap van Geregtigheid, want Melgisédek beteken Melek=koning en tsedek=geregtigheid, dus Konings van Geregtigheid.

*15 As hulle ook die aanval begin - dit is nie uit My nie; wie Jou aanval, sal oor Jou val.*

> *16 Kyk, Ék het die Smid geskape wat die koolvuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag; ook het Ek die Verderwer geskape om te verniel. [Boekrol van Henog 23]*
>
> *17 Elke wapen wat teen Jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen Jou opstaan in die Reg, sal Jy weerlê.* ***Jy is die Erfdeel van die knegte van JaHWeH en hulle Geregtigheid wat uit My is, spreek JaHWeH.***

Die priesters van hierdie orde ontvang die erfdeel van JaHWeH, omdat hulle die Geregtigheid vanuit JaHWeH in hulle binneste dra.

Die volgende bevestiging van ons Meester, JaHWèshua as hoof van hierdie Melgisédek Vredesorde vind ons in die profesie in **Jesaja 9:2, 6, en 7:**

> *2 Die volk wat in die Duisternis wandel,* ***het die groot Lig gesien;*** *die wat woon in die Aarde van Doodskaduwee, oor hulle* ***het die Lig geskyn****. [2 Nikodémus 2:1]*
>
> *6 Want* ***'n Kind*** *is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, Ewige Vader,* ***Vredevors*** *- [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]*
>
> *7 tot vermeerdering van die Heerskappy en tot* ***Vrede sonder einde,*** *op die Troon van Dawid en oor Sy koninkryk, om haar te bevestig en haar te versterk deur* ***Reg en deur Geregtigheid****, van nou af tot in ewigheid. Die Ywer van JaHWeH van die skeppings-leërmagte sal dit doen.*

Hier word die komende kind se geboorte voorspel en dat Hy `n Vors van Salem/Vrede sal wees en tsedek/Geregtigheid sal beoefen op die melek/troon, dus `n voorspelling van die komende Melgisédek vredesryk wat opgerig sal word, eers aan die einde, wanneer die laaste kindjie van **Openbaring 12**, die volksgedeelte van hierdie orde gebore sal word. Hierdie koningskinders, verenig met en in ons Verlosser, sal dan die volledige Melgisédek-orde vorm.

## **DIE SOUTVERBOND VAN NUMERI 18**

**7** Saam met die vredesverbond kry ons nog `n ewige verbond wat met die Levitiese priesters aangegaan is, naamlik die soutverbond. Ons lees die eerste keer in die Skrif hiervan in **Numeri 18:1, 19 en 20 en Levitikus 2:13.**

> *1 EN JaHWeH het vir Aäron gesê: Jy en jou seuns en die huis van jou vader saam met jou **moet die skuld met betrekking tot die Apartheids-plek dra**; en jy en jou seuns saam met jou moet die skuld met betrekking tot julle priesteramp dra.*
>
> *19 Al die skenkings van die Aparthede wat die kinders van JisraEl aan JaHWeH afgee, gee Ek aan jou en jou seuns en jou dogters saam met jou as 'n ewige Insetting. **Dit is 'n ewige Soutverbond** voor die Aangesig van JaHWeH, vir jou en jou saad saam met jou. [MattithJaHûW 5:13; 2 Kronieke 13:5; Markus 9:50]*
>
> *20 Ook het JaHWeH vir Aäron gesê: Jy sal in hulle Aarde nie erwe nie, en jy sal geen deel onder hulle hê nie**. Ek is jou deel en jou Erfenis** onder die kinders van JisraEl.*
>
> ***Levitikus 2:13** En jy moet al jou aanbiedings en spysbydrae met sout berei, **en jy mag die sout van die Verbond van jou Elohey by jou spysbydrae en aanbiedings nie laat ontbreek nie;** by almal moet jy jou sout naderbring. [MattithJaHûW 5:13]*

Omdat die Levitiese orde `n skadu van die toekomstige Melgisédek-orde was wat sou kom, kan ons hieruit aflei dat hierdie verbond se inhoud ook betrekking sal hê op die Melgisédek-orde. Hier staan die Levi priesters in vir die skuld en ongeregtighede van die volk. Hulle moes sekere slag- en bloedsprinkel gebruike waargeneem het. Alles wat met bloed en offers te doen het in die Levitiese orde, was `n heenwysing na die bloed van ons Messias wat gestort sou word. Hoekom moes Sy bloed gestort word en waarom moes sy vlees so ontsettend ly (geslag word)?

Omdat ons mense se siele onrein geword het deur die sonde, en deur Sy bloed kon dit weer gereinig word. Ook sien ons dat hulle erfdeel JaHWeH Self is. In ons bedeling vandag beteken dit dat die vleesgeworde Vader, JaHWèshua, nou ons erfdeel is, of anders gestel, Hy is die hoof van die nuwe Melgisédek-orde en ons kan priesters en konings word saam met en in Hom. Dit is ons erfdeel eendag, indien ons Hom so sou liefhê. In **2Kronieke 13:5** koppel die Vader ook die koningskap aan die Soutverbond en word dit ewig aan Dawid en sy seuns gegee, alhoewel hulle uit die stam van Juda was, die stam waaruit die Messias gebore sou word.

> *5 Behoort julle nie te weet dat JaHWeH, die Elohey van JisraEl, **die koningskap oor JisraEl aan Dawid vir ewig gegee het, aan hom en sy seuns as 'n Soutverbond nie?** [Númeri 18:19; MattithJaHûW 5:13; Markus 9:50]*

So sou die soutverbond dus die **ewige Priesterskap** en die **ewige Koningskap** verenig in ons Meester JaHWèshua.

In die nuwe Testament lees ons die volgende oor die soutverbond.

> ***Matthéüs 5:13 JULLE is die sout van die Aarde**, maar as die sout laf geword het, waarmee sal sy gesout word? Sy deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. [Levítikus 2:11-13; Númeri 18:19; 2 Konings 2:20; 2 Kronieke 13:5; Markus 9:50]*
>
> ***Markus 9:49** Want **elkeen sal met Vuur gesout word** en elke Slagdier sal met sout gesout word.*
>
> *50 Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle Hom smaaklik maak? **Julle moet sout in julle hê en Vrede hou met mekaar.** [Númeri 18:19; 25:12; 2 Kronieke 13:5]*

Tydens die bergpredikasie kom JaHWèshua en Hy gee al die vereistes wat nodig is om `n priester in Sy Melgisédek-orde te wees, naamlik, armes (bedelaars) in die gees, treurend, sagmoedigheid, honger en dors na geregtigheid, barmhartigheid, suiwer van hart, vredemakers, vervolging

en belediging **(Matthéüs 5:1-12).** As elkeen van ons al hierdie eienskappe in homself kan hê, word ons eers geskik om die titel, "***Julle is die sout van die Aarde***" te kry. Dis nie vir enigiemand anders nie, NET vir hulle wat so is.

In **Markus 9:49-50** sê Hy dat ons met Vuur gesout sal word, waar die Vuur die Gees van Liefde is wat oor ons sal kom en dat die Slagdier (JaHWèshua Self) met sout gesout sal word. Om die evangelie, naamlik die vlees van JaHWèshua te eet, moet dit gesout word. Sout het twee eienskappe, dit maak smaaklik en dit preserveer. Dit is ons grootste doel op aarde, naamlik om die evangelie, die vlees van JaHWè-shua, te verkondig in sy oorspronklikste suiwer vorm, maar ons moet die smaaklik aanbied vir ons medemens. Ook moet ons die Vrede met mekaar hou (die Vredeverbond van Apartheid), met sout in onsself, wat beteken dat ons die naasteliefde moet beoefen, met die Vuur van die liefde (die sout) brandend in onsself. Die skuld wat die Levitiese priesters sou dra met betrekking tot die Apartgestelde gawes dui op die Melgisédek-orde wat sal instaan om die valsgeworde evangelie deur vertalers en verdraaiers, te kom regstel aan die einde van die tyd, net soos wat die eerste apostels die Nuwe Evangelie moes uitdra by die aanvang van hierdie nuwe Melgisédek tydperk.

## DIE OORGANG VAN DIE LEVITIESE NA DIE MELGISÉDEK-ORDE

8 Ons Meester het met die begin van Sy prediking `n nuwe orde tot stand gebring, wat eintlik nie `n nuwe orde was nie, maar `n ou orde wat aan Adam en die ander stamvaders bekend was. As u ***Huishouding van Elohim Boek 1-3*** deur ***Jakob Lorber*** lees, sal u sien dat die Vader etlike kere die volk besoek het, gehul in die vorm van `n engel, en die mense onderrig in die leer van die liefde. Selfs in Adam se tyd het die liefde verkil, en Adam was erg tereggewys oor die hardheid waarmee hy oor sy seuns regeer het. Hy het dit weliswaar in geregtigheid probeer doen, maar Vader het hom ernstig vermaan daaroor. Na die vloed was Vader JaHWeH op aarde aanwesig, in die liggaam van Melgisédek. Die aartsvaders kon Hom ter enige tyd besoek het vir instruksies en leiding. Lateraan het niemand meer na Salem opgetrek nie, ook nie meer hulle tiendes vir hom gegee nie, en Hy sê Self dat Hy toe die kasteel in Salem verlaat het. JaHwèshua onderrig Sy volgelinge as volg oor hierdie tydperk in die **Groot Johannes Evangelie Boek 10 Hoofstuk 60**

> *[3]* ***Ek*** *sê: "Wat die tyd van die koning van Salem aanbetref: Hy was daar al ewig vóór enige skepsel en derhalwe ook vroeër as Noag. Wat egter die aardse tyd betref, waarin Hyself* ***<u>in die gestalte en persoonlikheid van `n engel uit die hemele</u>*** *die mense oor Homself en oor hulle bestemming onderrig het: Hy was daar al van tyd tot tyd tydens die lewe van Noag en het met hulle gespreek, maar `n werklike koning- en priesterskap was eers ingestel `n paar honderd jaar nadat Noag die ark verlaat het, en die tyd het Noag en sy drie seuns nog self meegemaak. In die tyd was die aarde alweer digbevolk, en die baie stamvaders van klein volke voer die titel koning, en bring elke jaar hulle offers na Salem en was deur die*

*Koning onderrig.*

*[4] Toe die volke hulle egter meer oor die wye aarde versprei het, vergeet hulle die Koning der konings en begin hulle van Hom af te skei; ook hulle wat naby Hom gewoon het, het nie meer na Salem getrek nie.* ***Toe verlaat die Koning ook die kasteel en besoek hom nog maar selde****. Enkele patriarge het aan Hom trou gebly, soos byvoorbeeld Abraham, Isak en Jakob, en later alle groot en klein profete en nou in vlees en bloed ook julle.*

Eers deur Moses, na sowat 420 jaar se ballingskap in Egipte, het JaHWeH weer Sy volk genader deur die Levitiese orde wat opgerig is onder leiding van Moses en Aäron. Hierdie orde was eintlik `n "straforde", waar die vrye wil van die mens grootliks ingeperk was. As jy die wet oortree het, is jy gestraf. Baie mense het dus die wet onder dwang en vrees gehou en nie omdat hulle vir JaHWeH lief was nie. Hierdie orde kon dus nie vir ewig bestaan nie, want dwang kan jou nooit by die koninkryk uitbring nie. Dit word beter omskryf in **Groot Johannes Evangelie Boek 1 Hoofstuk 4**

*[6] Maar omdat hy (die mens) geweier het om homself te onderwerp aan hierdie toegeeflike "jy sal", was hy `n* ***meer streng en magtige strafgerigte wet*** *gegee, en die strafbepaling is onmiddellik in werking gestel wanneer hierdie tweede "sal" verontagsaam is (sien die vloed en ander kataklismes).*

*[7] Na hierdie tugtiging* ***het die Wese van God neergedaal na die aarde in Melgisèdek en het die mens gelei,*** *maar hulle het gou weereens begin om te veg en moes gebind word deur nuwe Wette en moes tot orde geroep word, sodat hulle gelaat is met slegs `n tipe van meganiese beweging wat al hulle geneigdheid beperk het.*

*[8]* ***Deur die wet is daar dus `n wye afgrond geskep*** *en geen gees of wese was in die vermoë om daaroor te spring nie. Dit het die verwagting en die innerlike*

*bewuswording van die ewige bestaan van die innerlike veroorsaak, dus aansienlik beperk, en die lewe ernstig bevraagteken.*

Die vraag is nou: Hoekom het Vader dan nou so `n, op die oog af, "nuttelose" orde ingestel met allerhande slagterye en offers? Die antwoord lê in die toestand van die volk op daardie tydstip. Hulle was so deurtrek met afgodery en gemengde bloed (**Exodus 12:38**) dat geen liefdes-orde hulle sou kon verander nie. Hulle moes vir 40 jaar hard swaarkry, totdat die bose geslag wat uitgetrek het uit Egipte, uitgesterf het, en `n nuwe geslag, wat streng binne die wet opgevoed is, kon nou deurtrek na die nuwe Kanaän toe. Net twee man het uit Egipte deurgetrek na Kanaän, naamlik Joshua en Kaleb, die enigste twee wat JaHWeH werklik liefgehad het en nie terugverlang het na die vleispotte (afgodery) van Egipte nie.

So het hierdie orde dus bly voortbestaan tot by Samuel as laaste Rigter, en daarna is die volk deur konings regeer, omdat die volk soos die nasies rondom hulle wou wees. So het hulle ook `n eerste leier gekry, in die vorm van koning Saul, wat hul innerlike weerspieël het, naamlik hoogmoedig en arrogant. Die geskiedenis van Israel is deurtrek van goddelose konings, wat vanuit die prag-en-praal tempel van Salomo regeer het. Later is alles vernietig, maar na die Babiloniese ballingskap is die tempel weer herbou, waarin die Herodes-dinastie in samewerking met die Annas/Kajafas priesterorde regeer het ten tye van ons Messias se geboorte, tot by sy kruisiging. Hierdie nes van moordenaars was aartsbooswigte wat enigiets sou doen, net om aan bewind te bly. Moord van jong seuntjies is gepleeg, net om die geprofeteerde Koning/Messias wat sou kom, uit te roei. Ook is die laaste ware tempel-hoëpriester, Sagaria vermoor in die tempel deur Annas, die skoonvader van Kajafas.

Uit hierdie kort beknopte beskrywing van die konings- en priesterorde van Juda, kan u duidelik sien dat daar werklik géén kans vir die volk was om `n geestelike vlak te bereik,

wat hulle in staat sou stel om gered te word nie. Lering was karig, die Talmoed en die Kaballa, geskrifte vanuit die put van die hel, was saam met die wet en die profete gelees in die tempel. U kan gerus die hele **Matthéüs 13** lees oor JaHwèshua se aanklagte teen hierdie priesterorde van satan. Ook die boek, ***Die drie dae in die Tempel*** deur ***Jakob Lorber*** openbaar die valsheid van hierdie fariseërs.

In die boek Hebreërs van Paulus vind ons genoegsame inligting rakende die oorgang van die ou Levitiese- na die nuwe Melgisédek orde. Hierdie kennis behoort elke skrifstudent sy eie te maak. Die belangrikste was dat ons Verlosser, JaHWéshua, in die hemelse sfere self deurgegaan het en vir ons plek berei het in die hemel. Hierdie orde, wat Hy met Sy opstanding uit die dood opgerig het, sou `n ewige regeringsorde wees, `n orde van priesters wat eerstelinge genoem sou word.

> **Hebreërs 7:15** *En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,*
>
> *16 een wat dit geword het nie kragtens die Wet van 'n vleeslike Gebod nie, maar **uit die Krag van die onvernietigbare lewe**.*
>
> *17 Want HY getuig: U is **Priester vir ewig** volgens die Orde van Melgisédek.*
>
> *21 maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: JaHWeH het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is Priester vir ewig volgens die Orde van Melgisédek. [Psalm 110:4]*
>
> *22 in sover het **JaHWèshua van 'n beter Verbond Borg geword**. [Psalm 119:122]*
>
> *23 En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die Dood verhinder is om aan te bly;*
>
> *24 maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n Priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.*
>
> *25 **Daarom kan Hy ook volkome red** die wat deur Hom tot Elohim gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle*

*in te tree.*

*26 Want so 'n Hoëpriester was vir Ons gepas, een wat gewy, onskuldig, raseg, apart gestel van die oortreders is, en wat hoër as die Hemele geword het;*

**Hebreërs 8:6** *Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van* ***'n beter Verbond*** *wat op beter beloftes* ***Wetlik gegrond*** *is.*

*7 Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.*

*8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek JaHWeH, dat Ek met die* ***huis van JisraEl*** *en die* ***huis van JeHûWdah*** ***'n Nuwe Verbond*** *sal sluit, [JirmeJaH 31:31]*

*10 Maar Sy is die Verbond wat Ek ná dié dae met die huis van JisraEl sal sluit, spreek JaHWeH:* ***Ek gee My Wet in hulle binneste en skrywe Haar op hulle hart****; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. [JeshaJaH 8:16; JirmeJaH 31:33]*

*11 En hulle sal* ***nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie*** *en sê: Ken JaHWeH; want* ***hulle sal My almal ken****, klein en groot onder hulle, spreek JaHWeH, [JirmeJaH 31:34]*

*12 want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek JaHWeH; want* ***Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle oortredinge nie meer dink nie****. [JirmeJaH 31:34]*

**Hebreërs 9:15** *En daarom is Hy* ***Middelaar van 'n Nuwe Verbond****, sodat, terwyl daar 'n bloeiing plaasgevind het vir die Verlossing van die oortredinge onder die eerste Verbond,* ***die wat geroepe is****, die Belofte van die Ewige Erfenis kan ontvang.*

Hy, JaHWèshua, ons Melgisédek ewebeeld, het vanuit die krag van die onvernietigbare Liefde, `n ewige priesterskap vir Homself, maar ook vir ons verkry, genoem die Melgisédek-priesterorde, daardeur borg geword van `n

beter Verbond, waardeur diegene onder die verbond, volkome deur Hom gered kan word, maar hierdie Verbond, wat beter as die ou Verbond is, is nog wetlik gegrond, bedoelende dat die oorspronklike partye nog dieselfde is, naamlik die huis van JisraEl (verlore 10 stamme) en die huis van Judah (die tweestammeryk) en daarom sal slegs die wat geroep is uit hierdie 12 stamme van Israel kan aanspraak maak op JaHWèshua as middelaar van hierdie nuwe Verbond, waardeur Hy Sy wette, die gebooie van die liefde, op ons harte sal skryf, en al ons oortredinge sal vergewe, sodat ons deur Sy Gees direk in ons innerlike (harte) geleer sal word, wat niks anders is as die belofte van die volkome wedergeboorte nie. Dit is ook niks anders as die belofte van die Melgisèdek-orde nie. Let asseblief daarop dat die boek Hebreërs slegs vir die totstandkoming van die Melgisédek orde geskryf is en net vir die kontrakterende partye alleen, naamlik JaHWèshua as Middelaar en testateur, en ons as Israel as die erfgename.

As ons die volgende slotgedeeltes van die boek **Hebreërs 12** lees, sien ons die vestiging van die nuwe Melgisédek-orde (by die berg Sion) in plek van die ou Levitiese orde (by die berg Sinai) duidelik. Dit seleksie van kinders om in hierdie orde te dien gaan egter gepaard met strenge keuring en tugtiging, om die voornemende kandidaat te suiwer in sy hart van alle aardse gemors.

**Hebreërs 12:6-28**

*6 want JaHWeH tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty **elke seun wat Hy aanneem**. [Spreuke 3:11, 12]*

*7 As julle die Tugtiging verdra, behandel Elohim julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?*

*11 Nou lyk elke Tugtiging of Sy op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer Sy egter 'n **vredevolle Vrug van Geregtigheid** vir die wat deur Haar geoefen is. [Spreuke 4:13]*

*14 **Jaag die Vrede na** met al die adamiete en **beoefen***

> ***Apartheid**, waarsonder niemand die Meester sal sien nie;*

Hierbo sien ons dat die seuns van die Melgisédek-orde eers getugtig sal word, dit wil sê, deur `n louteringsvuur of smeltkroes sal gaan, maar uiteindelik word hulle die Vrugte (konings) van tsedek (Geregtigheid), waar hulle Salem (Vrede) beoefen sowel as Apartheid. Dit is alle vooraf-gaande eienskappe van die beloftes wat vervat is in die twee verbonde, naamlik die Vredeverbond en die Sout-verbond. Let daarop dat die woord "seuns" eintlik ben-elohim in Hebreeus is en dit verwys na geestelik voltooide wesens, wat mans en vrouens insluit.

> *18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm*

Hierdie vers het betrekking op die ou Levitiese Verbond, waar die brandende vuur, donkerheid, duisternis en storm die ou wetsverbond met sy straf en duisternis voorstel. Daarteenoor staan die Nuwe Verbond in die Melgisédek kandidate se harte, wat as volg lyk:

> *22 Maar julle het gekom by die **Berg van Sion** en die Stad van die lewende Elohim, **die Hemelse Jerusalem** en **tienduisende Boodskappers**, [Openbaring 14:1-3]*
>
> *23 by die feestelike vergadering en **die gemeente van eersgeborenes** wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en by **die geeste van die regverdiges** wat vervolmaak is, [Ode van Salomo 33:11]*
>
> *24 en by **JaHWèshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond**, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.*

Hierdie Berg van Sion is simbolies vir die hoogste geestelike vlak wat iemand op aarde kan bereik, terwyl hy of sy in die vlees is. Kontak tussen die aardse mens en die tienduisende boodskappers, asook die geeste van die vervolmaakte regverdiges van die hemelse sfere word bewerkstellig. Dit stel ook die volkome wedergeboorte van die mens voor, terwyl hy nog in die vlees is. Die hemelse

stad, die Nuwe Jerusalem, **stel die nuwe leer voor** wat na ons sal neerdaal uit die hemel. Dit is ook die boeke wat geopen word van **Openbaring 5**, wat deur JaHWèshua Self oopgemaak word, wat die kinders in staat stel om die nuwe lied te sing (meer hieroor later). Hierdie vergadering word genoem die vergadering van eersgeborenes, wie se name in die hemel opgeskrywe is. Dit is dieselfde vergadering op die berg Sion van **Openbaring 14** (meer hieroor later).

> *25 **Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie**; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op Aarde 'n waarskuwing gegee het, veel minder Ons wat Ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die Hemele spreek.*

`n Duidelike waarskuwing om te let op die leer van JaHWèshua ALLEEN!!! Net Sy Woord sal ons kan inlei in die nuwe orde in die hart, die Melgisédek-orde.

> *26 Toe het Sy Stem die Aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die Aarde nie, maar ook die Hemele bewe.*
>
> *27 En hierdie Woord: nog een maal, wys duidelik op **die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly.***
>
> *28 Daarom, **omdat Ons 'n onwankelbare Koninkryk ontvang**, laat Ons dankbaar wees, en so Elohim welbehaaglik dien met eerbied en vrees.*

Die wankelbare Levitiese orde is nou vir ewig verby, vervang deur `n onwankelbare Melgisédek-orde, met JaHWèshua as hoof, en die volk as seuns (ben-elohim) as uitverkore eerstelinge, ook genoem, eersgeborenes, wat daarop dui dat hulle die eerstes is wat wedergebore is. Ek herhaal dat hierdie seuns sal dogters, oftewel vrouens ook insluit. Hierdie benaming, ben-elohim of seun, het te doen met die uiteindelike vereniging van man en vrou in een entiteit, die ben-elohim, soortgelyk aan die oorspronklike adam, wat geskape was na die beeld van Elohim, “man en vrou het Hy hulle geskape” (**Genesis 1:27**).

## Verdere bevestiging oor die oprigting van hierdie Melgisédek-orde

**9** Die duidelikste gedeeltes oor die oprigting van hierdie geestelike orde vind ons in die boek Openbaring.

### Die Melgisédek-orde in Openbaring 3, en 7 en 14

Die eerste is **Openbaring 3:7-12** oor die Filadelfia-gemeente. Filadelfia beteken “broederliefde” en omdat dit die belangrikste opdrag in die leer van JaHWèshua, ons Melgisédek-priester is, sal hierdie gemeente dus die uiteindelike beloftes van **Hebreërs 12:22-24** vir hierdie onwankelbare orde hierbo ontvang.

> *7 En skryf aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Aparte Een, die Ware Een, wat die **sleutel van Dawid** het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:* [JeshaJaH 22:22]
>
> *8 Ek ken jou **werke**. Kyk, Ek het voor **jou ‘n geopende deur gegee**, en niemand kan haar sluit nie, want jy het min krag en jy het **My Woorde onderhou** en **nie teen My Naam getuig nie**.* [JeHóWganan 10:7]

Hulle kry dus die sleutel tot die koninkryk in hulle harte, wat die liefde is, wat die deur van hulle eie harte oopsluit, om een te word met JaHWèshua, die Hoëpriester van die Melgisédek-orde. Hulle kry dit oor hulle werke, wat bestaan het daaruit dat hulle Sy leer (Woorde) onderhou het en nie teen Sy Naam (Liefde) getuig het nie. Weereens die twee dinge wat vir ons geoffer is, naamlik die brood/woord wat Sy liggaam is en die wyn/Liefde wat Sy bloed is, wat gedurig herdenk (geëet en gedrink) moet word in die harte en nie net op `n nagmaal-Sondag nie. Verwys ook na die oer

samekomste van Melgisédek en Abraham, wat brood en wyn saam genuttig het in Salem.

> *9 Kyk, Ek **gee jou uit die vergadering van die Satan**, van die wat sê dat hulle manne van JeHûWdah is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. [2 Konings 2:15; Boekrol van die Opregte 51:18; Psalm 129:5]*

Hy haal ons met Sy leer uit die bose wêreldkerke se leer uit, en hulle sal ook nederig word (neerbuig) en voor die Melgisédek-orde se voete kom bely dat hulle verkeerd was. Dit sal egter met baie tugtiging deur oordele gepaardgaan, soos wat hy hierbo in **Hebreërs 12:26** sê: "***Nog een maal laat ek die aarde en die hemele bewe".***

> *10 Omdat jy die Woord van My lydsaamheid bewaar het, **sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing** wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die Aarde op die proef te stel.*

Die orde van Melgisédek word egter in hierdie tyd beskerm, hierdie uur van beproewing, omdat hulle aan die Leer (woord) van JaHWèshua vasgehou het, Hom gevolg het soos `n lam, orals waarheen Hy gaan.

> *11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand **jou Kroon** kan neem nie. [JeshaJaH 22:23]*
>
> *12 Wie oorwin, Ek sal hom **'n pilaar in die Tempel** van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My Elohey skrywe en die naam van die Stad van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, en My nuwe Naam. [JeshaJaH 61:3]*

Hierdie kroon is die Waarheid (**Odes 9:8**) wat gegee word deur JaHWèshua, wat Self die weg, die lewe en die Waarheid is, waarmee die Melgisédek konings gekroon sal word op die berg Sion soos vertel in **Openbaring 7 en 14**.

Ook slaan Hy hierdie orde op `n vaste plek in, anders gestel, hierdie orde sal op `n gegewe vaste punt opgerig word op aarde. **Jesaja 22:20-23**

*20 En in dié dag sal Ek My kneg El-Jakim (**<u>deur El opgewek</u>**), die seun van GielkiJaHûW, roep;*

*21 en Ek sal hom **<u>jou gewaad aantrek en hom gord met jou gordel, en jou mag sal Ek in sy hand lê</u>**, en hy sal vir die inwoners van Jerusalem en vir die huis van JeHûWdah **<u>soos 'n vader</u>** wees.*

*22 En Ek sal die **<u>sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê</u>**; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie. [Openbaring 3:7]*

*23 En Ek sal hom **<u>inslaan soos 'n pen in 'n vaste plek</u>**, en hy sal **<u>'n eretroon wees vir die huis van sy Vader</u>**. [Openbaring 3:11]*

Die knegte wat deur El opgewek gaan word, El-Jakim, gaan `n nuwe geestelike gewaad aantrek, en met mag in hulle hand gaan hulle `n vaderlike posisie inneem, wat as `n eretroon beskryf word, ook met die sleutels van Liefde (Dawid) in hulle hart, maar hierdie Orde sal op `n vaste plek ingeslaan word.

In **Openbaring 7** word 12 000 verseëldes uit die 12 STAMME VAN ISRAEL uitgekies, `n totaal van 144 000, streng volgens die voorwaardes soos hierbo beskryf in **Hebreërs 8**, waarna die oordele op die aarde losgelaat word. Hierdie verseëldes se seël word duideliker omskryf in **Openbaring 14:1**:

*1 EN ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die Berg van Sion, en saam met Hom **<u>honderd-vier-en-veertigduisend</u>** met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. [Odes van Salomo 23:21; 42:20; JeshaJaH 11:12; 2 Ezra 2:38]*

Hulle is dus Een met die Vader en Seun, oftewel volkome wedergebore in die gees, terwyl hulle nog in die vlees is. Onthou, die berg Sion staan vir die hoogste geestelike vlak wat op aarde deur vleeslike mense bereik kan word, en dit is weer slegs die Melgisédek-orde wat hiervoor kwalifiseer. Hulle sing `n nuwe lied wat net hulle ken, hulle is volkome skoongewas, as geestelike maagde.

## Die Melgisédek-orde uit 2 Esra

Hierdie versameling en verseëling word pragtig beskryf in die boek **2 Esra 2:34-47**.

> *34 En daarom sê ek aan julle, o julle nasies, wat hoor en verstaan, soek na julle Herder, Hy sal aan julle ewige rus gee; want Hy is naby* ***wat aan die einde van die wêreld sal kom****.*

Dit verwys dus na die eindtyd, dus nou, 2007.

> *35 Wees gereed* ***vir die beloning*** *van die Koninkryk, want die ewige Lig sal vir altyd op julle skyn. [JeHôWganan 1:9]*
>
> *36 Vlug uit die skaduwee van hierdie wêreld,* ***ontvang die Vreugde van jou Glansrykheid****: ek betuig openlik my Verlosser.*
>
> *37* ***Ontvang die gawe*** *wat aan julle gegee word en verheug julle, gee dank aan Hom wat julle na die hemelse Koninkryk geroep het.*

Die beloning is om nou deel te word van die Melgisédek-orde, ons Vreugde, waar ons vir ewig deel kan word van en in JaHWèshua, ons Koning en Hoëpriester.

> *38 Staan op, en* ***kyk die getal van hulle wat verseël is*** *vir die feesmaal van JaHWeH; [Openbaring 7:4-8 en 14:1]*
>
> *39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld,* ***wat sierlike klere van JaHWeH ontvang het****.*
>
> *40* ***Neem U getal, o Sion****, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is, die wat die Wet van JaHWeH onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]*
>
> *41* ***Die getal van U kinders na wie U verlang het, is vol****: smeek dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom, sodat U volk, wat van die begin af geroep is, apartgestel mag word. [Boekrol van Henog 47:4]*

Hierdie getal moet ooreenkom met die getal in **Openbaring 14** hierbo genoem, en dit is 144 000.

> *42 EK, Ezra, het op die Berg van Sion* ***'n groot volk*** *gesien, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim*

*geloof met liedere. [Openbaring 14:3]*

*43 En in hulle midde was daar 'n Jong Man van hoë gestalte, groter as al die ander, en **op elkeen se hoof het Hy krone geplaas**, en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]*

*44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?*

*45 Hy het my geantwoord en gesê: Hierdie is hulle wat die sterflike klere uitgetrek het **en die onsterflike aangetrek het** en die Naam van JaHWeH bely het: **nou word hulle gekroon en ontvang palmtakke**. [Openbaring 6:11]*

*46 En ek het aan die Boodskapper gesê: Wie is die Jong Man wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?*

*47 Toe antwoord hy my en sê: **Hy is die Seun van die Elohim, vir wie hulle op die Aarde bely het**. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat so dapper gestaan het **vir JaHWeH se Naam**. [Openbaring 6:9]*

Hierdie volk is 144 000 groot, 12 000 uit elke Israel-stam, en hulle ontvang die wedergeboorte beloftes (word gekroon) van die Melgisédek-orde, van en in ons Verlosser, en word onsterflike wesens, apartgestel in en met hul Meester, as priesters in die Melgisédek-orde. Palmtakke simboliseer die huttefees, `n afbeelding van die 1000jarige Vrederyk, wat ook heenwys op die volkome wedergeboorte/vrede in ons wese.

## Die Melgisédek-orde uit 1 Petrus 2

Hier volg die voorwaardes om opgeneem te word in hierdie orde van JaHWèshua. **1Petrus 2:1 tot 10**

*2:1 LÊ dan af:*

*alle **besoedeling** en*

*alle **bedrog** en*

***geveinsdheid** en*

***afguns** en*

*alle **haatspraak**;*

*2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste Melk van die Woord, dat julle deur haar kan opgroei,*

*3 as julle ten minste gesmaak het dat ons Meester vol Medelye is.*

Indien bogenoemde voorwaardes nagekom gaan word, sal ons Meester ons wel lei na die Lewende Steen, Die Gees van Waarheid, oftewel die Trooster.

*4 Kom na Haar toe, **<u>die Lewende Steen</u>** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]*

Hierdie Lewende Steen of Trooster, Gees van Apartheid, is deur die hele wêreld verwerp, veragtelik gemaak en op getrap. Dit, terwyl Pinehas en sy nageslag juis die belofte van `n ewige verbond en priesterskap ontvang het, omdat hy destyds Apartheid in die Israel-laer toegepas het. Daarom sal slegs diegene wat sterk op die geestelike en fisiese Apartheid staan, wat hulle streng na die leer van ons Meester, JaHWèshua rig, gekies word vir hierdie orde van Melgisédek.

*5 en laat julle ook **<u>soos lewende stene opbou</u>**, tot 'n geestelike Huis, **<u>'n priesterdom van Apartheid</u>**, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.*

Hierdie vers verwys direk na die Melgisédek-orde wat opgerig gaan word in die harte van Sy kinders, waar elkeen `n lewende steen (soortgelyk en dieselfde as die verwerpte Lewende Steen) self word. Hierdie is nie kerkstigting nie, dit is nie volkstigting nie, dit is individuele mense, met volkome toegewyde harte aan ons Meester, wat saam sal funksioneer as `n wêreldse parlement van Geregtigheid gedurende die Duisendjarige Vrederyk, die Ryk van Salem. Hulle sal elkeen in staat wees om die Meester se stem direk in hulle harte (geestelike huise) te hoor.

> *6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, EK **<u>lê in Sion</u>** 'n Grondsteen, ['n beproefde Klip,] 'n kosbare Hoek [steen wat 'n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie.* *[JeshaJaH 28:16]*

Weereens `n bevestiging dat die orde in Sion sal wees en dat dit `n vaste plek voorstel.

> *7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord:* ***<u>Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword</u>****;* *[Psalm 118:22]* *en:* ***<u>'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling</u>*** *– [JeshaJaH 8:14]*

Apartheid, ook genoem die Orde van JaHWeH, is sekerlik die grootste rots der struikeling vir die wêreld se bevolking, asook vir die wêreld as sulks. Deur die vernietiging van die Orde van JaHWeH, is die aarde gedoem om geheel en al tot niet te gaan, saam met al haar inwoners.

> *8 vir dié wat hulle teen Hom stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.* *[JeshaJaH 8:14]*
>
> *9* ***<u>Maar julle is 'n uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n apartgestelde nasie. 'n Volk as eiendom verkry</u>****, om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig,* *[Exodus 19:6]*
>
> *10* ***<u>julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van Elohim is</u>****; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.* *[2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]*

Ons Boerevolk, wie deur jare verag en vertrap is oor die beginsels van Apartheid, fisies sowel as geestelik – dink net aan die stryd om ons opgeneem te gekry het in die sataniese Wêreldraad van kerke, - is die enigste volk op aarde wat aan hierdie beginsels as volk voldoen. Ons was vroeër in Europa geen volk nie, maar is deur Sy Hand geneem en aan die Suidpunt van Afrika geplant as `n uitverkore saadlyn, `n rassuiwer volk, om uiteindelik die kern te vorm van Sy Melgisédek-orde. Hieruit kan ons dus

redelik aflei dat die kern van die orde in Suid-Afrika gevestig sal wees, en wel onder die behoudende deel van die volk, oftewel die regsgesinde gelowiges wat aan bogenoemde voorwaardes van ons Meester, JaHWèshua se leer voldoen. Dit sal werklik `n klein druppel in die groot emmer wees. Maar kom ons lees **Prediker 10:2:**

> *2 Die **hart van die wyse is na regs**, maar die hart van ’n dwaas is na links.* *[Psalm 142:4]*

Dus sal die lewende harte wat hulle opbou tot `n Geestelike Huis ook regse/wyse harte moet wees. Kyk net waar laat die Meester Sy net uitgooi in **Johannes 21**, wat ook `n eindtyd profesie is.

> *4 En toe **dit al dag geword het**, staan JaHWèshua op die strand; maar die studente het nie geweet dat dit JaHWèshua was nie.*

Dit was dagbreek, dus na die nag, die 6000 jaar wat verby is, en vroeg in die begin van die nuwe 1000 jarige vrederyk, dit wil sê nou binnekort.

> *5 En JaHWèshua sê vir hulle: My kinders, **het julle nie iets om te eet nie**? Hulle antwoord Hom: Nee.*

As ons Meester iets wil eet, is dit geestelike kos en die oprigting van die Melgisédek-orde in die harte van Sy volk is so `n aangename ete van vis. Ons is die vis wat gevang moet word aan die eindtyd.

> *6 En Hy sê vir hulle: **Gooi die net aan die regterkant van die skuit**, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om haar te trek nie.*

Hier is dit duidelik waar die laaste visse van die Melgisédek orde sal kom, naamlik vanaf die regterkant, die behoudendes wat die korrekte goddelike Wysheid het, gefundeer op die ware liefde van ons Vader, wat binne Sy werksame Ordegees sal wees, dus Apartheid. Hulle wat nog op die ou paaie wandel. Dat hulle **een volk** sal wees, is hierbo bewys, maar dit was al so voorspel voor die vloed. Lees weer gedeelte in **Openbaring van Henog 23:37**:

*37 en uit sy familie sal 'n talryke volk voortspruit **en Melgisédek sal die hoëpriester onder 'n volk wees wat U onderdane sal wees, o JaHWeH, en U sal dien**. [Hebreërs 7:1-2,3]*

Hierdie profesie, wat ook verwys na die toekomstige laaste Melgisédek-orde, verklaar ook dat hulle **een volk** sal wees.

Noudat ons hierdie afleiding ten opsigte van die Boerevolk gemaak het, is dit dus logies om af te lei dat die Berg Sion in **Openbaring 14,** waar die Meester en Sy 144 000 verseëldes is, in Suid-Afrika sal wees, en wel op Boeregrond.

## Die Melgisédek-orde uit Jesasja 4 en Jesaja 42

Hierdie twee gedeeltes moet saamgelees en vergelyk word met die kennis wat ons nou uit voorafgaande gedeeltes opgedoen het.

***Jesaja 4:1**: EN in dié dag sal sewe vroue **een Man** aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net U Naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg. [2 Konings 4:35]*

Hierdie Man het ons nog altyd as die Verlosser, JaHWèshua alleen gesien, maar in werklikheid is dit die hele opgerigte Melgisédek-orde, met JaHWèshua as Hoof en die 144 000 lede as integrale eenheid saam met Hom verenig as Regeerder. Verskillende vroue/gemeentes sal na hierdie orde toe vlug, en die Naam van JaHWèshua oor hulle laat uitroep, dieselfde Naam wat almal in hierdie Melgisédek-orde ook aanroep.

*2 In dié dag sal die **Spruit van JaHWeH** wees tot prag en Glansrykheid, en die vrugte van die Aarde tot hoogheid en versiering vir die ontsnaptes van JisraEl. [Miga 5:5]*

*3 En **wie in Sion oorgebly het** en gespaar is in Jerusalem, **dié sal apart gesteldes genoem word**, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in*

*Jerusalem –*

*4 wanneer My Meester die* ***uitskeiding van die dogters van Sion afgewas*** *en die bloedskulde van Jerusalem uit Haar binneste weggespoel het deur die* ***Gees van Reg*** *en die Gees van Verbranding. [JeshaJaH 14:23;30:22; 42:1]*

Hierdie Spruit is weereens die hele Melgisédek-orde met al sy takke of spruite, soos wat ons Verlosser sê dat Hy die Ware Wynstok is en Sy kinders die lote. Saam vorm hulle `n Spruit. Hierdie Sionskinders wat aan die einde oorgebly het, na die smeltkroes (die afwas van die uitskeiding van die vleeslike luste), sal Apartgesteldes genoem word, die hoofeienskap van die Melgisédek-orde.

*5 Dan skep JaHWeH oor elke woonplek van die Berg van Sion en oor Sy plekke van samekoms* ***die Wolkkolom bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag****; want oor alles wat glansryk is, sal daar 'n beskutting wees.*

*6 En* ***daar sal 'n afdak wees*** *vir 'n skaduwee bedags teen die hitte en vir 'n* ***skuilplek en toevlug*** *teen die stortbui en die reën.*

Hierdie beskutting, wolkkolom, afdak is weereens die Melgisédek-orde, gelei en gerig deur Sy Gees, waardeur die woonplekke beskutting sal geniet. Die ou orde, met die sigbare wolk op die berg Sinai, word nou vervang met `n onsigbare wolk (Gees) in die harte (Berg Sion) van die volk

***Jesaja 42: 1: DAAR is My Kneg*** *wat Ek ondersteun, My Uitverkorene in wie My siel 'n welbehae het.* ***Ek het My Gees op Hom*** *gelê; Hy sal* ***die Reg*** *laat uitgaan na die nasies. [JeshaJaH 4:4]*

*2 Hy sal nie murmureer of uitroep of Sy stem op die straat laat hoor nie.*

*3 Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; Hy sal* ***deur Waarheid die Reg*** *laat uitgaan. [JeHôWganan 14:26]*

*4 Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy* ***die***

> ***Reg*** *op Aarde gegrond het nie; en die eilande wag op* ***Sy Wet****.*

Verseker het hierdie profesie vir die eerste keer in vervulling gegaan met die eerste koms van ons Messias, maar nou in ons tyd gaan hierdie profesie weer in vervulling en wel vir die hele Melgisédek-orde wat opgerig gaan word, wat die hele aarde met REG, die produk van Geregtigheid, sal regeer. Hierdie orde vorm saam die Kneg, met Vader se Gees op en in hom.

## Die Melgisédek-orde uit DaniEl 2

Die boek DaniEl vertel ons van \`n droom wat koning Nebukadnésar gehad het van \`n **eindtyd wêreldorde** wat opgerig gaan word, verteenwoordig deur \`n beeld. In **DaniEl 2:28** en verdere gedeeltes sien u dat hierdie wêreldorde deur JaHWèshua se eie orde, die Melgisédek-orde vernietig sal word.

> *28 Maar daar is 'n Elohey in die Hemele wat geheime openbaar, en HY het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat* ***aan die einde van die dae*** *sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:*
>
> *31 U, o koning, het 'n gesig gehad - kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy helderheid was buitengewoon; hy het voor u gestaan en sy voorkoms was skrikwekkend.*
>
> *32 Wat die beeld betref, sy hoof was van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van brons, [Boekrol van Henog 52:2; Hoséa 13:2]*
>
> *33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.*
>
> *34 U het gekyk totdat daar* ***sonder toedoen van [mense]hande*** *'n* ***klip losraak*** *wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en hom fyn gestamp het. [JeshaJaH 44:8]*
>
> *35 Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud fyn gestamp, en hy het soos kaf*

*geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie;* ***maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele Aarde gevul het****.*

Hierdie klip of rots is die Melgisèdek-orde (vergelyk **1 Petrus 2** se Rots der struikeling en aanstoot) wat die beeld aan die einde van sy heerskappy (voete van yster en klei-tydperk) sal tref. Hierdie tydperk stel `n ongekende verbastering voor oor die aarde, soos verwoord in **DaniEl 2:43**:

*43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het -* ***hulle saad sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak,*** *maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.*

Hierdie verskillende rasse (saad) wat vermeng raak, is niks anders as die valse wêreldvrede wat vandag heers nie. As jy nie deel van die bont reënboog is nie, is jy `n uitgeworpene op aarde. Maar helaas, hierdie valse stelsel en valse vrede word uiteindelik vernietig deur die ware stelsel van Orde/Apartheid waar ware vrede heers binne JaHWeH se vasgestelde orde en hierdie Koningskap, die Melgisédek-koningskap, sal vir ewig bestaan.

*44 Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele* ***'n Koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie****, en die heerskappy van Haar sal aan geen ander volk oorgelaat word nie;* ***Sy sal al daardie koninkryke verbrysel*** *en daar 'n einde aan maak,* ***maar self sal Sy vir ewig bestaan*** *- [DaniEl 6:26]*


## DIE LEVITIESE ORDE VAN DIE VLEES, `N AFSKYNSEL VAN DIE MELGISÉDEK-ORDE VAN DIE GEES

**10** Moses word beveel om voorbeelde te maak van dit wat hy in die hemele waargeneem het. **Exodus 25:9 en 40**

*9 Volgens alles wat Ek jou laat sien—**die voorbeeld** van die tabernakel en **die voorbeeld** van alles wat daarby behoort—so moet julle dit maak.*

*40 En kyk dat jy dit maak **volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is.***

Moses was dus terdeë bewus van wat die ware voorwerpe in die hemele voorgestel het, aangesien hy die laaste priester van die na-Noagvloed se Melgisédek-orde was. Deur hom het Vader die ondergeskikte Levitiese orde opgerig met Moses se broer, Ääron as eerste hoëpriester. Die hemelse is ook dieselfde as die geestelike sfeer waarin hy die ware voorwerpe gesien het.



Hierdie tabernakel wat hy moes bou het dus eenvoudig net die lewende **<u>Melgisédek-orde in die harte van die volk</u>** voorgestel, wat eendag, na die opstanding van ons Verlosser, tot stand sou kom. Die tabernakel was as volg saamgestel:

Daar was drie dele, naamlik:

die Voorportaal,

die Heilige en

die Allerheilige.

Hierdie drie plekke stel die liggaam, die siel en die gees van die mens voor in dieselfde volgorde.

## Die voorportaal of liggaam/vlees

Hier sien ons in ons skets twee voorwerpe, naamlik die offeraltaar en die waskom. Die offeraltaar was gebruik om diere op te slag en sou heenwys na die slagting van ons lam, JaHWèshua self. Dus stel die offeraltaar die kruis of vloekhout voor. Dit is dus hier waar ons in die nuwe Melgisédek-orde ons ou kleed moet uittrek, oftewel die vlees moet aflê. Ons brand hierdie ou vieslike kleed by die folterpaal van ons Verlosser.

Daarna gaan ons na die volgende voorwerp, die waskom wat gebruik was deur die diensdoenende priesters om hulleself te reinig alvorens hulle met hulle pligte kon voortgaan. Hierdie waskom stel die doop met water voor, soos deur Johannes die Doper, die voorloper van die Melgisédek-orde, verkondig. Na jou aflegging van die vleeslike by die folterpaal van JaHWèshua, laat jy jouself doop met water om daarna die doop met die gees te ontvang. Hierdie doop met die gees is dus die eerste treë van die wedergeboorte, wat `n proses is en nie soos die kerke verkondig, `n eenmalige gebeurtenis nie. Die eerste treë in die wedergeboorte, is die wedergeboorte van die siel, wat eers plaasvind na die aflegging van die vlees. Eers na hierdie wedergeboorte van die siel, kan die gees weder-

gebore word in jouself. Hierdie proses van wedergeboorte van die siel word voorgestel deur die rangskikking van die items in die volgende plek, naamlik die heilige:

### Die Heilige (Die Apartheid), oftewel die siel

Hier is drie voorwerpe, naamlik die tafel met die twaalf toonbrode, die silwer kandelaar met die sewe lampe en die reukofferaltaar. Omdat die Heilige die siel van die mens voorstel, sal hierdie items ook aksies in die siel van die mens wat tot bekering gekom het, voorstel. Eerstens het ons die 12 toonbrode, wat dui op die Messias wat as lewende Brood vir ons kom sterf het. Sy Woord is die brood wat ons moet eet. Die syfer 12 dui daarop dat dit eerstens vir die 12 stamme van Israel alleenlik is, asook dat dit die 12 gebooie voorstel, naamlik die 10 bekende gebooie, plus die twee gebooie van die liefde wat ons Meester vir ons kom gee het.

Hierdie brood maak ons geestelik sterk sodat die kandelaar, wat die sewe geeste van JaHWe H voorstel, in ons begin brand. Hierdie geeste kan nie korrek funksioneer as ons die verkeerde geestelike voedsel inneem nie. Die Brood moet alleenlik die Woord van JaHWèshua wees. So begin die gees van **Liefde** werk, daarna die gees van **Wysheid** (voortspruitend uit die Liefde), daarna die gees van die werksame **Wil**, daarna die gees van **Orde**, daarna die gees van **Erns**, daarna die gees van **Geduld** en daarna die gees van **Barmhartigheid** of genade. (aanhalings uit die **Groot Johannes Evangelie Boek 7 - Hoofstuk 18**

Die moment wanneer hierdie aksies begin plaasvind in die bekeerde siel, vind reiniging plaas en die gebede vanuit die siel van die mens, soos voorgestel deur die aangename reukwerk van die reukofferaltaar, bereik dan die troonkamer van ons Vader in die hemele. Hierdie aanhoudende proses in die lewe van die siel van die mens kan vir jare so

aangaan, of kan binne `n korter tydsbestek veroorsaak dat die siel van die mens een word met sy gees (voorgestel deur die Allerheiligste), wat weer niks anders is nie as die Gees van Waarheid, die Trooster wat ons Verlosser vir ons agtergelaat het (**Johannes 14:16-17**). Dus sal die rook van hierdie altaar ook die Gees van Waarheid voorstel, wat van JaHWèshua af kom, waarin jy bid, wat jou gebede saamneem tot by die hoogste gesag in die hemel.

## Die Allerheilige (Apartheid van die Aparthede) wat die gees voorstel

In hierdie Allerheilige vind ons die verbondsark, die staf van Aäron en die kruik met die manna.

Hierdie Allerheiligste gedeelte, wat die gees van die mens voorstel, word geskei van die Heilige deel deur `n voorhangsel, wat die Vleesliggaam van ons Verlosser voorstel, wat van bo na onder geskeur het met sy kruisiging.

Hierdie voorhangsel stel die vlees voor wat deurgebreek moet word om die vereniging tussen siel en gees te bewerkstellig, wat vir ons as mens onmoontlik was as gevolg van die sonde, maar wat JaHWèshua vir ons bewerk het met Sy kruisiging en opstanding.

Met hierdie wonderdaad het Hy dit moontlik gemaak vir ons om die volkome wedergeboorte van die gees te bereik, naamlik om in die hemele saam met Hom, JaHWèshua, as Ewige Vader in Sy huis vir ewig te kan lewe as kinders van die Allerhoogste. Terwyl die voorhangsel Sy Vlees voorstel, stel die verbondsark daarbinne die gees van die mens wat EEN geword het met die Gees van ons Meester. Die wet op die twee kliptafels stel die volkome wet van Liefde voor wat in hierdie orde nou op die tafels van die hart geskrywe staan.

Dus stel die verbondsark ook ons besnede hart binne die Hart van ons Meester voor, dus `n eengeworde hemelse hart. Elke mens wat getrou in die uitoefening van die aksies

was in die Heilige, naamlik die eet van die ware Brood, werksaam in die sewe geeste, en wat aangename gebede opgestuur het, sal op `n dag ervaar dat hy deurbreek na hierdie vertrek in sy wese, naamlik sy gees. Nou word so `n persoon Een met ons Vader en kan hy nie meer sondig nie. Meeste mense bereik hierdie faset eers na hulle dood, maar baie min het dit wel bereik in hul aardse lewens. Ons wat lewe aan die eindtyd, het die belofte in die Skrif dat dit vir ons moontlik gemaak gaan word. Lees **Joël 2: 28-30**.

Die staf van Aäron stel die heerskappy van die Melgisédek-orde voor wat elkeen van die 144 000 priesters sal ontvang wat die geestelike wedergeboorte gesmaak het. Saam sal hulle met die Hoëpriester, JaHWèshua heers. Die manna in die kruik stel die verborge geestelike dinge van die koninkryk voor wat slegs aan hulle geopenbaar sal word, want enige mens wat nog nie geestelik wedergebore is nie, sal dit nie kan bevat en begryp nie. Hierdie manna stel oneindige openbaringe van die hemelryk voor en sal tot in der ewigheid nie ophou nie. Altyd iets nuuts en wonderbaarlik!

So sien u dus dat elke mens deur drie geboortes gaan, die eerste uit die vlees van sy moeder, die vleeslike geboorte, daarna die bekering en die wedergeboorte van die siel, die tweede geboorte en daarna die volkome eenwording tussen siel en gees met die Gees van ons Meester, want Hy is Gees (**Johannes 4:24**) wat die derde of finale wedergeboorte van die gees is. Hierdie mense is dan ware Priesters van Melgisédek, een geestelike wese, `n kommunikasie-siel bestaande uit 144000 lede met Een as Hoëpriester, naamlik JaHWèshua Self. Omdat hierdie tabernakel slegs die Levitiese priesterorde betrek, is dit logies om af te lei dat dit `n afbeelding van die Melgisédek orde alleenlik is, en nie iets te doen het met die res van die volk nie.

## Die geheim van die DNS (DNA) van die vlees

***DNS staan vir:***

***des·ok·si·ri·bo·nu·kle·ï´ne·suur -** Suur in die chromosome in die middel van die selle van lewende dinge, wat die spesifieke struktuur en funksie van elke sel bepaal (afk. DNS).*

Hierdie wonderlike verborgenheid van die samestelling van die menslike weefsel is ook vasgelê in die verordening rondom die tabernakel, en wel in die voorskrifte van die offerlam en die voorhangsel. **Exodus 12:5** vereis die volgende vir die pasgalam.

*5 Julle moet **'n rasegte lam** hê, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle hom neem.*

Ook word dieselfde vereiste neergelê vir alle ander offerdiere in hierdie Levitiese orde, die aardse afbeelding van die Melgisédek-orde.

**Levitikus 3:6:** *En as sy slagdier kleinvee is, as vergoeding aan JaHWeH, moet hy **'n rasegte ram of ooi** naderbring.*

*4:23 of as sy oortreding wat hy so gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as sy bydrae bring **'n rasegte bok, 'n ram;***

Hierdie Hebreeuse woord, tamiem, beteken net dit, naamlik opreg in sy ras, oftewel suiwer DNS. Hierdie heenwysing na die rasegtheid van JaHWèshua, ons offerlam, word bevestig in die volgende verse in die boek **1 Petrus1**:

*1:3 GESEËND is die Elohim en VADER van onse Meester JaHWèshua die Gesalfde wat na SY grote Barmhartigheid ons die wederoprigting geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van JaHWèshua die Gesalfde uit die dode,*

*4 sodat **ons 'n onverganklike, rasegte en onverwelklike Erfenis kan verkry**, wat in die Hemele*

*bewaar is vir ons,*

Ons as kinders verkry dus `n onverganklike rasegte erfenis, dus die herstel van die verheerlikte liggaam, wat Adam gehad het, maar deur die sondeval verloor het, toe die adamitiese genelyn besoedel geraak het.

> *15 Maar soos Hy wat julle geroep het, **apart is**, moet julle jul ook in jul hele lewenswandel **apart word**,*
>
> *16 omdat daar geskrywe is: **Wees apart, want Ek is apart**. [Levítikus11:44]*
>
> *18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie,*
>
> *19 maar deur die kosbare Bloed van die Gesalfde, **soos die van 'n Rasegte Lam,***

Deur apart te lewe, binne die neergelegde orde van JaHWeH, sal ons weer `n rasegte erfenis verkry, deur die loskoping van JaHWèshua, die rasegte lam. Dus was die DNS van Sy liggaam 100% volmaak. **Hebreërs 10:19-20** sê die volgende oor Sy liggaam:

> *19 TERWYL Ons dan, broers, vrymoedigheid het om na die Apartheid te gaan deur die bloed van JaHWèshua*
>
> *20 op die Nuwe en Lewende Weg wat Hy vir Ons ingewy het **deur die voorhangsel heen, dit is Sy vlees**, [Exodus 12:7 ; Boodskap van Jakobus 10]*

Die voorhangsel het as volg gelyk, soos beskryf in **Levitikus 26:**

> *31 VERDER moet jy 'n voorhangsel maak van koningsblou en purperrooi en bloedrooi stowwe en **fyn dubbeldraad-linne.** As kunstige werk moet jy haar maak, met Gérubs. [MattithJaHûW 27:51; Lukas 23:45; Hebreërs 9:3]*

As JaHWèshua se vlees dan deur die voorhangsel voorgestel word, sal die samestelling daarvan sekerlik vir ons meer lig kan werp op die samestelling van die liggaam van JaHWèshua self. Ons sien dat dit van dubbelgeweefde linne gemaak is met sekere kleure. Verder lees ons die

volgende verstommende verhaal in die **Oerevangelie van Jakobus 10: 1-2** oor hoe die moeder van JaHWèshua, Mirjam (Maria), as twaalfjarige verwagtende maagd, gekies was om die volgende te doen:

***Mirjam keer terug na die Tempel.***

*10:1 EN die priesters het beraadslaag en gesê: **Laat ons 'n voorhangsel maak** vir die Tempel van JaHWeH.*

*1a En die priester sê: Roep vir my die onbesoedelde maagde uit die geslag van Dawid. En die dienaars het vertrek en gesoek en sewe maagde gevind. [Exodus 35:35 ; 39:25 ; Henog 48:1]*

*1b En die priesters het gedink aan die meisie Mirjam dat sy uit die geslag van Dawid was en onbesoedeld voor Elohim. En die dienaars het gegaan en haar gehaal.*

*2 En hulle bring hulle in die Huis van JaHWeH. En die priester sê: Werp vir my die lot, wie die goud sal spin en die wit, en die fyn linne en die sy en die koningsblou en die skarlakenrooi en die egte koningsblou.*

*2a **En die lot vir die egte koningsblou en die skarlakenrooi het op Mirjam geval**, en sy het dit geneem en huis toe gegaan. Mirjam het toe die skarlaken geneem en begin spin.*


Sy, wat verwagtend was met JaHWèshua, begin toe die dubbeldraad weef, wat identies was aan die DNS van ons Meester se liggaam. Sien sketse. Hoe verstommend, dat terwyl sy Sy liggaam, met dubbeldraad DNS, in haar baarmoeder weef, weef sy ook die nuwe voorhangsel met dubbeldraad linne! Hoe fyn en akkuraat is ons Vader se groot beplanning nie. Toe die moordbende Hom kruisig sowat 34 jaar later, toe skeur hierdie, met liefde geweefde voorhangsel van sy moeder van bo tot onder, soos wat hulle Sy liggaam geskeur het. Van bo geskeur, beteken dat dit van Bo toegelaat is, naamlik dat geen aardse priester dit kon gedoen het, as dit nie ons Vader se wil was nie. **Lukas 24**

*44 En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die hele Aarde gekom tot die negende uur toe;*

*45 en die son is verduister;* ***<u>en die voorhangsel van die Tempel het middeldeur geskeur</u>****. [Exodus 26:31;*

*46 En JaHWèshua het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: VADER, in U Hande gee Ek My Gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.*

En so skeur die rasegte Lam Sy eie liggaam se 100% suiwer DNS, sodat ons as die besoedelde skape, ook nou kan deurgaan deur hierdie voorhangsel heen, anders gestel, ons kry nou ook verheerlikte liggame, wat se DNS meer as 100% sal wees, want dit sal geestelik/vleeslik van aard wees.




**Verskillende sketse van die DNS toon die dubbelgeweefdheid baie duidelik. Ook die kleure blou en rooi kom voor.**

## DIE VERVALLE MELGISÉDEK KASTEEL AS VOORBEELD VAN DIE MELGISÉDEK-ORDE SELF

**11** In die ***Groot Evangelie van Johannes - Boek 10*** van ***Jakob Lorber*** lees ons die pragtige verhaal van ons Meester wat besoek gaan aflê het in dieselfde ou vervalle Melgisédek kasteel van 2000 jaar gelede, waarin Hy as JaHWeH Self gewoon het ten tye van Abraham se lewe op aarde. Hierdie kasteel was bewoon deur tien baie arm Judese gesinne. Wat hierdie verhaal so merkwaardig maak, is dat daar vir ons hier aan die eindtyd geweldig baie weggesteek is in hierdie besoek van ons Meester aan hierdie vervalle kasteel. Ook nou is die geestelike Melgisédek kasteel vervalle in die harte van die volk. JaHWèshua woon feitlik in niemand se harte meer nie.

Ek lys die verhaal so kortliks as moontlik hierna, met kommentaar waar nodig. **Boek 10 - hoofstuk 55**

> *[11] Toe ons die stad nader, sê **Ek** vir die kommandant: "Gaan met jou geselskap nou voor ons uit die stad in, en laat **<u>die tien Judese gesinne</u>** weet dat Ek na hulle toe sal kom en by hulle sal oornag! Al die res sal later wel vanself duidelik word."*
>
> *[12] Toe die kommandant dit van My gehoor het, loop hy met syne onmiddellik vooruit, gaan dadelik na die Judeërs en vertel hulle wat hulle te wagte staan.*
>
> *[13] **Die straatarme Judeërs** sê egter vir die kommandant: "O, hoë gebieder in die naam van die keiser! Dit sou alles wel goed wees; maar waar moet die meer as veertig mense in die vervalle huis `n toereikende onderdak vind? **<u>Ou, vervalle kamers</u>** is daar nog wel voldoende; maar wie wil daar woon? **<u>Paddas, adders, salamanders en skerpioene</u>** is daar meer as genoeg, maar mens kan tog geen mense*

*daarin herberg gee nie. Wat ons eie kamers betref, die het self nouliks voldoende ruimte om in te woon, veral snags, en dit sou moeilik wees om, behalwe ons, nog `n paar mense behoorlike onderdak te gee. Van enige versorging kan al heeltemal geen sprake wees nie, aangesien ons self meer as straatarm is.*

*[14] Probeer dus die groot Meester en Leraar, oor wie se wonderbaarlike dade ons reeds heelwat gehoor het, daarvan te laat afsien om by ons onderdak vir die nag te soek en te wil neem; daar is in hierdie stad immers verskeie goed ingerigte herberge."*

Hierdie kommandant stel dus die voorloper voor, wat vooruitgaan om die Judese gesinne te waarsku dat die Messias op pad is. Ook is ons Boervolk, die stam Juda in die eindtyd en sal die voorloper ook na ons, in ons vervalle geestelike kasteel kom, met vervalle kamers (onsuiwer harte) met baie gedrogte daarin (leuens en versinsels).

*17] Terwyl die kommandant nog met die oudste spreek, arriveer Ek (**JaHWèshua**) met die leerlinge al voor die Judese huis, wat as **`n verbrokkelde ou kasteel op `n hoogte buite die stadsmuur** was.*

*[18] Die kommandant merk My onmiddellik op, hardloop My tegemoet en wil My begin te vertel hoe dit daar met die Judese huis en haar bewoners gaan.*

*[19] Maar **Ek** sê vir hom: "Vriend, spaar jou die woorde, aangesien Ek lankal weet! Maar Ek het inderdaad - soos wat jy reeds voor hierdie mense opgemerk het – as't ware na hulle toe gekom, omdat **Ek baie goed weet hoe dit met hulle huis en met hulle self gestel is**. Laat ons dus dadelik na die oudste gaan!"*

### Die Meester in die woning van die tien Judese gesinne

***56** Vergesel deur die kommandant, loop Ek na die oudste van die huis, by wie hom ook nog enkele besorgde huisvaders bevind, wat ons bekyk om te sien wat ons sou doen as ons sien wat se ou ruïne die huis*

*was.*

*[2] Toe Ek by* ***die oudste*** *kom, sê hierdie oudste: "U is almal by ons goed welkom, Meester en Leraar; maar wat ons teenoor die groot barmhartigheid wat U ons bewys kan doen, sal verseker nie vir U welkom wees nie! Kyk net na ons huis, en na ons klere en U sal, sonder dat U iets verder hoef te sê, vanself goed sien hoe dit daar met ons almal uitsien!"*

*[3]* ***Ek*** *sê: "****Vrede vir julle****! Hoe dit daar met julle uitsien, weet Ek - maar vir die grootste deel is die armsalige toestand* ***julle eie skuld****; want deur* ***traagheid*** *en deur haas* ***geen vertroue op God****, die enigste Meester en Gewer van alle goeie dinge, sal geen enkele mens dit op hierdie aarde ver bring nie.*

"Vrede vir julle" bedoel die inhoud van die Vredesverbond soos voorheen beskryf. Ons Meester berispe hulle dadelik oor die toestand van hulle geestelike huis as gevolg van traagheid en ongelowigheid, soos ook vandag in ons volk.

*[4] Solank julle nog middele en krag het, doen julle niks om julle ou huis te verbeter nie, laat julle niks geleë lê aan JaHWeH en maak julle julleself vertroud met die* ***blinde leer van die Griekse wyses****, waardeur julle nog baie kere beklaenswaardiger geword het as wat julle ooit vroeër was.*

*[5] Nou het julle* ***selfs slawe van die heidene geword*** *en moet eerder met swaar werk karige brood van hulle bedel as dat julle vir hulle kan sê: "Ons het dit in die sweet van ons aangesig verdien!" Want dit is nie maklik om mense te dien* ***wat in geen enkele God glo*** *en ook nie in `n voortlewe van die siel na die dood van die liggaam en derhalwe ook aan geen enkele vergelding in die groot wêreld aan die ander kant nie, en derhalwe geen naasteliefde het nie en selfs vyande van hulle eie lewe is.*

Ook is ons vandag vasgevang in `n blinde Christenleer wat so verwater is deur die Griekse wyses, Roomse wyses en latere Europese en Afrikaanse wyses. Ons leer is so

afgewater, dat ons ook vandag slawe van heidene in ons eie land geword het, omdat die kerke, met hul Afrikaanse wyses, ons oorhandig het aan die swart heidene deur hulle geestelike hoereerdery met die politici.

> *[6] Wel nou, in julle grootste nood **het julle aan die ou JaHWeH begin dink** en by Hom om hulp gaan smeek, en dat die My ook daartoe gebring het om na julle toe te kom en julle te help, voor die aangesig van die baie, blinde heidene, wat eweneens ter wille van hulle Diogenes die geloof in hulle gode laat vaar het. Ek sal dit doen sodat ook hulle sal merk dat die ou God nog leef en julle help wat in Hom glo, Sy gebooie hou en in waaragtige en onwankelbare vertroue in Hom die korrekte hulp verwag.*
>
> *[7] Laat My julle ou, meer as half vervalle huis sien, en ons sal kyk of daarin oornag kan word en **of dit wat beskadig is, gerepareer kan word**! Daarna sal ons julle **voorraadkamers ondersoek**, om te sien hoeveel voorraad daar nog aanwesig is!"*

Ook was daar in hierdie tyd `n groep behoudendes wat aan die ou JaHWeH begin dink het, die Skrif begin ondersoek het en nader aan Hom probeer kom het, deur die vervalsings te korrigeer. Hulle huis (harte) was weliswaar ook vervalle, maar hulle het probeer. Na hulle toe kom ons Messias ook aan die eindtyd om ons vervalle kasteel op te rig in ons harte.

> *[8] **Die oudste** sê: "O groot Meester en Leraar! Die huis moes vroeër wel baie groot en kleiner kamers gehad het; maar ons kon daar maar **nouliks sewe** in gebruik neem, en selfs dit is al erg beskadig. Alle ander is vol allerlei soorte ongediertes en is grotendeels nie eers meer vir mense bewoonbaar nie. Ook ons voorraadkamers verkeer vereers in `n baie miserabele toestand. Slegs één is daar wat nog half bruikbaar is; **maar selfs die een is leeg op `n paar beskimmelde broodkrummels na**. Maar laat ons U wil volg en tog gaan kyk, sodat U, o groot Meester en Leraar, met U*

*eie oë kan aanskou hoe dit met ons, afstammelinge van Gad en Ruben, in hulle land gestel is!"*

Hierdie sewe kamers stel die sewe gemeentes aan die einde voor en die voorraadkamers is ons geestelike literatuur. So lyk ons Bybels dan ook soos ou beskimmelde brood van al die vervalsings deur vertalers.

*[9] Hierop loop ons deur alle vertrekke van die groot huis, en dit sien alles so daaruit soos wat die oudste dit beskrywe het.*

*[10] Toe ons onsself egter in die buitenste en laaste vertrek bevind, sê* ***Ek****: "Nou sal jy God se mag in My, dit wat My liggaam betref, wat ook `n Menseseun is, leer ken! Kyk, ons is oor brokstukke van mure, dele van pilare, doringstruike en oor allerlei ongediertes wat die vertrekke deurdring het,* ***en deur koninklike versierde, fraai vertrekke, wat van alles voorsien was waarin goed oornag kon word, laat ons ons tog terug maak.*** *Ek wil dit, en so sal dit wees!"*

*[11] Nouliks het Ek dit so gesê, of die hele huis was al volkome verander, en toe ons daarna deur alle kamers en vertrekke heen loop, was daar nêrens meer enige beskadiging te ontdek nie.*

*[12]* ***Die Judeërs*** *van die huis slaan hulle hande bokant hulle hoofde teen mekaar en roep vol blye verwondering: "Dit kan alleen Hy doen, wat die hemel en aarde geskape het; daarom aan U alle lof, o groot God, wat aan `n mens so `n mag gegee het!"*

*[13] Daarna besoek ons* ***die voorraadkamers, wat eweneens gevul was met alles wat die mense nodig het om hulle honger en dors te stil****. Toe word die verbasing nog groter, en vir `n lang tyd kon hulle van louter verbystering nie praat nie.*

Hier verander JaHWèshua Self ons innerlike kasteel, Hy laat die eerste wedergeboorte van die siel plaasvind in ons harte, en ons geestelike voorraad vul Hy self aan deur die Nuwe openbarings aan die eindtyd, soos wat Hy belowe het. Ons honger en dors na die Woord word dus gestil.

## *Die getuienis van die oudste oor die Meester*

***57*** *Na `n oomblik spreek* ***die oudste*** *die volgende woorde: "Nee, nee, nee - dit is ongehoord! Moses en Elia, die twee grootste profete, het groot dinge gedoen, ja, groter as wat `n mens met die suiwerste verstand ooit in staat was om te omvat en te begryp en wat selfs die mees gelowige gemoed nouliks kan glo! Maar wat is vergeleke by die wonderbaarlike werk en al die wonders, wat deur die genoemde twee profete gedoen is, volgens die wil van JaHWeH, van Wie se Gees van mag hulle vervul was?! Alle profete, sowel die grotes as die kleinstes, het gesê: "Die Meester wil dit, en die Meester spreek!" Maar U, o grote Meester sê: "Ek wil dit" en dit is so!" En in één oomblik gebeur daar wat U wil!* ***Daarom is U meer as Moses en Elia!***

*[2]* ***U is die Meester Self in alle volheid****, en ek het nou as ou man in U my heil gesien en sou nou wil sê: "O Meester, Meester, laat U ou dienaar in vrede oorgaan na die groot wêreld aan die ander kant! Want U is die Beloofde vanuit Uself! U ewige Gees het uit die mond van die profete gespreek en U neerdaling voorspel, en U, wat die ewige Waarheid en Trou self is, het U woord gehou en het in `n liggaam van vlees en bloed na ons sondige mense gekom om ons weer opnuut op te rig, sowel die Judeërs as die heidene, wat ook kinders van Noag is en eens saam* ***met die pre-Abrahamiete één volk gevorm het onder die groot opperkoning en allerhoogste priester Melgisédek van Salem.*** *Daarom aan U alleen alle eer en alle lof, o Meester, Meester, Meester!"*

*[3]* ***Ek*** *sê: Nou, nou, dit is wel goed en waar so! Dat julle weggesakte geloof deur hierdie daad van My op één slag weer opgerig is, is wel goed te begryp, net soos die feit dat julle My onmiddellik herken het;* ***maar in die toekoms moet julle jul geloof deur werke van ware naasteliefde eers lewend maak****, anders het dit in My oë geen waarde vir die lewe van julle siel nie. Want Ek het enkel deur My oorgrote liefde na julle mense toe*

*gekom, en so kan julle mense ook alleen maar weer deur liefde vir My en vir jou naaste na My toe kom en op die manier tot die ewige lewe van julle siele, as My egte kinders; dit moet julle goed onthou!*

*[4] Die geloof in My is wel `n lewende lig uit die hemele, maar eers deur die* ***werke van die liefde****. Soos `n lig, wat egter skyn in die nag, uitgedoof word as dit nie gevoed word deur steeds nuwe olie toe te voeg nie, so doof dit ook sonder die voortdurende werke van die liefde selfs die aanvanklike mees onwankelbare geloof uit.*

*[5] Deur die wonderwerk, wat vir My maklik was om te doen, het Ek nie alleen* ***julle heeltemal weggevalle geloof in julle siel opgerig nie****, maar ook julle liefde vir My aangewakker; en in die lig van die ware, ewige lewensvlam het julle toe ook vinnig en maklik gesien Wie daar in My na julle toe gekom het.*

*[6] En noudat julle dit onmiddellik en sonder baie moeite en prediking gesien het, moet julle ook daarvolgens handel, sodat julle en julle nakomelinge* ***deur die werke van die liefde in My Naam in die lewende geloof bly****!"*

Hier herken hulle die Meester as JaHWeH self, die oertydse Melgisédek koning van Salem, wat meer is as Moses en Elia, die twee voorlopers van die laaste Melgisédek-orde in ons tyd. Hier word die werke van naasteliefde as onontbeerlik genoem om die gevalle geloof in die siel weer op te rig.

### *Die geestelike ooreenstemming van die vernuwing van die vervalle kasteel*

***58*** *(****Die Meester****:) "Maar sodat ook julle weet waarom Ek nou hierdie ou, vervalle kasteel, waarin konings vroeër gewoon het, weer opgerig en as te ware weer heeltemal opnuut opgebou het, moet julle let op wat Ek julle nog gaan sê:*

*[2] In die eerste plek kom die opnuut oprig van hierdie*

*ou koningskasteel ooreen met die feit dat Ek die **ou, geheel vervalle geloof in die een, enige ware God, nou weer oral opnuut tot lewe bring**.*

*[3] Daar is van die ou kasteel van die geloof nog wel **enkele verweerde, verbrokkelde en vervalle waarheidsreste aanwesig**; maar dit deug nie meer as lewenswoning van My liefde en erbarming vir die siele van My kinders nie, soos wat julle ten tye van die koning van Salem was, maar dit deug nog slegs as **woning vir** hulle wie se gemoed geheel en al soos die van die **ongediertes** lyk wat hierdie kasteel al `n lang tyd herhaaldelik en in baie vorme bewoon het.*

*[4] Die kasteel was sodoende `n getroue beeld van hoe dit nou met **die geloof in God en met die hou van Sy wette daar uitsien**, en wel veral in en rondom Jerusalem.*

*[5] As daar geen volledige verbetering en ommekeer na My sal plaasvind nie, sal Ek die stad en iedereen wat aan haar kant staan nog erger besoek as wat Ek ten tye van Lot, Sodom en Gomorra besoek het; en daarmee wys **Ek julle op die tweede rede waarom Ek hierdie kasteel nou opgerig het en weer heeltemal opnuut opgebou en van alles voorsien het!***

*[6] As My oordeel oor die goddeloses in Jerusalem en wye omgewing kom en My weinige getroues op die vlug sal slaan, **sal hulle ook hierheen kom**. Neem hulle ook op, en maak sodoende in julle nou die opnuut opgewekte geloof heeltemal lewend deur die werke van die liefde in My Naam!*

So word die ou geloof, in ons tyd die verdraaide Christendom, omskep tot `n kasteel van geloof met vol voorraadkamers waarna die res van die gelowiges in die wêreld heen sal kom om beskerming te soek in die tyd van oordeel wat voorhande is. Die onderhouding van die 12 liefdeswette sal sentraal in hierdie nuwe opgerigte kasteelharte wees, en vanoor die hele wêreld, en nie net Jerusalem nie, sal

gelowiges na hierdie kasteel/Melgisédek-orde toe trek omdat die res van die wêreld geoordeel gaan word.

Hierdie boonste gedeelte van die kasteel wat ons Meester so wonderbaarlik herstel het, stel die siele van die mense in die laaste Melgisédek-orde voor wat herstel gaan word en wat van genoegsame geestelike voorraad voorsien gaan wees. Nou is daar egter ook `n verborge gedeelte onder die grond wat die gees voorstel. Kom ons lees verder:

### *Die kasteel van Melgisédek*

***59*** *(**Die Meester**:) "Maar in hierdie kasteel is ook nog `n groot, van basaltstene **gemesselde kelder**! Het jy dit nog nooit ontdek en gesien nie?"*

*[2] **Die oue** en `n paar van sy byna ewe oud nefies sê: "Ja, daar moes vroeër wel `n **kelder vol uitstekende wyn** bestaan het, en daar moet ook ander skatte in verborge wees, maar niemand van ons het dit ooit gewaag om hom in die onderaardse ruimte te begewe en daarin tussen allerlei kwaadaardige ongediertes en ander bose magte speurwerk te doen nie, en sodoende ken niemand **die egte, korrekte toegang tot die genoemde kelder** nie. Waar en hoe kan mense daarin kom? Deur U mag sal ook dit, net soos al die ander, hom nou wel in `n uitstekende toestand bevind?"*

*[3] **Ek** sê: "Sekerlik, as julle dit glo; maar aangesien niemand van julle die ingang ken nie, **volg My, so sal Ek julle na die kelder bring**!"*

*[4] Daarop volg die oue en nog tien van sy familielede My met `n aangesteekte fakkel van was, wat ons uit die kombuis neem, waar daar baie van in voorraad was, en wat ons ook daar aansteek. Van die genoemde groot kombuis lei `n pilaregang na `n groot poort, wat van `n plaat basalt gemaak was. Ek laat sien hoe die poort baie maklik geopen kon word, **en Ek Self open die groot, swaar poort**. Toe die poort oop is, word daar dadelik `n breë trap sigbaar, waarlangs mens baie goed in die baie ruim, groot kelder kon kom.*

Die onderaardse kelder, wat die gees van die mens voorstel, waarin die lieflikste wyn verborge lê, wat die Liefde voorstel, kon nie bereik word nie. Nou eers, met die Messias uiteindelik hier, kan Hy Self die weg wys na die kelder/gees van die mens en Hy open die poort deur te sê, "**Volg My**".

*[5] Toe ons in die kelder kom, waaroor hierdie arm Judeërs weer buitengewoon verbaas was, tref ons daar `n groot aantal* ***groot en klein klipvate*** *en `n nog groter hoeveelheid klip, silwer en ook goue drinkgerei aan, waarna die arm Judeërs natuurlik baie verbaas kyk en waarvan hulle nie weet of hierdie dinge ook op wonderbaarlike wyse deur My geskape was of dat dit, wat die uiterlike daarvan laat vermoed, nog uit die oertyd stam nie.*

*[6] Maar* ***Ek*** *sê vir hulle: "Wat ons hier gevind het, stam alles nog uit die tyd van die* ***groot koning en hoëpriester van Salem****. Dit was op aarde sy kasteel wat net soos die berge met hulle dikwels baie wonderbaarlike grotte en gate nie deur mensehande gebou is nie, maar deur dieselfde mag waardeur dit nou weer opnuut opgebou is.* ***Want Ek alleen is die ware Koning van Salem en Hoëpriester Melgisédek in ewigheid****!*

*[7] Maar neem nou die kraffie in die hand en vul dit met wyn, waarvan hom hier in die groot vate `n meer as groot voorraad is!"*

*[8] Nou neem die arm Judeërs wel vol vreugde die drinkgerei, maar hulle weet nie hoe hulle die wyn uit die groot klipvate moes kry nie, wat met swaar, gladde klipplate volkome hermeties (lugdig) afgesluit was.*

*[9] Toe toon Ek hulle onderaan die vate, wat met `n stop diggemaak was, `n ietwat uitspringende opening, trek die stop met gemak uit die opening, en onmiddellik stroom daar ryklik `n ou, uitstekende wyn uit in die drinkgerei, wat daaronder gehou word; want die uiters kragtige geur daarvan vertel dadelik aan alle*

> *aanwesiges, waar ook die kommandant en een van sy onderoffisiere by was, dat mens **hier met `n ou, uitstekende wyn te make het**.*

Hierdie goeie ou wyn stel, net soos die bruilof te Kana, die wedergeboorte van die gees van die mens voor, deur die ware Hoëpriester Melgisédek, naamlik JaHWèshua Messias.

> *[10] Toe alle kanne gevul en dit een na die ander in die groot eetsaal op die tafel geplaas was en hulle die wyn opgedien het, het hulle weer na ons toe gekom, terwyl ons nog in die kelder was, en **Ek** sê vir die oue: "Kyk, hierdie wyn is weliswaar ook gepers van druiwe wat in die land gegroei het - maar dit is byna net so oud soos hierdie kasteel! Dit is `n tiendewyn, wat deur alle konings, waaroor die koning van Salem geheers het, aan Hom as offer gebring was, **en dit moes tot nou bewaar gebly het, sodat Ek nou, as heeltemal dieselfde koning, saam met almal wat in My glo en My volg, van die ou tiendewyn kan drink.***

Deur hierdie wyn te drink, kon hulle dus ook vanuit die Levitiese orde toegang verkry tot die hemelse Melgisédek-orde, deur ons Messias, mits hulle sou afsien van die ou Levitiese orde en Hom, die ware en ewige Hoëpriester, sou volg.

> *[11] Solank hierdie kasteel in My Naam sal bestaan, sal die wyn ook nie uitgeput raak nie; maar tog sal hierdie kasteel en `n groot gedeelte van hierdie stad **drie-honderd jaar na My hemelvaart** deur die mag van ons teenstanders dermate so verwoes word, dat mense die plek waar julle nou staan nie meer sal herken nie. **Maar dit is nie belangrik nie; want Ek bou nou `n nuwe kasteel vir Myself in die harte wat, wanneer dit eenmaal stewig gevestig is, nooit meer vernietig sal kan word nie.***

Hierdie gedeelte verwys na die vergadering te Nicea in 323 NC toe Konstantyn die vervalste Bybel saamgestel het om die volk te mislei met `n nuwe vormgodsdiens, maar ons

Meester was hulle een voor en bou toe die huis in die harte van die mense, en wat nooit vernietig sal word nie.

*[12] Hierdie ou gedenktekens sal ook heeltemal verdwyn, sodat die mense geen afgodery daarmee sal kan bedrywe nie. Maar tot byna driehonderd jaar na My hemelvaart sal die kasteel nog daar staan en sal hierdie wyn nie uitgeput raak nie, en dit sal vir hulle, wat uit Jerusalem vlug, as onderdak dien en die wyn om hulle te versterk."*

### Uit die tyd van die koning van Salem

***60*** *Nou vra* ***die oue*** *vol diep ontsag: "Meester, Meester, as mens dit so lees, was die geheimsinnige koning van Salem tog al gou daar nadat Noag uit die ark gestap het en die aarde begin verbou het. Sy kinders kon hulle in die kort tyd tog nie so geweldig vermeerder het nie, dat daar in die tyd van die koning van Salem op aarde al so `n groot aantal ander klein konings was, wat Hom die tiende as offer kon gebring het nie? Net soos baie ander dinge in ons boeke, klink dit baie misterieus en kan nie met ons verstand begryp word nie.*

*[2] En U sê ook dat U sou opvaar! Wat is dit? Waar vaar U heen, en wanneer? Meester, Meester, verklaar ons dit ietwat van naderby, sodat ons dit uiteindelik in U Gees van waarheid, liefde en lewe ook aan ons nageslag kan uitlê en hulle ons glo wanneer ons vir hulle sê dat U, o Meester en Leraar Self Die Een was wat aan ons die buitengewone dinge geopenbaar het!"*

*[3]* ***Ek*** *sê: "Wat die tyd van die koning van Salem aanbetref: Hy was daar al ewig vóór enige skepsel en derhalwe ook vroeër as Noag. Wat egter die aardse tyd betref, waarin Hyself in die gestalte en persoonlikheid van `n engel uit die hemele die mense oor Homself en oor hulle bestemming onderrig het: Hy was daar al van tyd tot tyd tydens die lewe van Noag en het met hulle gespreek, maar `n werklike koning- en priesterskap was eers ingestel `n paar honderd jaar nadat Noag die ark verlaat het, en die tyd het Noag en sy drie seuns nog*

*self meegemaak. In die tyd was die aarde alweer digbevolk, en die baie stamvaders van klein volke voer die titel koning, en bring elke jaar hulle offers na Salem en was deur die Koning onderrig.*

*[4] Toe die volke hulle egter meer oor die wye aarde versprei het, vergeet hulle die Koning der konings en begin hulle van Hom af te skei; ook hulle wat naby Hom gewoon het, het nie meer na Salem getrek nie. Toe verlaat die Koning ook die kasteel en besoek hom nog maar selde. Enkele patriarge het aan Hom trou gebly, soos byvoorbeeld Abraham, Isak en Jakob, en later alle groot en klein profete en nou in vlees en bloed ook julle.*

*[5] Wat My hemelvaart betref, het dit `n dubbele betekenis. Die eerste sal, van nou af gereken, geen jaar meer op hom laat wag nie; die tweede egter sal in elke mens wat werklik in My glo, bewerkstellig word deurdat die Gees van My Liefde in sy hart sal opstaan en die verstand van die mens in alle wysheid van die hemele sal binnelei.*

*[6] My persoonlike hemelvaart sal egter plaasvind kort nadat die liggaam van My, weer uit die graf sal opstaan en so in My goddelike wese sal oorgaan, drie dae nadat dit gedood is deur die hande van God se vyande.*

*[7] Soos julle dit gehoor het dat Elia vroeër sigbaar en in `n vurige wa na die hemel opgevaar het, so sal Ek ook, sigbaar vir baie van My vriende, van die materiële bodem van hierdie aarde opvaar na die sigbare hemel. En voortaan sal Ek nie soos nou persoonlik sigbaar rondwandel onder alle mense - goeies en slegtes - en hulle onderrig nie; maar Ek sal alleen in die gees, goed waarneembaar en herhaaldelik ook sigbaar, onder hulle wandel en hulle onderrig en lei, die wat in My glo en My bo alles liefhet en hulle naaste soos hulleself. Want in die hart van sulke mense sal Ek vir Myself die genoemde nuwe kasteel bou en My intrek daarin neem."*

***Die aandete in die ou eetsaal***

***61** (**Die Meester**:) "Diegene by wie Ek sal woon, sal My ook goed waarneem en Ek sal hulle Self onderrig en lei, en so sal julle wat My egter liefhet, altyd deur My onderrig en gelei word en sal die ewige lewe in hulle hê. Maar die harte-kastele van hulle wat hulle van My verwyder, soos wat die konings in die ou tyd hulle suiwer uit liefde vir die wêreld van die koning van Salem verwyder het en Hom nie meer ten offer gebring het wat hulle Hom moes bring nie, sal ook deur My verlaat word. En soos wat dit was in die tyd van die Koning van Salem toe Hy hierdie kasteel saam met alle engele wat Hom gedien het, verlaat het en daar onder die volkere en hulle konings maar al te gou allerlei tweedrag, nyd, afguns en daardeur ook oorloë ontstaan het, so sal dit in die toekoms ook wees onder hulle wie se harte-kastele Ek sal verlaat. Dan sal die een volk teen die ander opstaan en poog om hom te onderwerp.*

*[2] In diegene wat in My leer en liefde sal bly, sal Ek ook bly, en werklik: Uit sy lendene sal strome lewende water vloei, en wie van die water sal drink sal in ewigheid nooit meer dors hê nie!*

*[3] My leer en die goddelike wysheid daarin, is die ware, lewende water. Wie daarvan drink, sy siel sal weldra met alle wysheid gevul en vir ewig versadig word, en dan sal julle nooit meer dors en honger na `n hoëre waarheid en wysheid nie.*

*[4] En so het Ek nou aan jou, My ou Judeër, verklaar wat tevore vir jou duister en onverklaarbaar gelyk het! Maar dink nou nie wat jy nou al in alle waarheid en wysheid ingevoer is nie; dit sal jou eers ten deel val wanneer Ek in die gees van alle waarheid en wysheid ook in jou hart opgestaan het en na die lewe-hemel van jou siel opgevaar het. "*

Hiermee sluit ons die verhaal in die kasteel van Melgisédek af en u sal hieruit nog talle ander geestelike waarhede kan uitdiep.

## Openbaringe oor die Melgisédek-orde wat opgerig gaan word in Suid-Afrika

**12** Die ware betekenis lê egter daarin dat ons Meester na `n spesifieke groep Judeërs (Sion) sal kom aan die eindtyd, hulle geestelik kom oprig, soos wat Hy nou doen in Suid-Afrika, met genoeg voorraad/geestelike literatuur, sowel as genoegsame geestelike wyn/liefde, sodat die kasteel sal dien as versamelplek van alle kinders van Sion, wat regoor die wêreld versprei is. In die res van die openbaringe aan Jakob Lorber en Dudde leer ons nie veel meer oor hierdie onderwerp nie, maar danksy die onlangse profesieë gedurende Mei 2007 tot Oktober 2007 aan Judith de Beer, het Vader ons baie meer lig gegee. Ons sal die profesieë nou behandel:

***Openbaring 11 aan Judith de Beer***

*5 Junie om 09h30*

*....... Ons begin vandag met jou tweede vraag eerste. Julle baie klein volkie (**Boervolk**) is My volk wat as voorbeeld vir die hele wêreld sal dien. Selfs deur die enorme foute wat julle begaan het, sal dit ook as 'n leerskool vir alle volkere dien. Daarom sê Ek weer: Verbly jou O Sion, **die hart van jou wese sit in die Suidpunt van Afrika**. My dag het naby gekom dat Ek hierdie vertrapte klein weeskind by die hand gaan vat en met die genade van My liefde sal Ek Myself hom reinig. Onder My leiding sal hy in Gees en Waarheid oor My nuwe volmaakte aarde regeer. Sion, jy is My uitverkorene wat dwars oor die hele wêreld verteenwoordig is en in al jou onontbeerlike lede, **sal jy as een koning onder die naam Melgisédek uit jou "HART" oor My volmaakte skepping regeer.** Vertaal daarom hierdie werke ook in ander tale .......*

Omdat die hart so belangrik is in die geestelike opset van die mens, want dit is waar die kontakpunt sit tussen die geestelike en die fisiese, via die klein lewenskamertjie in die hart, beteken dit dat die hart is waar JaHWèshua is, of anders gestel, sal die hart van die Melgisédek koning **IN** die hart van JaHWèshua wees. Die ander onontbeerlike lede sal vanoor die res van die wêreld kom om hier, in die land suid van die riviere van Kus (Etiopië) te versamel (sien ook **Jesaja 18 en Sefanja 3**).

### *Openbaring 54 aan Judith de Beer*

*19 Julie 2007 om 19h00*

### *Die geboorte van die priesterkind*

*Alles in my oneindigheid swyg in stille verwondering oor die lewende energie wat deur ewige ruimtes in alle ewighede invloei en wat afkomstig is uit die blydskap van my Vaderhart, oor die geboorte van `n hemelse kind op hierdie klein aarde.*

*Eens op `n tyd in die hemele, ten aanskoue van oneindige hemelskares, is daar vergadering gehou en daar was sekere uitverkieste geeste teenwoordig wat met My `n kontrak aangegaan het. Hierdie engele het onderneem, om net soos wat Ek as mens oor die aarde gegaan het, dieselfde te doen. Nie een het homself ontsien nie en het `n moeilike menslike kruis wat baie versoekings insluit, vir hulself gekies. Hierdie hemelwesens het al hul godgegewe mag asook hul selfkennis vrywillig neergelê en is as swak onbeholpe mensekinders op hierdie aarde gebore en `n baie moeilike weg het hulle oor hierdie aarde gegaan en niks is hulle gespaar nie. Die wêreld het met lis gelok en wesens van groot naam het hard geval, maar telkemaal het Ek hulle self met die hand opgehelp.* ***Die tyd het nou ryp geword*** *en daar is onder hulle sommiges wat iets begin vermoed, wat die oeroue liefde vir My onwillekeurig laat ontvlam en met vurigheid getrou aan hul aard, wil hulle weer lojaal werksaam in hul ordes raak vir My en uit*

*engele kom daar vir My nou liefdevolle kinders uit hierdie wêreld voort en sal vir My in slegte tye, getroue Israeliete in ontsaglike gevare help bewaar.* ***En so word daar uit hierdie eerstelinge vir My `n priesterskind gebaar en my Melgisédek koningskind, sal vir ewig saam met My oor My hele skepping waak.***

Op 19 Julie 2007 openbaar ons Vader dat die tyd nou ryp geraak het vir hierdie orde om gebaar te word, wat `n Melgisédek koning- en priesterorde gaan wees as `n enkele eenheid wat onder en in Hom sal funksioneer.

### *Openbaring 127 aan Judith de Beer*

*Donderdag 27 September 2007 om 2h00.*

### *Kerk en politiek*

*..... Maar reeds is Ek besig om in My getroues se harte, met My ware lewende woord, in te trek en vanuit hier* ***sal Ek onder My Melgisédek orde regeer*** *en My uitverkore priesters, sal menig kind vanuit die oneindigheid in waarheid en liefde, na My, hul God en Vader, keer.*

### *Openbaring 151 aan Judith de Beer*

*20 Oktober om 6h30*

### *Die toekomstige Melgisédek orde*

*Netsoos aan My leerlinge van ouds sê Ek aan julle, wie My in hierdie tye vanuit die opregte liefde van jul harte wil volg; Volg My. Ook aan die blindes wat aan die hand van ewe blinde wêreldkinders wil ronddwaal, doen ook julle, volgens die keuse van julle vrye wil. Die wêreldbevolking bestaan huidiglik meestal uit `n klomp gestagneerde navolgers, wat dit wat hul meester, die Wêreldmoondhede, as treffer van die dag vir hulle aanbied, of dit nou die politiek, tegnologie, mode of die geloof is, slaafs navolg.*

*My kinders het Ek op hierdie aarde as kreatiewe vindingryke wesens geplaas, wat deurentyd met nuwe*

*gedagtes en idees na vore kan kom en die vermoë het om op eie stoom te kan ontwikkel. Een van die redes dat julle volkie die hele tyd besig is om koppe te stamp, is juis as gevolg van die feit dat bykans almal onder julle ook met sterk leierseienskappe toegerus is en daarom sal die van julle, wat tot die geestelike eindronde van hierdie getraumatiseerde eindtye, in My Naam sal kan deurdring**, deel uitmaak van My Melgisédek orde, wat niks anders sal wees as `n geestelikwêreldse parlement, bestaande uit Goddelike koningskinders nie.***

*Wees daarom kreatiewe kinders van God, wat My, julle Verlosser, keer op keer nuut en lewend, vanuit julle harte aan julle naastes sal voorstel.*


*Ja, leef volgens julle eie unieke standaarde en karakters en moenie blinde navolgers van verdraaide leerstellings wees nie. Staan in hierdie tye soos Daniël van ouds vas en moet julle knieë nie voor een enkele faset van die wêreldmoondhede se vele afgode buig nie.*

## DIE UITEINDELIKE DOEL VAN DIE NUWE MELGISÉDEK GEESTESMENS

### Die gevalle oergeskape Lucifer as die groot Wêreldmens

**13** Uit bogenoemde inligting kan duidelik afgelei word dat hierdie nuwe Melgisédek-orde, met ons Koning en Hoëpriester as hoof, sal funksioneer as een groot Geestesmens, wat aanvanklik klein sal wees, waar dit aanvanklik op aarde sal bestaan uit 144 000 priesters en konings, maar gaandeweg groter en groter sal word, om vanuit die Nuwe Jerusalem te regeer oor die ganse vervalle skepping van Lucifer, totdat hierdie hele skepping weer volkome herstel is. Omdat die orde vanuit die hart sal funksioneer, is dit logies om af te lei dat die aarde ook die hart-posisie sal voorstel met betrekking tot die hele vervalle skepping van Lucifer. Dit is dan inderdaad ook so en sou `n mens meer hieroor wil weet, sal die boeke deur ons Meester, JaHWèshua, gedikteer aan Sy kneg, Jakob Lorber, van onskatbare waarde wees. Ek sal verskeie gedeeltes aanhaal, sodat u sal sien hoe ordelik hierdie hele herstelproses ontwerp is deur ons Almagtige en liefdevolle Vader.

Dit is belangrik om te weet dat ons totale kosmos of heelal, bestaan uit ontelbare aantal afgeslote ruimtes, of anders gestel, groot afgeslote balle of sfere. In elke sfeer is daar `n ontelbare aantal sonne, planete en sterre, waarvan slegs ons heelalsfeer alleen vyf verskillende vlakke van sonne het, waarvan die grootste een (eerstevlak son) se Suidpool een triljoen maal een triljoen ligjare vanaf sy Noordpool is. Dis ongelooflik groot, en ons lewe maar in een van die miljarde vyfdevlak sonne se gebiede, dus onbeduidend ten opsigte van ons eie heelalsfeer.




**Verskillende vlakke sonne in een heelalsfeer.**

Nou, wanneer hierdie miljarde heelalsfere as `n geheel gesien kan word, dus as jy jouself so ver buite hierdie heelal sal bevind, dat jy hierdie oneindige groot sfere as klein ligpuntjies sal sien, vorm hierdie ontelbare klomp puntjies (heelalsfere) die buitelyn van `n mens, die groot gevalle engel, Lucifer.

In die volgende beskrywing van ons Meester aan Sy kinders, waar hulle alreeds gesterf het en hulleself in die Nuwe Jerusalem bevind, waar hulle op`n balkon staan en met hulle geestesoë in die verre ruimte inkyk, verduidelik Hy hierdie groot verborgenheid as volg:

Uit "***Van die Hel tot die Hemel – Boek 2 Hoofstuk 301*** *deur Jakob Lorber*"

> ***301*** *Almal begewe hulle daarna redelik weetgierig na die tweede suidelike deur. Daar aangekom sê hulle* ***almal****: "Aha, hier is dit goed om na buite kyk, want hier*

*het ons oë nie meer met so `n sterk lig te kampe nie. By die twee laaste sonne was dit gewoonweg net nie meer uit te hou nie! Die vraag is net, wat sien ons eintlik hier? Dit is `n swak glinsterende agtergrond, ongeveer soos op aarde, wanneer die melkweg glinster in `n helder somernag. Maar wat daaragter verborge mag wees, sou ons nou graag wil verneem, as dit U, liefdevolle Vader behaag." -* ***Ek*** *sê: "Daarom is ons immers hier! Kom julle nou maar goed ver die balkon op, anders kan julle die beeld nie geheel oorsien nie.*

*[2] Nou gaan almal tot aan die rand van die groot balkon.* ***Robert*** *oorsien eers die groot glansende beeld en sê: "Aller merkwaardigste! Dit is tog `n* ***volmaakte mensegestalte****! Die knieë ietwat gebuig. Die hande hang onverskillig na benede. En die hoof, iets vooroor geboë en voorsien van lang Absalom-hare, en lyk soos die van `n treurende in die bodemlose dieptes. Die lendene is maar nouliks met `n geskeurde voorskoot bedek. Kortliks, die hele gestalte* ***maak `n weemoedige indruk op my****! Die kolossale grootte sou iemand op die idee kon bring, dat dit die uiterlike vorm van die alom werkende gees uit U sou wees, o Meester. Maar die treurende gestalte sê vir my dat dit onmoontlik die geval kan wees. Ook sou daar in U gees, o Meester, lewe te bespeur moet wees, maar van so-iets is by hierdie kolossale gestalte geen spoor te ontdek nie. Hy lyk eintlik net soos `n fosforesserende beeld wat deur U almagtige asemtog, o Meester, aan die onmeetlike uitspansel geplaas is. Dit alles sal wel `n belangrike rede hê, wat behalwe U, sekerlik niemand sal ken nie. Meester, asseblief, verklaar die beeld vir ons!"*

*[3]* ***Ek*** *sê: "Ek sal dit wel graag wil doen, maar jy het nog te veel ontsag vir materiële groottes en jy sou by die minste uitleg tog ietwat al te koorsig reageer. En dit sou My leed aandoen, om jou hier in My ryk siek te maak. Vra jou daarom af of jy die aller kolossaalste uit die ryk van die materie kan verdra; of jy dit wil aandurf. Dan sal Ek vir julle die beeld dadelik ietwat meer ontsluier."*

*[4] **Robert** sê: "Meester en Vader, vol hoogste liefde. Nou is alles reeds vir my om`t ewe. Ek is al vertroud met hierdie groot afmetings en my gemoed is daarom al behoorlik daarop ingestel. Nou verdra ek nog wel `n paar dosyn sulke heelalsfere waarin, wat my betref, tien -miljoenmaal tienmiljoen sonne mag sirkel soos hulle wil."*

*[5] **Ek** sê: "Nou goed, kyk dan goed en sê My wat jy nou sien." **Robert** sê: "Ek sien nou hoe die hele reusagtige gestalte, wat nou lyk om byna alle dieptes van die eindelose ruimte op te vul, **<u>uit suiwer kleinste glinsterende, dig op mekaar gestrooide sand-korreltjies bestaan</u>**. Die aantal van hierdie glinsterende puntjies is kennelik oneindig of in elk geval tog so groot, dat geen geskape gees dit hom meer kan voorstel nie. Die hele gestalte lyk nou baie beter, want die glinstering verleen `n aparte majesteitlike glans aan hom. Maar die vraag is nou weer: Wat beteken dit alles?"*

*[6] **Ek** sê: Wel nou, verneem dan almal die groot geheim! **<u>Hierdie mens in sy totale gestalte is die oergeskape gees, wat die Skrif Lucifer (ligdraer) noem</u>**. Hy is nog steeds in die volle besit van sy groot selfbewussyn, maar nie meer in die besit van sy oerkrag nie. Hy is gevang en geoordeel in al sy dele. Slegs een weg staan hom steeds vry en dit is die een na My Vaderhart. Vir elke ander weg is hy egter geoor-deel en so goed as dood en kan geen voet en geen hand ook maar `n haarbreedte beweeg nie.*

*[7] Dit wat vir jou soos glinsterende sandkorreltjies voorkom, **<u>is suiwer heelalsfere</u>**, waarin daar tien-miljoen maal, tienmiljoen sonne en bowendien nogeens miljoene maal meer planete, mane en komete hulle bevind. Die afstand van die een heelalsfeer tot `n ander bedra, ruweg gemeet, byna altyd miljoen maal die middellyn van `n heelalsfeer. Dat hulle hier so dig aaneengestrengel lyk, kom deur die groot afstand. Meer egter nog, deurdat jy ook op die agtergrond van die beeld die aanwesige heelalsfere sien en daardeur*

*uiteindelik alle heelalsfere waaruit die hele liggaam opgebou is. Dit is ongeveer soos wat `n mens die sterrehemel vanaf die aarde sien: Vir die oog lyk hy ook soos `n gewelfde oppervlakte wat met dig aaneengestrengelde sterregroepe besaai is, terwyl in werklikheid twee dig bymekaar staande sterretjies hulleself dikwels eintlik agter mekaar bevind en verskeie triljoene myle van mekaar verwyder kan wees.*

Nou kan u sien dat dit hierdie groot gevalle Wêreldmens is wat weer opgerig moet word. Hierdie oneindige groot wese, wat bestaan uit miljarde sonne, planete en sterre, wat bykans almal bewoon word deur mense/wesens wat vasgevang sit in die gevalle heelal van materie, moet verlos word uit hulle tronke van materie en moet oorgaan tot ewiglewende gees. As ons dierbare Verlosser nie gekom het nie, sou hierdie groot gevalle Wêreldmens nooit weer kon lewe nie en sou almal in hierdie gevalle heelal tot niet gegaan het. Hierdie heelal sou dan oneindig ver in die oneindige niks gewerp word, ver weg van die sentrum van ons Vader in die hemel, sodat hy (Lucifer) nooit ooit weer iemand sou kon besoedel nie.

Dank Vader vir Sy groot liefde, wat ons arme skepsele in hierdie groot vervalle ryk kom haal het, deur die ongelooflike groot verlossingsplan van JaHWèshua wat vir ons kom sterf het op Golgota. Omdat slegs een derde van hierdie heelal se wesens agter Lucifer aangeloop het en hom as Godheid aanbid het, was daar nog tweederdes wat dit nie gedoen het nie, en wat getrou aan ons Hemelse Vader gebly het. Maar vanweë hulle posisie in hierdie groot heelalmens, kon hulle ook nie hier uitkom nie, en het hulle ook die ewige dood in die gesig gestaar. Hulle het nie sonde gedoen nie, maar het nou sonde geken, vanweë hulle hoof en sy een derde volgelinge wat gesondig het teen die ewige Liefdesorde van JaHWeH. Deur die groot verlossingsplan te Golgota, het nie net hierdie tweederde die kans op redding gekry nie, maar ook die ander derde wat gerebelleer het, het `n geleentheid verkry om om te draai en deur die

verlossingsbloed wat te Golgota gestort is, gered te word. Dit word vervat in die gelykenis van die verlore seun in die Skrif in **Lukas 15:11**. Gaan lees dit weer, met hierdie verhaal in gedagte, en u sal sien wie is die verlore seun, en wie is die seun wat by die Vader gebly het.

Ook is die sondeval in die eerste skeppingsverhaal, die verhaal van Adam en Eva, met hulle eerste twee seuns, `n afbeelding van hierdie groot val van die Wêreldmens, Lucifer. Adam en Eva stel hier, deur hul val in die sonde, die val van Lucifer en sy vroulike gees, Satana voor. Net soos wat hulle na die sondeval uit die suiwer paradys uitgedryf is, so is die hele heelal, die Wêreldmens, genaamd Lucifer, uit die koninkryk van JaHWeH verban. Die een goeie seun, Abel, stel die tweederdes kinders voor wat nie gerebelleer het nie. Kain, die moordenaar, stel die eenderde rebelle voor. So vermoor Kain, die eenderde rebelle dus die tweederde wat getrou gebly het aan JaHWeH. Dit is primêr vir hulle wat ons Verlosser gekom het, alhoewel die Kaingedeelte ook berou kon toon, en deur die verlossing te Golgota, die ewige ryk van die lig binnetree.

Ons sal nou verder kyk waarom ons planeet aarde gekies is om die Melgisédek-orde op te vestig, en waarom ons Meester hierdie planeet uitgekies het vir Sy groot verlossingsplan, waar uiteindelik, die ganse heelal gered sal word, elke lewende wese die potensiaal sal ontvang om vanuit sy vasgevangde posisie in die materie van die groot Wêreldmens, oor te gaan na `n ewiglewende geesteslewe. Dit moet ook hier genoem word dat materie niks anders is as gees wat deur die wil van ons Vader vasgehou word nie. Omdat alles uit vibrerende atome, neutrone en elektrone bestaan, is niks eintlik star nie. Die krag van JaHWeH hou alle materie in gevangenskap. Dit is primêr omdat Lucifer sy hart verhard het teenoor die Liefde van die Vader, en die Vader hom (Lucifer) toe verhard het, oftewel in materie verander het, synde die ontelbare klomp heelalsfere met hul

sonne, planete en sterre. Daar was `n baie belangrike rede hiervoor, maar wat hierdie boek nie nou sal behandel nie.

Kom ons kyk hoekom die aarde gekies is vir hierdie groot verlossingsdaad. Die volgende aanhalings kom uit die **Groot Johannes Evangelie Boek 8 – Hoofstukke 56 en 57**

### *Die besondere plek van die aarde in die totale val van Lucifer*

***56*** *.....*

*[2] Wel nou, toe ek my gedagtes daaroor laat gaan, kom die vraag in my hart op, hoe en* ***om watter rede U, o Meester, juis op hierdie, en in alle opsigte skamel aarde hom beklee het met `n menslike liggaam soos die mens dit ook op hierdie aarde*** *het, aangesien daar vir U, vir hierdie doel, tog tallose miljarde van die pragtigste en grootste sonwêrelde ter beskikking staan. Wil U nie vir ons ook daaroor nog enige, en vir ons Romeine `n begryplike, opheldering gee nie?"*

*[3]* ***Ek*** *sê: "O ja, - alhoewel Ek by die ontsluiering van die materiële skepping, met name by die beskrywing en duidelike verklaring van die ordening van die sonne in `n hulssfeer en daarna van die gehele groot Skeppingsmens, julle almal daarop gewys het hoe en waarom Ek juis op hierdie aarde en ook juis in hierdie tyd Myself met `n liggaam beklee het; maar ook as Ek dit vir julle opnuut sou uitlê, sal julle dit tog nie heeltemal tot op die bodem kan begryp nie, solank julle nog nie self in die gees wedergebore is nie. Maar desondanks sal Ek julle tog `n klein aanwysing daaroor gee, omdat Ek voorsien dat juis hierdie punt, onder die toekomstige filosowe en godgeleerdes, `n baie belangrike strydvraag kan en ook sal word. Luister dus nog `n keer na My!*

*[4] Die eintlike rede is natuurlik geleë in My wysheid en My wil. Dat elke mens net soos elke warmbloedige dier* ***`n hart*** *het, waar sy liggaamlike lewe van afhanklik is, sal julle almal goed weet, maar hoe die hart opgebou is,*

*weet julle nie; Ek weet dit egter baie goed en weet daarom ook wat dit is waardeur die hart leef.*

*[5] In die hart is daar twee uiterste klein kamertjies, wat ooreenkom met beide die groot bloedkamers. Voor julle oë sou hierdie twee kamertjies byna as baie klein puntjies sigbaar wees. Hoe klein hierdie puntjies egter ookal mag wees, tog hang in die eerste plek* ***, die lewe van die hart en daardeur ook die lewe van die hele liggaam*** *en al die tallose dele en organe van die inrigting daarvan af.*

*[6] Die een, eerste, en as gevolg daarvan, allerbelangrikste kamertjie,* ***kom ooreen met wat van die gees is en derhalwe van wat die eintlike lewe is****, en ons sal dit die "bevestigende", die "positiewe" en dus die ware noem. Die tweede, en in `n sekere sin minder belangrike, hoewel ook absoluut noodsaaklik vir die natuurlike lewe van die liggaam, sal ons met die materie ooreenkomstige, dus ook die "ontkennende" noem. Dit het op sigself geen lewe nie, maar is slegs `n opnamehouer van die lewe wat met elke nuwe hartslag uit die bevestigende kamertjie as`t ware opnuut opneem en dit vervolgens via die bloed aan die hele liggaam meedeel.*

*[7] Uit die maklike te verstane beeld kan julle nou goed aflei van watter aard die hart in sy bestaansgrond is en moet wees, om aan die hele liggaam lewe te kan verskaf. Dat die hart bowendien nog `n baie uitgebreide, buitengewone kunstige en uiterste wyse organiese-meganiese werking het en moet hê* ***vir die verdere oordra van die lewe*** *wat daarin ontwikkel, dit spreek ook sonder verdere verklaring vanself; want wanneer iets verder gebring moet word, moet vir die doel ook goeie gebaande weë bestaan en die middele om dit oor te bring moet aanwesig wees. Vir die beligting van ons onderwerp, het ons egter vernaamlik alleen die twee kamertjies nodig, en daarvan eintlik alleen die bevestigende positiewe kamertjie."*

### ***Ooreenkoms tussen die mikro-kosmos en die makro-kosmos. Die redes vir die menswording van die Meester op hierdie aarde***

***57*** *(**Die Meester**:) "Kyk, soos elke mens in die kleine ook ten behoewe van sy kort liggaamlike proeflewe op `n bepaalde manier ingerig is, so is die hele Groot Skeppingsmens ook in sy algehele omvang op ooreenkomstige wyse ingerig!*

*[2] Nou moet julle bedink dat hierdie hulssfeer, waarin hierdie aarde, met die maan, die son en alle ontelbaar baie ander sonne en hemel-liggame hulleself bevind,* ***by die inrigting van die hart van die Groot Skeppingsmens hoort****, en dat hierdie son, met die planete wat om haar heen sirkel, die "bevestigende, positiewe kamertjie" voorstel, en dat binne die lewenskamertjie juis deur hierdie aarde, op ooreen-komstige wyse, in die eintlike geestelike basisstof van die lewe voorsien word - iets waarvan `n wêreldse geleerde wel nooit die hoe en waarom sal kan insien nie. Maar Ek, as Skepper van die oneindigheid uit Myself, weet dit en kan julle dus ook sê hoe dit hiermee gestel is.*

*[3] Ek is egter van ewigheid die grondslag van al die lewe en al wat bestaan, en is derhalwe ook die oer-bevestigende, positiewe lewenskamer in die ewige lewenshart van die oneindigheid.*

*[4] Toe Ek dus volgens My Liefde, Wysheid en Orde in Myself besluit het om My in die liggaam van `n mens te klee, kon Ek dit, in ooreenstemming met die ewige orde in die Groot Skeppingsmens, immers ook maar net realiseer het op die punt dat, ook al is dit uit My geskape,* ***dit volkome met My Oerwese moet ooreenkom.***

*[5] Daarmee is weliswaar nie gesê dat waar hierdie aarde, waarop ons nou is, die eintlike sentrale positiewe punt sou moet voorstel nie. Dit sou ook `n ander aarde (planeet) kan wees wat by hierdie son hoort, en daar*

*was ook al `n ander daarvoor bestem; maar die bewoners daarvan het hulle nog baie onwaardiger gedra as die bewoners van hierdie aarde nou, en daarom was daardie aarde verwerp en saam met haar bewoners verwoes.*

*[6] Omdat hierdie aarde nou sedert die tyd van Adam daartoe uitverkore was, en Ek op haar bodem nou die liggaamlik-menslike aangeneem het,* ***sal sy dit ook bly tot aan die einde van die tyd van die geoordeelde geeste in alle materie****, en julle sal in die gees ook diegene bly wat die oorspronklike lewe uit My in alle oneindigheid en ewigheid sal uitdra, en om die rede My ware kinders wees.*

*[7] Kyk, so is nou baie in kort en so helder as moontlik vir julle die rede uiteengesit, waarom Ek maar net op hierdie aarde en op geen ander aarde (planeet), hoe groot of volmaak ookal, uit suiwer liefde vir diegene wat nou My kinders is, die liggaamlike menslike bestaan kon aanneem nie!*

*[8] Daar is egter naas hierdie vernaamste rede ook nog ander redes, wat My wil saam bepaal het in ooreenstemming met die ewige orde. Maar hierdie bykomende redes is tog slegs die noodsaaklike gevolge van die eintlike hoofredes en ons hoef dit dus nie afsonderlik te belig nie.*

*[9] Een dergelike rede is byvoorbeeld die algehele verdeemoediging en vernedering, waarsonder ook `n hoër gees hom nie met die vlees van die lewensproef kan beklee en vervolgens weer in die mees vrye en selfstandige lewe kan oorgaan of terugkeer nie; en ook dit weerspieël hierdie aarde.*

*[10] Die bevestigende, positiewe lewenskamertjie in die hart is onder die liggaamsdele seker ook die mees onaansienlikste deeltjie van die hele liggaam; dit is duister en word nooit deur die strale van die son verlig en word selfs deur die mense, aan wie dit tog lewe verskaf, glad nie geken en gewaardeer nie. Ja, wanneer mens daaroor sou spreek voor die wêreldse*

*geleerdes, dan sou hulle hulle skouers ophaal en sê: "Hoe is dit nou moontlik dat die magtige, algemene lewe van `n mens afhang van `n nouliks sigbare klein puntjie?!" Daaruit blyk tog wel duidelik dat selfs die grootste geleerdes, laat staan nog ander gewone mense, hulle eie bestaansgrond nie in die minste ken nie.*

*[11] En tog moet elke mens wat homself en God werklik wil leer ken, die uiterste onaansienlike lewenskamertjie van sy hart langs die weg van uiterste deemoed en volgsaamheid binnegaan en die daaruit ontvangde lewe weer geestelik teruggee! Wanneer `n mens dit doen, maak hy die lewenskamertjie groter en verlig hy dit deur en deur.* ***En as dit gebeur het, word die hele hart en, vanuit die hart, die hele mens verlig*** *en ken hy homself en daardeur ook vir God, omdat hy dan eers kan gewaarword en kan sien hoe die lewe vanuit God die kamertjie binnestroom, dit daar versamel en hom tot `n vrye, selfstandige lewe ontwikkel.*

*[12] In die kamertjie woon derhalwe die eintlike gees uit God, en as die siel van die mens die kamertjie deur die regte deemoed en volgsaamheid binnegaan, soos die liefde van die egte mens ook die ewige, ongeskape liefde van God binnegaan, dan verenig die siel haar daardeur met die ewige gees uit God en verenig hierdie gees hom met die geskape siel, en* ***dit is dan die wedergeboorte van die siel in die gees uit God****.*

*[13] Soos `n egte mens dit ook moet doen om in homself die volle heerlikheid van die lewe binne te gaan, so het Ek dit nou ook Self gedoen om julle `n ware voorbeeld en `n baie betroubare wegwyser in die Groot Skeppingsmens te gee, en het Ek op die aarde gekom omdat dit, soos ook reeds gesê, volgens My ewige orde met die bevestigende, positiewe kamertjie ooreenstem, om so tot My eie en daardeur ook julle grootste heerlikheid binne te gaan in die volledige mag in die hemel en op alle aarde.*

*[14] Weliswaar was Ek reeds van ewigheid in Myself in*

*die besit van alle mag en heerlikheid,* ***maar tog was Ek vir geen enkele geskape wese `n sigbare en `n tasbare God nie****, ook nie vir die mees volmaakte engel nie. As Ek My tot op sekere vlak sigbaar wou maak vir iemand soos Abraham, Isak en Jakob, dan het dit gebeur deurdat Ek `n engel (***eerste** **Melgisédek***) spesiaal sodanig vervul het met die gees van My wil, dat hy op bepaalde oomblikke My persoonlikheid voorgestel het. Maar van nou af aan het Ek vir alle mense en engele `n sigbare God (***Ewige Melgisédek Priester***) geword en het Ek vir hulle die grondslag gelê vir `n totaal volmaakte, ewig en selfstandige vrye en as gevolg daarvan ware lewe; en daaruit bestaan dan ook My eie groter verheerliking en daarmee ook die van julle.*

*[15] Want hoe kon selfs die mees volmaakte engele en ook die vroomste mense van hierdie en alle ander aardes (planete) die God, wat hulle nooit gesien het en daarom ook nooit begryp het nie, in waarheid verheerlik deur `n ware en lewende liefde vir Hom? Want daar word altyd gesê: Niemand kan God sien en daarby die lewe behou nie; want die suiwer Godheid is in Homself `n verterende, ewige vuur!" Die vuur is nou in My bedek en getemper deur die liggaam van My, en nou geld nie meer: Niemand kan God sien en lewe nie!", maar: "Van nou af aan sal elke engel en mens God kan sien en lewe; en wie God nie sal sien nie, sal `n baie ellendige en `n geoordeelde lewe hê!"*

Hiermee sien ons waarom die JaHWèshua as Melgisédek Priester Homself in vlees moes kom omhul. Nou kan ons die onsienlike en allergrote JaHWeH sien met ons oë, aan Hom vat, saam met Hom eet en gesels, en nie sterwe nie.

*[16] Wat Ek julle nou gesê en getoon het, is sodoende sekerlik ook `n belangrike bykomende rede* ***waarom Ek slegs op hierdie aarde****, die menslike vlees aangeneem het.*

*[17] Soos julle ook nou uit hierdie beskrywing sonder*

*meer duidelik moes begryp het, waarom Ek op hierdie en geen ander aarde die menslike vlees kon aanneem nie, sal julle ook die volgende nog helder kan begryp en insien.*

*[18] Julle het gesien hoedat `n bepaalde uiters onaansienlike bevestigende, positiewe lewenskamertjie van die hart as die eintlike grondbeginsel van die lewe van die mens ook as enigste in staat is tot die helderste en mees ware intelligensie, en derhalwe reeds in homself die lig, die waarheid en die lewe is. So is dit ook gestel met die mense van hierdie aarde. Oorspronklik is hulle ten opsigte van die mense van ander aardes ook baie onaansienlik, blind, duister, klein, swak en magteloos; die geeste van ander hemelligame ken hulle eintlik nie, soos die mens van hierdie aarde homself uiteindelik ook nie ken nie.* ***Maar in die verborge innerlike kern van hulle lewe is hulle vanuit My die fundamentele lewenspunt van die gehele Groot Skeppingsmens*** *en kan vanuit hulleself dan ook baie hoë lewenskapasiteite ontwikkel, wat by die mens van ander aardes slegs in `n baie eensydige en ondergeskikte graad voorkom.*

Daarom kan slegs mense wat die vleespad op hierdie planeet aarde geneem het en die toets geslaag het, geroep word as kinders van die Allerhoogste, wat niks anders is as opneming in die Melgisédek-orde nie.

*[19] Kragtens sulke baie hoë en goddelike kapasiteite van die mens van hierdie aarde, waartoe ook veral, `n goeie geartikuleerde uiterlike en innerlike taal, die skryfkuns en rekenkunde en nog baie ander dinge behoort, is hulle dan ook as enigste in staat om die geopenbaarde woord uit God se mond, byvoorbeeld eers in die uiterlike betekenis van letters of beelde, en van daaruit vervolgens ook in die ware geestelike sin en ten slotte ook in die diepste sin van die hemelse lewe te verneem.*

*[20] Die vermoë is iets onskatbaar groots en voortreflik,*

*soos ook die lewe- en intelligensievermoëns van die bevestigende, positiewe lewenskamertjie van die hart, wat die onskatbare volmaaktste en edelste deel van die hele mens is. En ook weer daarom, kon Ek alleen maar by julle op hierdie aarde kom en by niemand anders op `n ander aarde nie.*

*[21] Kyk, dit is dan weer so `n rede waarom Ek alleen op hierdie aarde die menslike vlees kon aangeneem het! En dit is dan so die vernaamste redes vir My menswording op hierdie aarde.*

*[22] En dink nou tog daaroor na, en gee dan julle mening oor hoe julle dit nou begryp het!"*


## Die Bloed van die Melgisédek Ark val op die Verbondsark van die Levitiese orde

14 Hiermee sien u dus die belangrikheid van ons aarde, as niksbeduidende planeet in die heelal, as lewenskamertjie waaruit die lewe van die Groot Skeppingsmens moes voortkom. Die lewenskamertjie of lewenspuntjie van die hart stel die aarde voor, en die puntjie van die puntjie sal die koppie Golgota wees, waar die lewe geskep is deur die grootste verlossingsdaad ooit.

Dit is ook hier waar die Meester Sy bloed vir die sonde van die ganse gevalle heelal gestort het, wat deur die kraak in die koppie, waar Sy kruis geplant was, geloop het en in `n grotkamer beland het en gestort is bo-op die versoendeksel van die verbondsark, wat 600 jaar tevore hier verberg is deur Jeremia (**1 Makkabeërs 2:4-8**). Hierdie ongelooflike verhaal kan u gaan opsoek op die Internet deur die naam, Ron Wyatt in te lees op u soekenjin, wat die geoloog was wat hierdie ongelooflike ontdekking gemaak het, maar wat vir die grootste deel van die wêreld verborge gehou is. (sien skets hiernaas)

So het die Lewende Verbondsark, JaHWèshua Homself, finaal die ou Levitiese orde afgehandel, deur Sy bloed te stort vir ons op die Versoen-deksel en geen dierebloed kon ooit weer op hierdie Versoendeksel gesprinkel word nadat Sy bloed daarop beland het nie. Dit is verstaanbaar dat die Jode (slangsaad van Lucifer) hierdie daad moet verdoesel, want hulle vals messias (Antichris) sal vanuit `n nuutopgerigte tempel in Jerusalem regeer, en heel moontlik gebruik maak van `n replika verbondsark. Ook wil die vals Christendom nie veel weet van hierdie verhaal nie, want as Sy bloed op die versoendeksel van die Verbondsark geval het, is die kindskap en verlossing mos net vir Israel alleen,

want slegs Israel was onder die Levitiese orde se wette. Verwysend na ons vorige gedeelte oor **Hebreërs 8**, is die Melgisédek koning en priesterorde **<u>wetlik gegrond</u>**, vir Israel alleen.




**Die skets toon duidelik hoedat die bloed van JaWèshua teen die folterpaal af, deur die kraak, op die Verbondsark se versoendeksel geval het**

## DIE HERSTEL VAN DIE HELE SKEPPINGSMENS VANAF DIE AARDE

**15** In die volgende gedeelte vervul ons Meester die Romein met Sy Gees en hy verklaar die herstel van die ganse heelal, as ledemate in die Groot Skeppingsmens, oftewel die groterwordende Melgisédek-orde, as volg in die **Groot Johannes Evangelie Boek 8 – Hoofstukke 60:**

### *Die betekenis van ons aarde*

***60* Die Romein** *sê: "O Meester en Leraar, deur hierdie tweede toeligting van U op hierdie vir My en seker ook vir elke ander baie belangrike saak het ek ook in `n hele son vol van die sterkste lig beland!* ***Ons op hierdie aarde****, wat met U in `n baie hegte en innige verbinding van liefde en wysheid lewe, is vir die algehele, eindelose Groot Skeppingmens presies en - gesien die feit dat U in ons onmiddellike nabyheid is - noodsaaklikerwys* ***dit wat in ons hart die bevestigende lewenskamertjie is.*** *Die ander hemelliggame met hulle mense, die hulssfere met hulle sonne-alle en sentraalsonne se verhouding tot ons is soos die orige deel van ons liggaam en ons siel tot die lewenskamertjie van ons hart.*

*[2] U is nou eenmaal hier by ons in U mees volkome en intense goddelike persoonlikheid, en U beheer die hele oneindigheid natuurlik ook vanuit geen ander plek, as daar waar U geheel en al aanwesig is, en ons mense van hierdie aarde en allermeeste nou hier op hierdie plek is in ons groot liefde vir U,* ***beslis ook U naaste omgewing****, en deur die aanneem van U leer, U goddelike liefde en wysheid is ons tewens U mees lewende, en deur U wil U magtigste en mees werksame omgewing.*

*[3] Wanneer dit nou so en onmoontlik en ondenkbaar anders is nie, hoe kan dit dan anders wees as dat, deur*

*U wil **ook alle ontwikkeling vanuit ons (**__**DIE TE OPGERIGTE Melgisédek-Orde**__**) na alle ontelbare baie ander hemelliggame en die bewoners daarvan moet oorvloei** op `n wyse wat natuurlik aan ons onbekend is, net soos ook die fundamentele lewe en alle orige ontwikkeling in die hele mens oorvloei vanuit die baie klein hartkamertjie, op `n wyse wat die fundamentele lewe in die kamertjie seker ook nie bekend is nie, voordat die volledige wedergeboorte plaasgevind het!*

*[4] Dat dit hiermee beslis so gestel is, ly geen twyfel nie; aan die "hoe" het ons egter voorlopig, as geestelik nog onmondige kinders van U liefde en barmhartigheid, nie soveel geleë nie. Want U, wat die groot "hoe" seker al sedert ewigheid maar al te duidelik ken, is immers by ons en sal ook, veral in die gees, by ons bly, nie net tot aan die einde van die tyd nie, maar na my mening vir ewig! As U nou ewig by en onder ons bly, dan kan die onderlinge verhoudinge met betrekking tot bestaan en ontwikkeling in die hele oneindigheid immers ook nooit verander nie, omdat die verhouding wat daar nou bestaan, dit wil sê die tussen U en ons, immers ook nooit kan verander nie.*

*[5] Want die lewenskamertjie van die hart sal nooit in byvoorbeeld die oë, ore, neus of die maag, die niere, die milt of die hande en voete van die liggaam of heeltemal in die uiteinde daarvan beland nie, alhoewel elk van die liggaamsdele, groot of klein, ook `n eie sentrale lewensorgaan sal hê, omdat dit andersins die lewe vanuit die fundamentele lewe van die hartkamertjie nie sou kan opneem en aanneem en vir sy spesifieke doel effektief sou kan gebruik nie.*

*[6] Want die oog gebruik die lewe, wat vanuit die hart in die mens binnestroom, seker baie anders as die oor, en so doen elke deel van die mens dit anders, na gelang sy eie doeleindes; maar uiteindelik is al die eindelose vele dinge tog slegs één volkome geheel en beantwoord dit volledig aan die oorspronklike funda-*

*mentele lewe in die hart en vind dit daarin homself terug as in sy oorspronklike geboorteplek. En as dit homself daar gevind het, dan is die "homself-vind" nou presies dit wat U, o Meester, so treffend die wedergeboorte in die gees noem.*

*[7] En nou skiet daar `n byna eindelose grootse gedagte deur my heen, so helder en lig as wat die son daarbo skyn! Behalwe die wedergeboorte van `n mens op hierdie aarde, waarvan ons nou glashelder weet waaruit dit bestaan en waarvan ons weet dat ons dit ook baie verseker sal bereik, lig daar nog `n ander,* ***eindelose groot wedergeboorte in die gees op, naamlik die van die algehele Groot Skeppingsmens!***

*[8] Uit myself sou ek sekerlik nie in die lewe self daarop afgekom het nie, as U, o Meester, my nie `n aanwysing daarvoor gegee het nie; maar dit het U My slegs so groot as `n vonkie gegee, en kyk, dit het in my nou in `n stralende son verander!*

*[9] Kyk, in U eindelose helderheid sê U dat by `n mens wat volledig in die gees wedergebore is, sy fundamentele lewe en al sy eindelose baie dele dermate deurstroom, dat daar vervolgens in die hele mens één oorspronklike fundamentele lewe ontstaan en die mens dan ook in al sy dele kan dink, oordeel, gevolgtrekkings trek en vir homself goed verstaanbaar kan spreek, waardeur die hele mens dan net soos U tot `n lewende woord word!*

*[10] Soos ook egter by `n mens, wat volledig in die gees van sy fundamentele lewe leef en heeltemal daarvan deurdring is, alles tot `n baie helder en lewende woord word, so sal uiteindelik tog ook by die gehele Groot Skeppingsmens dieselfde die geval moet wees. Deur U sal hy in al sy so oneindig baie dele van ons deurdring word en ons lewe en lig sal in die hele eindelose omvang van die oer-skeppingsmens werksaam wees en straal,* ***en so sal die gehele Groot Skeppingsmens met ons en U, o Meester, ook slegs één grootse en lewende woord word.***

*[11] En so het ek nou die indruk dat ek nou ook al `n bietjie van die groot "hoe" begryp; want volgens U ewige orde kan dit maar net so en nie anders gaan nie, dat uiteindelik ook die gehele Groot Skeppingsmens in al sy dele deur ons mense van hierdie aarde, met ons insig en ons ontwikkeling deurdring word, net soos wat ons lewend word.*

*[12] En nou voeg ek nog iets daaraan toe, as `n soort bewys van die waarheid uit U mond; want deur U barmhartigheid het ek reeds vanaf my jeug `n buitengewone skerp en sterk en tot nou toe onverwoesbare geheue gehad en het dus ook elke woordjie wat U gespreek het, baie goed onthou.*

*[13] Kyk, op die berg het U ons eens `n verhaal vertel oor `n sekere verlore seun wat na sy vader terugkeer, om ons die grootsheid van U goddelike en vaderlike barmhartigheid baie goed duidelik te maak; maar destyds het ek U woorde al baie anders beoordeel as wat menige ander dit miskien gedoen het vanuit hulle, weliswaar goeie, maar origens tog nog ietwat beperkte gesigsveld en bevattingsvermoë; en dit het ek makliker gedoen, omdat U ons Self veelseggende aanwysings daarvoor gegee het.*

*[14] Op klein skaal blyk hierdie in `n sekere sin verlore en daarna weer tot sy vader teruggekeerde seun my in eerste instansie sekerlik die wedergeboorte van `n mens van hierdie aarde aan te dui, waarvan ons nou al bekend is wat dit is,* ***maar op die grootste skaal tegelyk ook die toekomstige totale wedergeboorte van die algehele Groot Skeppingsmens.*** *Want, Meester, U woorde is geen menslike woorde nie, maar dit is God se woorde; en dit het nie net betrekking op ons nie, maar via ons ook op die gehele oneindigheid, in die natuurlike, sowel as in geestelike opsig. Want die hele skepping is immers sedert ewigheid ook U gedagte, U woord en U wil.*

*[15] Meester en Leraar, het ek in my sterke, menslike en heidense swakheid die onderrig wat U My gegee*

*het, wel min of meer waar opgeneem?"*

Hierna bevestig ons Meester dat hy alle dinge so gespreek het vanuit die Gees en dat dit volkome waar is. So sien ons dan dat die uiteindelike grootte en omvang van die Melgisédek-orde so immens groot is, dat die menslike verstand, vasgevang in die materie, dit nooit volkome sal kan begryp nie. Hoe oneindig groot en wonderbaarlik is ons dierbare Vader nie! Hoe groot is die dinge wat Hy vir ons voorberei het, en hoe halfhartig probeer ons om Sy groot liefdesgebooie te hou, en hoe smekend pleit Hy nie by ons om hierdie grootse geskenk aan ons as lakse mense, te gee nie!

## DIE NEERDALING VAN DIE NUWE JERUSALEM

**16** Hierdie gedeelte in die Skrif is al soveel male bespreek en aangehaal, maar wat bedoel die Vader werklik met hierdie neerdaling van die Nuwe Jerusalem. Dit is van groot belang vir ons studie van die Melgisédek-orde, want uit ons voorafgaande gedeeltes, sien ons dat 144 000 **Israeliete** die eerstelinge van hierdie orde is. Ook sien ons in **Openbaring 21:12** dat die stad wat neergedaal het, 12 poorte het met poorte wat die name van die twaalf stamme van **Israel** daarop. Ook is daar `n muur **(vers 17)** wat 144 voorarm (el) hoog is, wat ook die maat van `n adamiet (blanke) en `n boodskapper (engel) is. Hierdie 144 el sal verseker verband hou met die getal van 144 000 eerstelinge. Ons kan dus hieruit aflei dat hierdie 144 000 eerstelinge dus die muur oftewel grens vorm van die Nuwe Jerusalem, met die 12 Apostels as fondamente **(vers14).**

Ons weet uit ons voorafgaande studie dat al 144 000 wedergebore sal wees, dus almal op die berg Sion, die hoogste vorm van geestelike groei wat op aarde bereik kan word. Die Berg Sion is dus die muur. Elke een wat die stad wil binnegaan, sal deur `n poort moet inkom, slegs as hy `n Israeliet is en staan op die fondament van die leer van JaHWèshua.

Die muur stel dus die skeiding voor tussen die geestelike (binne die stad) en die materiële (buite die stad). Dus sal die 144 000 Melgisédek priesters `n vermoë besit om in die materiële skepping (buite) te werk, en ook sal hulle terselfdertyd in die geestelike sfere (binne) kan werk. Hulle is dus in der waarheid, `n oorgangsorde, `n fasiliteringsorde, gebou op die leer van die gebooie van ons Meester, gerig daarop om Israeliete wat in die materie/leuen/dwaling vassit, te bring na die volle waarheid, wat slegs binne die

geestesfeer bestaan. Kom ons lees wat in die **Groot Johannes Evangelie – Boek 6 Hoofstuk 13** staan.

## Bewyse uit die Nuwe Openbaring

### *Die nuwe ster en die nuwe Jerusalem. Die voorwaarde vir die ewige lewe*

***13*** *Toe vra* ***LASARUS****: "Meester, dit is `n onbekende ster, wat ek nog nooit voorheen gesien het nie! Wat se ster is dit en wat beteken dit?"*

*[2]* ***EK*** *sê: "Wees jy maar net rustig, want julle sal almal hierdie ster dadelik van naderby leer ken!"*

*[3] Daarop het Ek vir alle aanwesiges vir enkele oomblikke hul innerlike gesig geopen en die ster het `n wêreld vol lig geword en* ***in die middel daarvan het `n nuwe Jerusalem gestaan****, wat twaalf poorte gehad het en die ringmure, wat `n vierkant gevorm het, was uit eweveel soorte edelstene gebou soos wat daar poorte in die stad was. Deur alle poorte het engele in- en uitgegaan; ook was Moses en EliJaH weer aanwesig met nog talle ander profete. Die Judeërs het hulle uitermate daaroor verbaas en het begin om My te loof en te prys omdat Ek aan hulle die groot barmhartigheid bewys het om hulle dit te laat sien. Maar Ek het hulle weer in hulle natuurlike toestand teruggeroep en toe het hulle maar net weer die helder ster gesien, wat steeds kleiner geword en uiteindelik heeltemal verdwyn het.*

*[4] Toe die hele skouspel ten einde was, het byna almal tegelyk vir My gevra wat dit nou was.*

*[5]* ***EK*** *sê:* ***"Daar was My nuwe leer te sien, wat Ek uit die hemele aan julle gee. Dit is die ware, nuwe Jerusalem uit die hemele; want die ou, aardse het geen waarde meer nie.*** *Die twaalf poorte dui op die twaalf egte stamme van Israel en die twaalf soorte edelstene van die ringmure dui op die* ***tien gebooie van Moses*** *en die boonste twee rye uit diamant en robyn dui op My* ***twee gebooie van die liefde*** *vir God en die*

*naaste. Die engele wat by die poorte uit- en ingaan, dui op die talle waarhede wat vir die mense duidelik word deur My leer getrou in ag te neem. Diegene wat uit die stad uit gaan, gee die groot wysheid weer van My leer en die talle mense wat in die stad ingaan, gee weer hoe die mense hierdie leer van My as pure liefde ook in hulle harte moet laat kom en daarvolgens moet handel, dan sal hulle daardeur tot die ware, geestelike wedergeboorte kom en daardeur in alle waarheid en wysheid binnegelei word.*

*[6] Dit is die betekenis van hierdie gesig en dit is dan ook die ware barmhartigheidson vir elkeen wat My woord hoor en daarvolgens leef en daarin sal ook almal wat nou en later in My glo, vir ewig by My wees en* ***by My woon en saam met My alles bestuur en lei wat in die ewige ruimte geskape is.*** *(***die Melgisédek-orde***)*

### *Die uitleg van die derde ligverskynsel*

Nog `n verdere bewys dat die Nuwe Jerusalem `n nuwe leer gaan wees, want eintlik die ou leer was, vind ons in die **Groot Johannes Evangelie – Boek 7 Hoofstuk 54.** Hier wys die Messias in `n gesig aan die mense hoe die Nuwe Jerusalem vanuit die hemel gaan neerdaal.

***54*** **Nikodemus** *sê: "Majesteit en Meester, dit begryp ek nou en ek dank U uit die diepte van my hart vir hierdie baie belangrike lering! Maar omdat U ons nou die twee ligverskynsels uitgelê het, wil ek U vra om vir ons ook nog die derde verskynsel uit te lê; want daar moet iets baie besonders daarin verborge wees."*

*[2]* ***Ek*** *sê: "Ja, ja, Ek sal wel die derde verskynsel vir julle uitlê, maar julle sal dit nie goed begryp nie;* ***want wat die verre toekoms nog sal bring****, sal julle eers duideliker insien wanneer julle in die gees wedergebore is. Maar Ek sal tog iets daaroor vertel, luister dus!*

*[3] Die* ***ligpilaar*** *wat uit die hemel na aarde teruggekeer het, is* ***Ek in die gees van My lewende woord, wat Ek in die toekoms in die harte van die mense sal lê wat***

***My liefhet en aan hulle wat My gebooie sal hou; na hulle sal Ek Self kom en aan hulle sal Ek My openbaar. En so sal hulle almal opnuut deur God onderrig word.***

*[4] Dat die pilaar in talloos baie dele uiteengaan, beteken dat die innerlike, geestelike betekenis van al My woorde en leringe onthul sal word, wat Ek sedert die begin van die menslike geslag aan die mense by monde van die aartsvaders, die profete en sieners en nou Self gegee het.*

*[5] Uit al die vele gedeeltelike onthullings van die innerlike, geestelike betekenis van God se woord sal daar uiteindelik* ***`n ware en groot lig- en lewensleer ontstaan****, en* ***hierdie leer sal dan die groot en nuwe Jerusalem wees, wat uit die hemel na die mense sal neerdaal****.* ***En wie in die nuwe leer sal wees en lewe, sal in die nuwe Jerusalem wandel*** *en ewig daar woon, en aan hulle grenslose salighede sal nooit `n einde kom nie. Want Ekself sal by hulle wees en hulle sal die tallose heerlikhede van My Liefde, Wysheid en Almag aanskou.*

*[6] Daar sal egter vanaf die ondergang van hierdie ou stad Jerusalem tot by die tyd waarop die nuwe stad van God na die aarde toe kom, weinig lig by die mense op aarde wees; want daar sal maar al te gou `n groot aantal valse profete en priesters in My Naam opstaan en valse wonders verrig en die mense mislei en blind maak. Ja, die Antichris sal sulke dinge met die hulp van die aardse konings doen, dat selfs My uitverkorenes, as Ek dit sou toelaat, verlei sou word om hulle knieë te buig vir die nuwe Baäl. Dan sal Ek weer `n tyd van groot nood onder die mense laat aanbreek, soos wat daar nog nooit vroeër onder die son voorgekom het nie. Dan sal Baäl netsoos die groot hoer van Babel terneergewerp word,* ***en die lig van die lewende woord in die harte van vele mense sal dan skyn*** *en sal die mense wat gebuk gaan onder hierdie nood, oprig en verlos, en hulle sal hulle almal verheug in die nuwe lig en My*

*Naam loof en prys.*

*[7] In die tyd sal die mense dikwels* ***omgang hê met die rein geeste uit My hemel, wat hulle leraars sal wees*** *en hulle sal onderrig in alle geheime van die ewige lewe in God, netsoos dit in die derde verskynsel aan julle getoon was deurdat daar mense deur die twaalf poorte in- en uitgegaan het.*

In die **Groot Johannes Evangelie – Boek 9 Hoofstuk 90** vind ons die volgende bevestiging wat nou besig is om te gebeur in Suid-Afrika ons Vader se toegewyde kinders.

***Oor die nuwe tyd***

***90*** ***Eén van*** *die sogenaamde* ***Judese Grieke*** *sê: "Majesteit en Meester, sal daar* ***by U tweede koms*** *op hierdie aarde* ***ook `n leer*** *aan die mense gegee word? As U weer met hierdie leer by hulle sal aankom, sal hulle immers ook sê: "O, gaan tog weg met die leer, wat soveel onheil op aarde aangerig het!"*

*[2]* ***Ek*** *sê: "Vriend, die leer wat Ek julle nou gee, is God se Woord en bly ewig, en daarom sal die mense, waaroor ons nou gesels,* ***ook slegs hierdie leer van My kry****, wat julle van My ontvang het; maar in die tyd sal dit nie vir hulle in verhulde vorm nie,* ***maar volledig onthul volgens sy hemelse en geestelike betekenis****, gegee word, en* ***daaruit sal die nuwe Jerusalem bestaan wat uit die hemele na hierdie aarde sal neerdaal.*** *In die lig daarvan sal dit vir die mense eers duidelik word hoe erg hulle voorgangers deur die valse profete om die bos gelei en bedrieg is, netsoos nou die Judeërs deur die fariseërs.*

*[3] Die skuld van al die vele onheil op aarde sal hulle dan nie meer aan My en My leer in die skoene skuif nie, maar die uiters selfsugtige en heerssugtige valse leraars en profete, wie se mentaliteit hulle in die lig van hulle wetenskappe en vele vaardighede maar al te presies sal deursien het.*

*[4] Wanneer die baie* ***helder lig van die nuwe***

> ***Jerusalem*** *oor die hele aarde sal skyn, sal die leuenaars en bedrieërs volledig ontmasker word en sal hulle die loon vir hulle werk gegee word. Hoe hoër iemand van hulle meen te staan, des te dieper sal sy val ook wees. Behoed julle daarom nou al vir die valse profete! Het julle dit nou ook begryp?"*

Dit is dus duidelik bevestig dat die Nuwe Jerusalem **`n leer is** wat na ons toe sal kom en nie `n fisiese stad nie. Die simboliek in **Openbaring 21** is in verhulde vorm gegee, en wel as `n gelykenis, sodat sommige dit nie sal verstaan en gered word nie (**Markus 4:12**). Dit is dan ook die simboliek van "Hy sal kom op die wolke", wat slegs beteken dat Hy in verhulde of versluierde vorm sal kom, deur middel van die innerlike woord in ons harte. Diegene wat die innerlike stem hoor en gehoor het, is hulle wat die leer ontvang en oordra aan ons ander. So vind die leer dan ingang in ons harte en ons word in staat gestel om die dwaalleringe uit die Bybel, deur vertaling ensovoorts raak te sien, en begin dan eers die woord in sy volle betekenis verstaan.

Die eerste reeks profete was dan inderdaad Jakob Lorber en sy tydgenote, ook Bertha Dudde en nou in 2007 verskeie Boere profetesse en profete. Hierdie leer van ons Meester JaHWèshua is nou lewend en maak harte lewend. Kyk hoe mooi staan dit geskryf in die boek **Openbaring 21:5-7:**

## Bewyse uit Openbaring 21

> *5 En Hy wat op die Troon sit, het gesê:* ***KYK, EK MAAK ALLES NUUT****. (***Die Wedergeboorte van die Melgisédek-orde***) En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie Woorde is waar en betroubaar.*
>
> *6 En Hy het vir my gesê: DIT IS VERBY! Ek [is] die Alef [a] en die Taw [T], die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee* ***uit die Fontein van die water van die lewe,*** **(dit is die Nuwe Leer**) *verniet. [Odes van Salomo 30:1]*
>
> *7 Hy wat oorwin,* ***sal alles beërwe;*** *(***belofte van die***

***Melqisédek-orde**) en Ek sal vir hom 'n Elohim wees, en hy sal vir My 'n seun wees.*

Dit is die begin van die lewende muur van die Nuwe Jerusalem wat nou gebou word. Hoe opwindend dat dit nou in ons tyd plaasvind! Ons word dus deur die Nuwe Leer of Woord omvorm tot nuwe mense, oftewel word ons weder-gebore en ons word self Woord. Die Woord word dus in ons herbore. Ons kan dit dan vergelyk met die geboorte van `n klein seuntjie, `n klein Woord. Dit bring ons dus by die volgende deel van die Boek Openbaring in die Skrif naamlik **Openbaring 5:**

## Bewyse uit Openbaring 5

*5 EN ek het in die Regterhand van Hom wat op die Troon sit, 'n Boekrol* **(Die Nuwe Leer)** *gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël* **(Verseël deur die Liefde Self).** *[Openbaring van Henog 13:56]*

*2 En ek het 'n sterk Boodskapper gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die Boekrol oop te maak en sy seëls te breek?*

*3 En niemand in die Hemele of op die Aarde of onder die Aarde kon die Boekrol oopmaak of daarin kyk nie.* **(Was verborge vir bykans 2000 jaar)**

*4 En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die Boekrol oop te maak en te lees of daarin te kyk nie.*

*5 Toe sê een van die oudstes vir my: Moenie ween nie; kyk,* ***die Leeu*** *wat uit die stam van JeHûWdah is, die Wortel van Dawid, het oorwin om die Boekrol oop te maak en sy sewe seëls te breek. [JeshaJaH 11:10; DaniEl 7:13; 2 Ezra 6:20]*

*6 En ek het gesien, en kyk, in die middel van die Troon en die vier lewende Wesens en in die midde van die oudstes staan daar 'n Lam asof Hy doodgebloei is, met sewe Horings en sewe Oë, wat die sewe Geeste van Elohim is wat uitgestuur is oor die hele Aarde. [2*

*Makkabeërs 12:22; Psalm 82:1]*

*7 Hy het gekom en die Boekrol geneem uit die Regterhand van Hom wat op die Troon sit;*

*8 en toe Hy die Boekrol neem, val die vier lewende Wesens en die vier-en-twintig oudstes voor die Lam neer, elkeen met siters en goue bekers vol reukwerk, wat die gebede van die Apartes is.*

*9 **Toe sing hulle 'n nuwe lied** en sê: U is waardig om die Boekrol te neem **en sy seëls oop te maak**, want U is doodgebloei en het ons vir Elohim met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, [JeshaJaH 53:7]*

*10 en het **ons konings en priesters vir onse Elohey gemaak**,* **(Die oprigting van die Melgisédek-orde)** *en ons sal as konings op die Aarde heers.*

Hierdie boeke was vir bykans 2000 jaar verseël, en ongeveer 170 jaar gelede het die seëls van die verborge waarheid een na die ander begin afkom. Slegs die Messias Self is waardig om die boeke in jou gees te open, sodat jy hierdie kennis kan inneem en wedergebore word. Dan sing jy `n nuwe lied en niemand wat nie hierdie boeke onder oë gehad het nie, kan saam met jou praat en jubel nie. Hulle verstaan nie, en is nog self blind.

Koningskap en Priesterskap van die Melgisédek-orde is dus direk gekoppel aan die nuwe leer wat uit die hemele neergedaal het, dus die Nuwe Jerusalem. Hier is `n groot verborgenheid. As jy die Nuwe leer verwerp, kan jy nie `n Melgisédek priester en koning word nie, so eenvoudig as dit. `n Verdere bevestiging hiervan vind ons in **Openbaring 10** en wel in die verhaal van die boekie wat Johannes moes eet.

## Bewyse uit Openbaring 10

*10 EN ek het 'n ander sterk Boodskapper uit die Hemele sien neerdaal, bekleed met die Wolkkolom, en*

*’n reënboog was oor Sy hoof, en Sy aangesig was soos die son, en Sy voete soos pilare van vuur;*

*2 en in Sy Hand het Hy* ***’n geopende Boekie gehad****, en Hy het Sy regtervoet op die see gesit en Sy linkervoet op die land;*

Dit is nie toevallig dat die gedikteerde Nuwe openbaring aan Jakob Lorber deur die Vader genoem word die **“Groot Johannes Evangelie”** nie. Dit is die geopende Boekie wat Johannes verborge moes hou tot aan die einde, in 1740, toe dit gedikteer was aan Lorber. Daarna sou sewe profete (sewe donderslae) begin praat, maar dit moes ook verseël gebly het tot die einde. Sien volgende twee verse.

*3 en Hy het met ’n groot stem uitgeroep soos ’n leeu wat brul, en toe Hy uitgeroep het, het* ***die sewe donderslae*** *hulle stemme laat hoor. [Boekrol van Henog 20:2]*

*4 En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het ’n Stem uit die Hemele vir my hoor sê:* ***Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie****.*

*5 En die Boodskapper wat ek op die see en op die land sien staan het, het Sy hand na die Hemele opgehef,*

*6 en Hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die Hemele geskape het en wat daarin is, en die Aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is dat daar geen tyd meer sal wees nie;*

*7 maar in die dae van die stem van die sewende Boodskapper,* ***wanneer Hy begin blaas, dan is die verborgenheid van Elohim volbring****, soos Hy die goeie nuus verkondig het aan Sy diensknegte, die Profete.*

*8 En die Stem wat ek uit die Hemele gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan,* ***neem die geopende boekie*** *in die hand van die Boodskapper wat op die see en land staan.*

*9 En ek het na die Boodskapper gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê Hy vir my:* ***Neem en***

> ***<u>eet haar op, en sy sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal sy soet wees soos heuning</u>***. *[JeségiEl 3:1]*

Nou aan die einde van die tyd, word hierdie profesieë geopen en ons neem dit in, eet dit geestelik en dit is wonderlik om te lees, maar sodra die woord in ons geestelike mae beland en ons dit moet verwerk, oftewel doen, raak dit bitter. Dit is dan nie meer so maklik nie, en dit kos deursettingsvermoë en werk om die instruksie daarin te volg, wat maar uiteindelik slegs die gebooie van die liefde is wat nagekom moet word.

> *10 Toe neem ek die Boekie uit die hand van die Boodskapper en eet haar op, en in my mond was sy soet soos heuning; maar toe ek haar geëet het, het my maag bitter geword.*
>
> *11 En Hy het vir my gesê: **<u>Jy moet weer profeteer</u>** oor baie volke en nasies en tale en konings.*
>
> ***11:1*** *EN 'n **<u>riet soos 'n stok</u>** is aan my gegee, en die Boodskapper het gestaan en gesê: **<u>Staan op en meet</u>** die Tempel van die Elohim en die Altaar en die wat daarin aanbid. [Psalm 68:29; Boekrol van Henog 61:2; JôWel 2:17]*

Met hierdie kennis van die Nuwe Openbaring in die lede van die Melgisédek-orde se harte, voorgestel deur Johannes, word die kennis `n riet meetstok waarmee die tempels (harte) van Vader se kinders gemeet sal word. Soos alreeds voorheen gesê, sal die Nuwe Openbaring en dit alleen, die norm wees om deel te word van die Melgisédek-orde. Verwerp die Nuwe Jerusalem Leer en jy sal nooit kan ingaan nie.

**Openbaring 11** volg nou hierna wat niks anders is as die getuienis van die twee getuies nie. Hierdie twee getuies bestaan uit twee olyfbome en twee gemeentes (kandelare). Hierdie getuies is die eerstelinge van die 144 000 eerstelinge op aarde. Dit is hulle wat eerste die innerlike woord begin hoor het, soos hierbo beskryf as die koms van die Seun van die mens in `n wolk (verborge in die harte) en wat getuig van die Nuwe Jerusalem (Nuwe Leer) wat

neergedaal het na die mense. Hierdie skrywe sal egter nie verdere aandag gee aan die verhaal van die twee getuies nie, aangesien dit `n boek op sy eie regverdig. Ons verwys dus net vlugtig hierna en u kan ook in **Sagaria 4** meer hieroor lees.

## Bewyse uit Openbaring 12 en Jesaja 66

Om die volgende verse in **Openbaring 12** te verstaan, is dit noodsaaklik om Openbaring **11:19** saam te lees daarmee:

> *19 En die Tempel van die Elohim het **in die Hemele** oopgegaan, en **Sy Verbondsark is in Sy Tempel** gesien, en daar was **weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.***

Die Verbondsark in die Melgisédek-orde ken ons mos nou. Dit is onse Verlosser, JaHWèshua. Waar is Sy tempel? In ons harte, natuurlik. Wanneer vind hierdie gesig plaas? Die laaste deel van die vers verklaar dit vir ons. Aan die eindtyd, ten tye van die groot natuur kataklisme waarvan **Openbaring 6 en 8** praat. Nou kan ons oorgaan na **Openbaring 12:1** en van daar af verder lees.

> ***12:1** EN 'n groot Teken het **in die Hemele** verskyn: **'n Vrou** wat met die son bekleed was, en die maan was onder Haar voete, en op Haar hoof 'n Kroon van twaalf Sterre; [MattithJaHûW 24:30]*
>
> *2 en **Sy was swanger** en het uitgeroep in Haar Weë en barensnood.*

Hierdie vrou is in die hemelse sfeer, bedoelende dat sy alreeds besig is om die aardse in haarself af te sterf en is besig om EEN te word met die ware Verbondsark, JaHWè-shua. Sy is bekleed met Hom (die Son as Sy Waar-heidsgees) en die Wysheidsgees (maan) en sy dra die kroon van die Waarheid op haar kop wat die 12 stamme van Israel voorstel, soos beskryf in **Openbaring 7**, naamlik 12 000 gekies uit elke stam van Israel soos daar gelys.

Hierdie vrou stel dus Sion aan die eindtyd voor, wat Hy ook noem, die Dogter van Sion, verwysend na die nuwe Sionsvolk. wat 357 jaar gelede aan die Suidpunt van Afrika geplant is. Hulle is op die berg Sion soos in **Openbaring 14** beskryf, saam met die Lam. Sy was swanger, beteken sy is in die proses om wedergebore te word in die gees, of soos vroeër in hierdie boek gestel, sy is besig om deur die voorhangsel heen te beweeg, na die Allerheilige (haar gees) toe, wat ook ons Meester se Gees is, dus totale eenwording van gees.

> *3 En 'n ander Teken het in die Hemele verskyn, en daar was 'n groot **vuurrooi Draak** met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;*
>
> *4 en sy stert het die derde van die **Sterre van die Hemele** meegesleep en hulle op die Aarde gegooi. En die Draak het gestaan voor die Vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy Haar kind sou verslind sodra Sy gebaar het. [JeshaJaH 21:3]*

Hierdie stel die bose voor, wat aan die eindtyd met alle mag en demone uit die hel, gaan poog om hierdie vrou se wedergeboorte teë te staan. Hierdie Sterre is die hoofduiwels in Lucifer se orde wat aan die eindtyd losgelaat word oor die Dogter van Sion in Suid-Afrika en die res van Sion in die wêreld. Hierdie aanslag gaan uit niemand anders uit voortgaan nie, as uit die valse kerke in Suid-Afrika. Die Antichris gaan kragtig deur hulle (sogenaamde Christene) werk om die ware Sion te vernietig.

> *5 En Sy **het 'n manlike Kind gebaar**, wat al die nasies met 'n Septer van Yster sou regeer; en Haar **Kind is weggeruk** na die Elohim en Sy Troon.*

Hierdie manlike kind is die geestelike, die finale wedergeboorte van die Dogter van Sion, oftewel die vorming van die laaste Melgisédek-orde op aarde. Hierdie wedergebore kind (menslike gees) verenig met ons Verlosser op die berg Sion, maar is fisies nog teenwoordig in die persoon se liggaam. Dit word nie uitgeruk nie, anders

sterf die persoon. Die kind bly dus steeds deel van die vrou, of anders gestel; hierdie wedergebore kinders van Sion sal nog steeds deel bly van die vrou, Dogter van Sion. Hulle sal die voorlopers/leiers wees van die vlugtende vrou op aarde, vir 1260 dae, waar hulle apart onderhou sal word deur ons Meester Self.

> *6 En die **<u>Vrou het na die wildernis gevlug</u>** waar Sy 'n plek het wat deur die Elohim gereed gemaak is, dat hulle Haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.* *[JeHôWshua 4:17; 2 Konings 8:1; JeségiEl 19:10]*

In hierdie hemelse sfeer sal daar dan `n geestelike en fisiese oorlog gevoer word deur hierdie twee groepe, die MikaEl-groep wat sal staan vir en in die Melgisédek-orde en die Draak-groep wat die kerke onder leiding van die Antichris sal verteenwoordig.

> *7 En daar het **<u>oorlog in die Hemele</u>** gekom: **<u>MikaEl</u>** en sy Boodskappers het oorlog gevoer teen **<u>die Draak</u>**, en die Draak en sy boodskappers het oorlog gevoer;*
>
> *8 en hulle kon nie oorwin nie, en hulle **<u>plek was in die Hemele nie meer te vinde nie.</u>***
>
> *9 En die groot Draak is neergewerp, die ou slang/ Nagash wat genoem word Duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, **<u>hy is neergewerp op die Aarde,</u>** en sy boodskappers is saam met hom neergewerp.*

Hierdie Draak-groep sal egter op `n sekere stadium uit die geestelike realm gewerp word, slegs na die fisiese toe en hulle geestelike krag sal nul wees. Hierdie hele gebeurtenis word ook beskryf in **Jesaja 66** en sluit aan met **Openbaring 12**.

> ***66:1*** *SO sê JaHWeH: Die Hemele is My Troon en die Aarde die Voetbank van My Voete. **<u>Waar is dan die Huis wat julle vir My sal bou?</u>** En waar die plek wat My rusplek sal wees?* *[Génesis 1:1; 1 Kronieke 28:2; Psalm 99:5]*
>
> *2 Want My Hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek JaHWeH. Maar op hierdie een sal Ek let: **<u>op hom wat arm is en verslae van gees,</u>***

***<u>en wat bewe vir My Woord.</u>***

Hier verklaar ons Vader duidelik dat Hy Sy huis sal bou in die harte van diegene wat arm en verslae van gees is en wat Sy Woord vrees/onderhou. Dit is net Sion wat hom aan die eindtyd nog aan JaHWèshua se Woord sal hou, dus dieselfde huis as in **Openbaring 12**. Hierdie mense is dus die Melgisédek-orde onder leiding en beskerming van MikaEl, die aartsengel wat ons die MikaEl-groep genoem het.

*5 Luister na die Woord van JaHWeH, julle wat vir Sy Woord bewe!* ***<u>Julle broers, julle haters wat julle verstoot</u>*** *om My Naam ontwil, sê: Laat JaHWeH eerbaar word, dat ons julle Vreugde kan aanskou! Maar* ***<u>hulle sal beskaamd staan</u>****!*

*6 Hoor - 'n rumoer uit die Stad! Hoor - uit die Tempel! Hoor -* ***<u>dit is JaHWeH wat Sy vyande hulle dade vergeld!</u>***

Die volgende twee verse beskryf die Draak-groep, naamlik ons broers in die kerke wat ons haat en verstoot oor Apartheid/heiligheid. Dan die rumoer uit Babilon, hulle hoerstad, wanneer JaHWeH hulle sal vergeld, oftewel op die aarde gaan neerwerp, omdat hulle die wedergeboorte van Sion wil verhinder.

*7 Voordat Sy Weë gekry het,* ***<u>het Sy gebaar</u>****; voordat smart oor Haar gekom het,* ***<u>is Sy van 'n seuntjie verlos</u>****. [2 ShemuEl 1:28; 2 Konings 4:17; JeshaJaH 65:9; Openbaring 12]*

*8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of word 'n nasie met een slag gebaar?* ***<u>Want Sion het Weë gekry, meteens Haar kinders gebaar</u>****.*

*9 Sou Ek naby die geboorte bring en Haar nie laat baar nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou Elohey.*

Hier sien ons die wedergeboorte wat in Sion plaasvind, naamlik die totstandkoming van die Melgisédek-orde van eerstelinge uit die 12 stamme van Israel.

> *10 Wees bly saam met **Jerusalem en juig in Haar**, almal wat Haar liefhet! Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!*
>
> *11 sodat julle kan **suig en versadig word aan die Bors** van Haar vertroostinge; sodat **julle kan uitdrink** en julle verlustig in die volheid van Haar Glansrykheid.*

Juig oor die nuwe leer, die Nuwe Jerusalem, wat neergedaal het na Sion, en wat veroorsaak het dat sy, Sion, wedergebore is. Hierdie heerlike geestelike moedersmelk word dan oorvloedig vir Sion gegee, veral gedurende die tydperk waar sy na die wildernis gevlug het en onderhou word, geestelik en fisies.

> *12 Want so sê JaHWeH: Kyk, **die Vrede lei Ek na Haar toe** soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.*
>
> *13 Soos iemand wat deur sy Moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle **sal in Jerusalem getroos** word.*
>
> *14 En julle sal Haar sien, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal **die Hand van JaHWeH bekend word** aan Sy knegte, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees.* [2 Ezra 7:26]

Hierdie Vrede is die Vrede van JaHWèshua, die Vrede van die Vredesverbond van Pinehas, die vrede van Apartheid wat na Sion toe gelei word in die wildernis, waar die Trooster (Gees van Waarheid) binne hierdie nuwe leer (Jerusalem) deur die Melgisédek-orde se lede sal werk na die volk toe. Hierdie orde word dan bekend as die Hand van JaHWeH, oftewel Sy uitvoerende mag op aarde, genoem die Raad van JaHWeH. (sien **Jesaja 14:26**)

## IS DAAR AL REEDS BEGIN MET DIE BOU VAN SO `N HUIS IN SUID-AFRIKA?

**17** Hierdie vraag kan tereg gevra word, of daar al enige aanduiding is dat iemand al besig was met die bou van so `n huis, soos wat ons in die Skrif en in die Nuwe Openbaring van lees. Hierdie vraag kan positief beantwoord en ek verwys u na die Gelofte wat op 16 Desember 1838 gemaak is deur die Boerevolk en hul Skepper. Hierdie belofte om `n huis te stig, is deur Vader geëer, maar Hy woon nie in huise van klip soos kerke en monumente nie. Hy woon in die harte van Sy volk. Dus moet ons gaan kyk, nie by materiële geboue en kerklike strukture nie, maar by Boere wat `n geestelike huis in hulle harte gebou het, en dan sal ons daar kan soek vir die huis van **Jesaja 66:1** "**<u>Waar is dan die Huis wat julle vir My sal bou?"</u>**

Hierdie volgende gedeelte is vervat in `n boekie, "***Dogter van Sion, huis op die Rots***", maar word in hierdie boek geplaas, want dit vorm `n onlosmaaklike deel van die Melgisédek-orde wat tans in Suid-Afrika opgerig word. Omdat ons weet uit **Jesaja 18** en **Sefanja 3** dat die eindtyd Sion in Suid-Afrika sal wees, suid van die riviere van Etiopië, by die volk met die blink/blanke vel, kan ons dus seker wees dat ons dierbare Vader ook hierin werksaam sou wees, om die fondament van hierdie eindtyd orde op te rig in Suid-Afrika, en om meer spesifiek te wees op Boeregrond.

# Dogter van Sion, huis op die Rots



## GESKIEDKUNDIGE OORSIG

**18** Hierdie beknopte geskiedkundige oorsig oor die Dogter van Sion het noodsaaklik geword, aangesien daar heelwat belangrike gebeurtenisse gedurende die afgelope 15 jaar plaasgevind het, wat die toekomstige lotgevalle van die Boerevolk sal bepaal. Hierdie verhaal word nie geboekstaaf om enige mense wat betrokke was, te verheerlik nie, maar alle eer kom alleenlik Hom toe, ons dierbare Abba Vader, wat ons kom verlos het aan die vloekhout by Golgota, wat ons volk kom plant het in die woeste wildernis, hier aan die Suidpunt van Afrika, wat ons gelei het en aan ons die oorwinning by Bloedrivier verseker het, waar ons as volk geformeer was, met die fondament van die geloof in Hom, bevestig in `n nuwe Gelofte op 16 Desember 1838, waar ons as nuutgeworde Boerevolk, beloof het **om vir Hom `n huis te stig**, `n geestelike huis, naamlik `n volk wat Hom sou dien en liefhê binne Sy neergelegde ordes.

Nooit was die bedoeling van die 1838 Gelofte te Bloedrivier dat daar `n ander tempel as die tempel in die harte van die nuwe Boerevolk gebou sou word nie. Nooit was `n kerkgebou of `n monument die bedoeling van die Gelofte nie. God woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie, maar woon in die harte van Sy Volk. Nooit was die bedoeling dat die volk slegs een dag as amptelike Sabbat sou wy op 16 Desember en daarna vir 364 dae van die jaar,

sou voortgaan met hul heidense lewenswandel nie. Die 16 Desember Sabbat was `n herinnering aan hierdie grootse oorwinning oor die magte van die duisternis, maar die inhoud van hierdie Sabbat se Gelofte moes vir 365,25 dae van die jaar deur die volk onderhou word, naamlik om gedurig besig te wees met die bou van die geestelike huis in die harte van die volk. Elke daad wat ons as volk sou aanpak, moes getoets geword het aan die wil van ons Abba Vader, anders was ons ongehoorsaam aan hierdie wonderlike volksgelofte.

Helaas het hierdie Boerevolk so ver weggedwaal van die inhoud van hierdie 1838 Gelofte, dat hulle in 1994 skandelik oorhandig was aan een van die mees veragtelikste volke op aarde. Hierdie volk, wat nie eers `n beskaafde kultuur het nie, wie se gemiddelde intellek grens aan die van imbesiele, het die mag bekom oor God se uitverkore volk, die volk deur Hom aan die Suidpunt van Afrika geplaas, om Sy lig in Afrika te wees. Hierdie volk het homself nou onder die totale gekombineerde magte van die duisternis bevind.

## Die geestelike verval van die Boerevolk

Na 1994 is alle verwysings na die Seun van God, JaHshua Messias/Jesus Christus blitsvinnig verwyder uit alle regerings- en parlementêre strukture. `n Nuwe universele god, aanvaarbaar vir alle gelowe, is in die Een God van Bloedrivier se plek geplaas. Hindoe, Moslem, Satanis en Antichris het saam begin bid en sing, "we are one". Elke behoudende Boer is mee gespot en gehoon. Ons dierbare Verlosser is bespot en gehoon. Thabo Mbeki, die nuwe president, is op rekord waar hy gesê het: "*Bring hierdie Jesus-jood na my toe, ek sal hom in my tuin laat werk*". Jacob Zuma het spottend verklaar dat die ANC sal regeer totdat Jesus kom! Desmond Tutu het al in die tagtigerjare verklaar dat Jesus sal kom met `n AK47 en die swartes

verlos van die juk van die wit Boer. Frank Chikane, wie se voete gewas is deur `n lafhartige voormalige blanke minister, is op rekord dat hy gesê het dat daar te min blankes in Suid-Afrika is om te vermoor, hy soek meer!

In hierdie patetiese toestand van die volk se lewe, het ons dierbare Vader na 1994, jaar na jaar, vir drie jaar, gekom om vrugte aan hierdie vyeboom van Hom te soek. Indien u nie weet nie, Juda is die vyeboom en dit is die vyeboom wat aan die Suidpunt van Afrika geplant is, die suiwer koningsaad van die Huis van Dawid. *(Sien "Geloftevolk Ontwaak" van Susan Pöhl en "Oorblyfsel sal draai" by Dogter van Sion uitgewers.)* Helaas was daar maar min goeie vye oor aan hierdie boom, wat nog die ware 1838 Gelofte gehou het in gees en waarheid. Alreeds was alle kultuurorganisasies van die Boerevolk onder die beheer van wit verraaiers en manteldraaiers. Bloedrivier is gekaap deur die Broederbond (nou Afrikanerbond) en stadig maar seker was die apartgestelde Geloftedag verander na `n algemene Versoeningsdag. `n Zoeloe-monument is regoor die Bloedrivier-terrein gebou. `n Brug oor die Ncome-rivier is beplan tussen die laer van Bloedrivier en hierdie voorvadergees tempel.

Met die volk se geestelike lewe, veral in die hoofstroom Afrikanerkerke, het die beroerd gegaan. Liberale teologie was aan die orde van die dag. Die liberale dogma deur die Jood, Johan Heyns, (werklike naam Johann Heinzowitch) het deurgewerk na alle ander kerke en gemeentes toe. Sy liberale denke was die hoof dryfveer om die mag oor te gee aan die swart magte van die duisternis. Een van sy en sy kollega`s se grootste suksesse was die 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel, geskoei op die “New International Version”, die Bybel wat die Nuwe Wêreldorde gebruik het om die ganse wêreld te swaai na `n eenwêreld godsdiens. Hierdie blatante stuk misleiding, was so kunstig vervals, dat die volk binne enkele jare alle apartheidsbeginsels (heiligheidsbeginsels) by die deur van die huis uitgegooi

het. Nou was geleer en geglo: Almal is jou naaste, swart, wit, bruin en geel, - almal moet geakkommodeer word, en almal kan maar vir Jesus sien soos wat hy wil. As Jesus `n voorvadergees is, “*why not*”, sê Sakkie Spannenberg, NG kerk hoogleraar aan Unisa. Baie gou het die noodsaak van die Bloedrivier-Gelofte ook by die deur van die kerkhuis uitgewaai, want dis darem te erg, ons nuwe god kan mos nie so bloeddorstig gewees het nie, nee a, hy is mos `n god van liefde en vrede. Baie het hul rug op die Gelofte se inhoud gedraai en nie meer opgedaag by die vieringe nie. Maar die verraaiers het beter planne gehad. Subtiel het hulle, in samewerking met hul heidense- en kommunistiese base, die vieringe stelselmatig verander, totdat die hele land nou, op amptelike vlak, slegs versoeningsdagfeeste op 16 Desember hou.

“Regse” leiers soos Constand Viljoen, Mossie van den Berg en ander prominente Afrikaners het begin hand uitreik na die swartes op hierdie heilige dag. Kransies is deur hierdie verraaiers gelê by die voorvadergees-monument te Bloedrivier. Die Bloedrivier Stigting, onder leiding van die Broederbonder, generaal Rooigert Opperman, het op die voorgrond getree as die voorste afbreker van die apartgesteldheid (heiligheid) van Bloedrivier.

## `N POGING WORD GEMAAK OM DIE GEESTELIKE VERVAL TE STUIT.

Soos hierbo genoem, was daar vir drie jaar ondersoek ingestel deur ons Hemelse Vader, of daar nie vye aan die boom van die Boerevolk is nie. In 1997 sou Hy hierdie boom uitgespit het, indien die tuinier nie toestemming gevra het om die boom nog EEN jaar te bemes en te benat nie. Hierdie verhaal is vervat in **Lukas 13:6-9**:

***Gelykenis van die onvrugbare Vyeboom.***

*6 EN Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man* **(Abba Vader)** *het 'n Vyeboom* **(Juda)** *gehad wat in Sy Wingerd* **(Israel)** *geplant was, en Hy het gekom en vrugte* **(geestelike goedere)** *aan Haar gesoek en niks gekry nie. [JeshaJaH 27:3; 38:21]*

*7 Toe sê Hy vir die Tuinier: Kyk, drie jaar* **(vanaf 1994 tot 1997)** *kom Ek om vrugte aan hierdie Vyeboom te soek en Ek kry niks nie; kap Haar uit* **(wis die onvrugbare volk uit).** *Waarvoor maak Sy die Aarde nog onvrugbaar?*

*8 Maar Sy* **(JaHshua se Gees van Waarheid en Liefde)** *antwoord en sê vir Hom: Meester, laat Haar nog hierdie jaar staan totdat ek om Haar gespit en mis gegooi het. [JeshaJaH 48:9]*

*9 As Sy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan U Haar anderjaar uitkap.*

In 1998 het `n wonderwerk gebeur en daar is spontaan deur `n klein deel van die volk besluit dat hulle die vervalste Bybel, hierdie 1983 gruwelvertaling, sou weerstaan met `n nuwe geskrif, die Boek van Herinnering, geskoei op die volgende beginsels:

***1.*** JaHshua is die vleesgeworde Godheid/WOORD en Sy woorde is die hoogste gesag. ***(Johannes 1:1-14 en Johannes 12:48)***

2. Die Hebreeuse teks vir die Ou Testament (Biblica Hebraica) en die Griekse teks vir die Nuwe Testament (Texus Receptus) sal aanvaar word as gesaghebbend.

3. `n Direkte transliterasie van hierdie teks na Afrikaans sal gedoen word, waar veral gekonsentreer sou word op die oorspronklike Name van God, die Vader en die Seun.

4. Boeke wat deur kerkvaders as nie-kanoniek en apokrief verklaar is, sal, met die norm in punt 1 in gedagte, ingesluit word. Ook sou hierdie selfde norm gebruik word om boeke wat in die huidige Bybel was, te toets of hulle wel daaraan voldoen.

Daar is dadelik met die werk begin, rekenaars en drukkers-toerusting is aangekoop, sagteware is bekom, Hebreeuse en Griekse taalklasse is begin. 4 Persone was deurlopend met die taak besig, totdat dit in 2001 finaal voltooi was met die verskyning van die Boek van Herinnering - Vierde Druk. Ons harde werk is redelik gou beloon en op 16 Desember 1998 kon ons na die Bloedrivier-terrein gaan met die eerste 5 boeke van die Wet wat gerestoureer was, en die res van die vertaling op CD. Hierdie poging was beloon deurdat ons ons Abba Vader se teenwoordigheid op Bloedrivier ervaar het.

Alvorens ons egter die boek as aanbieding na Bloedrivier kon bring, moes ons eers die plek waar die vertaling en die drukwerk gedoen was, Kameeldrif 225, reinig soos wat Hy instruksies aan ons gegee het. Volgens **Joshua 6** moes die volk Israel, nadat hulle in Kanaän ingetrek het, en hulle voor Jerigo te staan gekom het, in opdrag van JaHWeH, 7 keer om die stad marsjeer met 7 priesters met 7 ramshorings, met die Verbondsark in hul midde. Die sewende dag moes hulle dit 7 keer doen. Dus moes ons nou hier die vals mure van die kerk se leuenvertaling op hierdie selfde wyse in die gees teenstaan en so is die mure van valsheid dus in die gees omvergegooi op hierdie perseel. Selfs tot vandag toe is daar nog geen poging deur hulle aangewend om die Boek van Herinnering te stop nie. En so is die taak toe voltooi, net soos wat daar in **Maleagi 3:16** voorspel is:

*16 Toe het die wat JaHWeH vrees, met mekaar gespreek; en JaHWeH het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n* ***Boek***

***van Herinnering voor Sy Aangesig geskrywe*** *vir die wat JaHWeH vrees en Sy Naam Eer.*

Net soos wat daar verder in **Lukas 13**, vanaf **vers 10** geskryf staan, het die Meester die vrou (Boerevolk) wat 18 jaar lank `n gees van krankheid gehad het, toe in die jaar 2001, **18 jaar nadat die vals Afrikaanse vertaling** in 1983 verskyn het, die vrou/volk genees. Nou eers was die vrou verlos van die krankheid/geestelike leuen, gegee deur die liberale verdraaiers van die waarheid in die kerk. Ons vervolg ons verhaal in **Lukas 13** vanaf **vers 10**.

***Genesing van 'n dogter van Abraham*.**

*10 EN Hy was besig om op die Sabbat in een van die vergaderings te leer.*

*11 En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid* ***agttien jaar lank*** *gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie.* (Boerevolk in hul liberale kerke)

*12 En toe JaHWèshua haar sien, roep Hy haar en sê: Vrou, jy is van jou krankheid verlos.*

*13 En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en Elohim vereer.*

Dat hierdie tweegesig moderne fariseërs woedend was, is waar, want daar was heelwat geskryf teen hierdie Boek van Herinnering, maar niks konkreet is ooit na my wete gepubliseer teen die geopenbaarde waarhede daarin nie. Die Sabbat waarop die volk verlos is, dui duidelik op die einde van die tyd, net voor die laaste 1000 jaar Sabbat sal aanbreek, daarom dat die Meester kon sê dat die esel en os (volk) van die krip (van kerklike leuens en valsheid) losgemaak moet word en water (geestelike waarheid en suiwerheid) aan hulle gegee word.

*14 Maar die owerste van die vergadering, wat verontwaardig was dat JaHWèshua op die Sabbat genees*


*het, antwoord en sê vir die skare: Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk; kom dan op dié dae en laat julle genees en nie op die Sabbatdag nie.*

*15 Toe antwoord die Meester hom en sê: Jou vals tweegesig, maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy os of esel van die krip los en lei hom weg om hom te laat drink nie?* *[Openbaring 12:14]*

*16 Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan - dink daaraan! - agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die Sabbatdag verlos word nie?*

*17 En toe Hy dit sê, het al sy teëstanders beskaamd geword, en die hele skare was bly oor al die glorieryke dinge wat deur Hom gebeur het.*

So het die vyeboom, wat in 1997 uitgespit moes gewees het, maar nog een jaar gelaat was, wat mis gegee was en omgespit is, vrugte begin dra (Boek van Herinnering as vrug) en het dus nou water (Gees) vanaf ons Meester begin ontvang. Verstommende ontdekkings in die Skrif is in die tyd hierna gedoen, veral omdat voorheen "verbode" boeke nou saam gelees kon word met die Bybelboeke. Veral die eindtyd-gebeure is grootliks oopgevlek, omdat die gees nou vrylik in die leser kon werk deur hierdie verskillende boekrolle.




Die finale druk, die vierde druk het verder verstommende inherente bewyse, wat bewys dat `n goddelike hand ons gelei het toe hierdie boek saamgestel is. U moet onthou dat hierdie boek vanaf die eerste dag onlosmaaklik

verbind was met die Gelofte te Bloedrivier, en dat die boek vir 4 jaar agtereenvolgend aangebied was in die laer te Bloedrivier terrein in Natal. Dit is ook in lyn met die profesie in **Sefanja 3:9-10.**

> *9 Want dan sal Ek aan die volke suiwer lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van JaHWeH hard sal uitroep en Hom met eenparigheid sal dien.*
>
> *10* ***Van oorkant die riviere van Kuwsh [Ethiopië]*** *vandaan sal My blye aanbidders, die Dogter van My Verstrooide, My bydrae bring. [JeshaJaH 18:1; Maleagi 3:16]*

Hierdie nuwe spysbydrae was deur die blanke volk (sien **Jesaja 18**), wat suid van Ethiopië woon, gebring, en nou kon hulle met suiwer lippe begin aanbid, want die valsheid in hulle Skrif was vernietig.

Die vierde en laaste druk het presies 880 bladsye. Numeries is dit 8+8=16 en 8x8=64. Dit is Bloedrivier se numeriese waardes, want die dag van die slag was op 16 Desember, daar was presies 64 waens en 464 Boere het die Gelofte in 1838 afgelê. Ook was die laer in die vorm van `n D, wat die 4de letter in die alfabet is.

Ons het gaan kyk na die 16de boek in die Boek van Herinnering, wat die boek **2Makkabeërs** is, en wat direk aan ons geskryf is wat aan die eindtyd in Egipte (Afrika) sou wees. Die bladsy waarop die boekrol begin is 385, wat weereens optel na 16. `n Pragtige versteekte stukke waarheid vind ons egter in hoofstuk 12 vers 16. 12 staan vir die maand en 16 vir die dag wat die slag plaasgevind het, naamlik 16/12/1838.

> *16 Omdat dit die wil van Elohim was, het hulle die stad ingeneem. En hulle het so `n onbeskryflike slagting aangerig, dat dit gelyk het of die nabygeleë meer, wat twee stadiums breed is,* ***met bloed gevul is****.*

Wat is die numeriese kans dat so `n vers op so `n

syferwaarde kon beland? Hier word `n veldslag beskryf waar die bloed in die water geloop het, 600 jaar VC en word so geplaas dat ons duidelik die Bloedrivier veldslag daarin kan sien wat aan die einde van die tye met die Dogter van Sion volk sou plaasvind, waar die bloed van die Zoeloes in die Ncome rivier gestroom het.

Vir enige verdere skeptici verwys ons u na die volgende verstommende numeriese bewys dat die Boek van Herinnering se Skrywer die Gees van JaHWeH Self was, en ons maar net klein pionne in Sy groot liefdevolle hand. In **Sagaria 5:1-2** staan die volgende:

> *1 EN ek het my oë weer opgeslaan en gekyk - daar was 'n <u>versluierde [Boek]rol</u>.* *[JeshaJaH 25:7]*
>
> *2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien 'n versluierde [Boek]rol, <u>haar lengte is twintig voorarm en haar breedte tien voorarm</u>.* *[JeshaJaH 29:10 - 21]*

Hierdie versluierde Boekrol sou dus `n vierkante area van 20x10 voorarm(el) hê. Omdat `n voorarm maat 0,524 van `n meter is, is die vierkante area dus berekenbaar in ons metrieke mates en is gelyk aan:

(20x0,524)x(10x0,524) = <u>**55m2**</u>.

As `n mens die aantal bladsye van die Boek van Herinnering neem, naamlik 880, die lengte en breedte van `n A4 bladsy neem en die totale area bereken wat hierdie papier beslaan, sien ons die volgende:

880 x 210mm x 300mm = <u>**55m2**</u>

In Afrikaans word ons Vader se heilige Naam as volg gespel: “JaHWeH”. As ons die numeriese letterwaardes hierop toepas, met a=1, b=2, ensovoorts tot z=26, sien ons die volgende:

J=10; a=1; h=8; w=23; e=5; h=8.

10+1+8+23=5+8=<u>**55**</u>

Voorwaar `n onmoontlike “toeval”!

Hiermee volstaan ons met ons bewys dat God self betrokke was met die daarstelling van hierdie boek en dat hierdie geskrif verder gebruik sou word om die leuens van die moderne fariseërs te ontmasker, soos verder beskryf in die boekrol **Sagaria 5:3-4 en 9:14-17:**

*3 Daarop sê hy vir my: Sy (**Die boek van Herinnering**) is die vervloeking wat uitgaan oor die ganse Aarde; want ooreenkomstig daarmee (**Die Boek van Herinnering**) sal al die wat steel **(hulle wat die volk se geestelike lewe steel)** hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die wat vals sweer **(teoloë en predikante wat leuens verkondig)** hiervandaan weggeruim word. [TsefánJaH 3:13]*

*4 En laat haar uitgaan, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, en sy sal kom in die huis van die wat steel en in die huis van hom wat vals sweer **(in hulle kerke)** by My Naam; en sy **[hierdie Boek van Herinnering]** sal binne-in sy huis vernag en hom verteer saam met sy hout en sy boustene **(leuens en vals 1983-Bybels)***

***Sagaria 9:14-17***

*14 Dan sal JaHWeH oor hulle verskyn, en soos weerlig sal Sy pyl uitskiet; en My Meester JaHWeH sal met die ramshoring blaas en <u>intrek met die storms uit die suide</u> **(vanuit die Suidland, Suid-Afrika).***

*15 JaHWeH van die skeppings-leërmag sal hulle beskut; en hulle sal verslind, ja, boustene **(vals Bybels)** vertrap; ook sal hulle drink, 'n gedruis maak soos deur wyn en vol wees soos die sprinkelflesse, soos die hoeke van 'n altaar. [ZekarJaH 5:4]*

*16 En JaHWeH hulle Elohey sal hulle in dié dag verlos as die kudde wat Sy volk is; want [hulle] verhef die Bousteen van Separatisme **(Boek van Herinnering)** soos `n banier oor Sy Adamah [die adamiet se Aarde]. [JeshaJaH 11:12; 18:3; JirmeJaH 4:5]*

*17 Want hoe groot is hulle voortreflikheid, en hoe groot hulle skoonheid! Die koring* ***(suiwer Skrif)*** *laat jongmanne en die druiwesap* ***(vars nuwe Gees in die volk)*** *laat die maagde groei.*

Die 4 jaar waarop die Boek van Herinnering elke jaar aangebied was te Bloedrivier-terrein, was gekenmerk deur onstuimigheid. Vanaf die eerste keer wat ons die terrein betree het was Satan, via sy diensknegte in die kerk en in die kultuurorganisasies van die Afrikaner, geweldig teen ons optredes gekant. Ons het geweier om aan die amptelike samekomste op Bloedrivier deel te neem, deels omdat vals Heilige Name gepredik word en deels omdat liberale en verligte predikante ingespan was om die inhoud van die Gelofte geleidelik te verander na `n inhoud van versoening met die heidene. Hierdie verskuiwing het baie subtiel plaasgevind, sodat die niksvermoedende kerkganger dit nie dadelik agtergekom het nie. Na 1998 is die weermag en lugmag ingespan om ons te intimideer op die terrein. Dit het op stadiums so erg gegaan dat die aantal helikopters so gepla het bokant die laer, dat ons onsself kwalik kon hoor toe ons ons Gelofte afgelê het. Talle troepe-eenhede het om die gebied in gereedheid gelê, mediese eskaders was op bystand gewees, en dit alles omdat `n klein Gideons-bende van ongeveer 100 mans, vrouens en kinders hulle Hemelse Vader wou vereer met `n geestelike aanbieding op die terrein van hul voorvaders.

Wonderwerke was volop gedurende hierdie tyd op Bloedrivier en ons het gedurig die nabyheid van ons Hemelse Vader aangevoel. Die eerste keer toe ons die terrein betree in 1998, was `n kontrakteur reeds besig om die voorvadergees monument aan Zoeloekant te bou. Alreeds was daar brugvoetstukke in die Ncome rivier gegiet, sodat die twee terreine verbind kon word. Die brugdek moes nog net geplaas word. Spontaan het ons groep by die Ncome rivier gaan kniel en die Vader vanuit ons harte gesmeek dat hierdie verbinding nie moes plaasvind nie,

`n Bonatuurlike lig op Bloedrivier






want dit sou die apartgesteldheid/heiligheid van Sy terrein skend. Groot was ons vreugde toe ons die volgende jaar die terrein betree, merk dat die kontrakteur reeds van terrein af was, en die brugpilare net so, sonder brugdek, in die rivier gestaan het. Ons gebede was verhoor! Ons kan nog getuig van honderde kiewiete wat kwetterend bokant ons koppe in die laer `n bedankingslied gesing het, dit terwyl brullende en draaiende helikopters oor die terrein gemaal het. Ons kan getuig van die mis wat opgekom het tydens oggenddienste, waar ons die intense nabyheid van ons Vader aangevoel het. Ook van `n helder lig wat oor ons geskyn het tydens een jaar se aanbieding. Sien foto`s.

Dit dien net hier genoem te word dat ons saam met die eerste aanbieding van die Boek van Herinnering te Bloedrivier, ook `n Gelofte opgestel het, waarin ons die inhoud van die oorspronklike Gelofte te 1838 meer duidelik

**Die 24 karaat silwer Boek van Herinnering word deur lede van die Dogter van Sion op die klip in die middel van die Bloedrivier-laer gesalf in 2001.**



omskryf het, en waar ons as Dogter van Sion gemeente sekere stellings, belydenisse en ondernemings gemaak het. Die volledige Gelofte van die Dogter van Sion word agterin geplaas. Veral die gedeelte dat ons die Boerevolk van `n Skrifwoord sou voorsien, vry van die suurdeeg van Satan, sou nog verder in vervulling gaan, want die Woord van ons Verlosser is nimmereindigend. In 2001 is `n silwer boek gesalf op die altaarklippe van die laer en daarmee was ons taak met betrekking tot die Boek van Herinnering voltooi. Sien foto.


## INTREDE VIR DIE VOLK VANAF DIE LAER TE BLOEDRIVIER

Die laaste keer waar ons die Gelofte sou gedenk op hierdie terrein, naamlik 9 tot 16 Desember 2001, was gekenmerk deur groot omstredenheid. Ons het weereens opdrag gekry om die leuens en bedrog wat met die 1838 Gelofte gepleeg was, te bind in die geestelike sfeer. Weereens is ons opdrag gegee om die prosedure van Jerigo in **Josua 6** te herhaal. Vir 7 dae het ons elke dag, dou voor dag, rondom die walaer gemarsjeer, met 7 ramshoringblasers voor, die silwer "verbondsark" (Boek van Herinnering) in die middel en die volk heelagter. Die laaste dag moes ons al 2h00 die oggend begin het, aangesien ons 7 keer om die laer moes loop op die sewende dag van ons opdrag, om klaar te wees voordat die Bloedrivierstigting hulle gelofte wou hou om 6h00 die oggend op 16 Desember.

Hierdie hele saak het groot woede en konsternasie veroorsaak by die lede van die Bloedrivierstigting. Hulle was behoorlik boos. Alles is geprobeer om ons te stuit, maar ons Vader JaHWeH was in beheer en daar is deurgedruk tot aan die einde. Daardie sewende dag was toe die oggend van 16 Desember 2001, en ons het reeds vooraf daardie nag, 64 Vierkleurvlae met die Naam JaHWeH daarop, aan elke kapstok vasgemaak. In die vroeë oggendbriesie het

hierdie verering van die Almagtige `n geweldige indruk op ons gemaak. Ons was so 5h30 klaar met ons gelofte aflegging. Nog steeds in die laer, het `n digte kolom mis aangekom, vanaf die bergkant aan die weste. In stille verwondering het ons onsself in hierdie mis laat opneem, gedagtig aan dit wat so lank gelede met ons voorouers op hierdie einste plek gebeur het. Die vrees, die afwagting, die intense nabyheid van ons Vader was emosies wat elkeen beleef het .....

Skielik verdwyn die mis, en uit die mis kom `n gedreun van talle 4x4 bakkies, mense wat deel gevorm het van die Bloedrivierstigting en die 4x4 klub van Radio Pretoria. Hulle was op pad om hulle Gelofte om 6h00 af te lê. Hulle sien die vlae wat op die waens wapper en raak ineens vervul met woede. Dit was asof `n besetenheid hulle oorval het en hulle ruk die vlae met geweld af en sleep die vlae op `n hoop, net buite die ingang waar die Grietjie-kanon staan. Toe die vlae op `n hoop lê, spring sommige in hul 4x4 voertuie en jaag heen en weer oor die vlae en so word die Boerevlag met die Allerhoogste se Heilige Naam deur die volk self in die rooi modder ingetrap! Wat `n ontsettende vernedering! Sien die embleem van die Dogter van Sion hieronder.




**Die embleem van die Dogter van Sion.**

Hierdeur het gemoedere hoog geloop, en `n direkte konfrontasie met die Stigting se bestuur het gevolg. Hulle wou ons uitsmyt, maar ons het vasgestaan, meer nog, die Dogter van Sion het `n besluit geneem om vanaf daardie

dag op die Bloedrivierterrein te vertoef, en te bid en in te tree vir ons Boerevolk wat vasgevang was in die leuens van hulle kerk-, politiek- en kultuurleiers. So het daar toe twee-weekliks groepe mense afgegaan na die terrein en twee dienste is elke dag waargeneem. Een diens voor sewe soggens, voordat toeriste ingekom het, en een saans, nadat alle toeriste weg was. Ons het `n kampplek op terrein gehad en dit sorgvuldig betaal. Daar was geen moeilikheid nie, geen wette of regulasies is verbreek nie.

Op `n mooi oggend in Mei 2002, presies 100 dae nadat ons op die terrein gekamp het, word ons gekonfronteer deur die plaaslike balju, met `n hooggeregshof bevel, om ons summier, sonder verweer, van die terrein af te sit. Die Bloedrivierstigting het hierdie bevel op `n bedrieglike wyse bekom, deur die Hooggeregshof voor te lieg dat die Dogter van Sion in openbare belang en om veiligheidsredes wat in landsbelang was, van die terrein verwyder moes word. Ons het geen kans tot verweer gehad nie, en moes noodgedwonge die terrein verlaat.

Hulle het verder `n beslagleggingsbevel gehad op roerende eiendom op die terrein, wat ingesluit het verskeie voertuie, karavane en `n bus. Ook is ek en twee ander lede lewenslank van die terrein geskors. `n Kopie van uittreksels van hierdie bevel is ingesluit in hierdie dokument. Die redes in die hofbevel wat uitgestaan het, is die geweldige negatiwiteit jeens die Boek van Herinnering, die Apartheidsbybel soos hulle hom genoem het, en ook die Hebreeuse Naam JaHWeH van ons Vader wat op die Vierkleurvlag aangebring was, wat geweldig aanstoot gegee het. Die besluit deur die Bloedrivierstigting om ons van die terrein te verwyder, is eenparig geneem en onder die voorsitterskap van Genl. Gert Opperman en ander prominente Afrikaners, waaronder Betsie Verwoerd, oorlye vrou van die Orania stigter Carl Boshoff, is voortgegaan met die afsetting.

Hier moet dit ook genoem word, dat daar vele leuens verkondig was gedurende die naloop van hierdie episode,

want alles rondom die uitsetting was uitgesaai op nasionale TV. Daar is beweer dat ek, namens Dogter van Sion, sou gesê het dat indien hulle ons sou afsit, ons die afsetting met geweld sou teenstaan; dat ek sou gesê het dat die bloed sal loop as ons afgesit sou word. Dit is `n infame leuen, en enigiemand met gesonde verstand sou nooit so `n belaglike en uittartende stelling gemaak het nie, want dit sou op selfmoord neergekom het. Wat wel voorheen deur my gesê was, en dit is op rekord, dat by `n vorige geleentheid, toe berig was dat Steve Hofmeyer en Koos Kombuis `n konsert op die terrein sou aanbied, wat later as leuens bewys was, was dat ek gesê het die bloed sal loop as hulle dit sou waag, bedoelende dat die Boerevolk soos een man teen so `n beoogde ontheiliging van hul terrein sou optree.

Van die volk se kant af het ons het nie een sent ontvang om die hofbevel teen te staan nie, so min was die volk gepla oor ons afsetting en ons drie se lewenslange verbanning van die terrein.

Hoe dit ookal sy, ons is van die Bloedrivier terrein na Pretoria, voorheen genoem Philadelphia, waar ons onderneem het om ons biddienste, waar ons intree by ons Skepper vir ons volk, elke dag sou voortsit en daarna is oggenddienste om 6h30 te Kameeldrif 225 gehou waar elkeen innig gebid het vir sy volk. Dit is nou 5 jaar later en waar ons begin het met `n enkele paar mense, is ons nou sowat 60 wat elke oggend bymekaar kom om te bid vir ons volk. Hierdie dienste is ononderbroke voortgesit vanaf Mei 2002 tot vandag (September 2007) toe.

## Dogter van Sion beweeg in `n geestelike faset van hul geloof in

Toe ons nog op die Bloedrivierterrein was, het ons gedink dat Abba Vader ons fisies sou verlos vanaf Bloedrivier en dat ons `n fisiese grondgebied sou bekom. Namate ons in

Pretoria met ons Vader se werk besig geraak het, het ons begin insien dat die huis wat ons moet bou, `n geestelike huis in die harte van ons volk sou wees, en nie `n fisiese grondgebied nie. Die volk sou eenparig agter ons Verlosser, Jahshua, moes gaan staan, binne Sy leer van liefde begin wandel, en dan sou Hy ons self verlos. So het ons stadigaan begin wegbeweeg van die dooie letter van die wet en het ons die wet deur die liefde van Jahshua begin beskou en doen. Sy leer in die 4 evangelies het die fokus van ons bediening geword. In hierdie tyd verskyn die boekie, "***Naasteliefde***" en die beoefening daarvan word `n voltydse bediening. Baie mense verlaat die Dogter van Sion in hierdie tyd, veral die oorlogmakers en grootpraters oor gewelddadige verset. Volgens hulle was ons wat agtergebly het, te pasifisties, en te veel behep met naasteliefde. Baie is teen die Dogter van Sion geskryf en gesê, publikasies het verskyn waarin ons met die owerhede verbind is, dat ons CIA geheime diens was, maar ons het ongestoord voortgegaan om vir ons volk, en ook vir hulle, te bid.

In hierdie tyd ontvang ek `n visioen, wat so wonderlik was, dat ek vir dae daarna nog steeds die aanraking van ons Verlosser sou voel.

Visioen:

*"Ek ry in `n bakkie, met arbeiders agterop met bougereedskap. Voor langs my sit `n persoon en bly aan my torring, wat my intens geïrriteer het. Skielik lui my selfoon en ek weet oombliklik dis my Vader op die lyn. Ek stop die bakkie, vlieg uit, gryp die foon teen my oor vas en met my ander hand styf teen my sy, asof op aandag, hoor ek die wonderbaarlikste vriendelikste Vaderstem. "More Dirk, moenie bekommerd wees oor hulle nie, ek is binnekort by julle". Wat `n ongelooflike ervaring en boodskap! In my visioen, ry ek verder met die bakkie, die irriterende persoon is weg en ons stop by `n bouterrein, waar `n ou dunnerige verweerde fondasie lê, waarnaas ons begin met die uitpen van `n nuwe en beter fondasie."* Toe eindig die visioen.

Die betekenis was duidelik. JaHshua belowe om binnekort die irriterendes in Dogter van Sion weg te vat, en Hyself sou by ons wees in Sy Woord, en daarmee sou ons die nuwe fondament kon bou langs die ou verweerde vlak fondament. Dit het gedui op die nuwe Melgisedek orde, wat die Nuwe Leer van liefde van ons Messias as grondslag sou hê.


Direk na hierdie visioen ontdek ons toe die wonderlikste geskrifte wat nog ooit gedurende die afgelope 170 jaar verskyn het, naamlik die werke van die Oostenrykse profeet, Jakob Lorber. Hierdie werke is `n direkte diktaat van Jahshua Self aan Lorber, en waarin die volgende voorkom:

1. JaHshua se hele 3,5 jaar getuie periode, vanaf Sy doop in die Jordaan tot by Sy kruisiging by Golgotha, in `n dag tot dag verhaal geopenbaar deur Homself.
2. Sy drie dae in die tempel toe Hy 12 jaar oud was, sowel as Sy jeugjare in Egipte.
3. Die wonderbaarlike samestelling van die heelal.
4. Oor die lewe in die hiernamaals.
5. Oor die pre-vloed gebeurtenisse, vanaf Adam se skepping tot by Noag.
6. Die innerlike werking van die aarde, die son en die maan.
7. Die geestelike samestelling van die planete en hul hemelse inwoners.
8. Die samestelling van die mens se siel, gees en liggaam en ons pre-geboorte ervarings.

Die huidige werke beslaan sowat 20 boeke met ongeveer 12 000 geskrewe bladsye. Dit alles deur JaHshua in die eerste persoon! Die gedeelte oor Sy aardse prediking word genoem "***Die Groot <u>Johannes</u> Evangelie***", en is ook die boekie wat Johannes, die skrywer op Patmos, moes eet, wat soet in die mond en bitter in die maag was

(**Openbaring 10**). Hy moes hierdie boekie verborge hou tot aan die einde van die 6000 jaar periode. Hierdie evangelie is waarlik soet, dit klink wonderlik op die oor, maar... as `n mens dit moet absorbeer/eet, dan vind menige geestelik maag die werke te bitter om uit te voer.

Dit is ook hierdie boeke wat oopgemaak word in **Openbaring 5,** waar slegs die Lam waardig bevind word om die boeke oop te maak in ons harte, en waarna ons dan `n nuwe lied sing, wat niemand anders kan sing, wat nie die Nuwe Openbaring het nie. Ook is dit net hierdie wat die boeke in hulleself - in hulle harte - oopgemaak kry, dit is net hulle wat saam met die Lam op die Berg Sion is, dis net hulle wat gemerk is, en dis weereens net hulle wat die nuwe lied in **Openbaring 14** sing saam met JaHshua.


**Jakob Lorber (1800 tot 1864)**

Wat die tydsberekening van hierdie boeke nog meer merkwaardig maak, is die tydperk waarin dit aan die Oostenrykse Duitser, Jakob Lorber, gegee is, naamlik vanaf 1840 tot 1864. Dit het dieselfde tyd plaasgevind toe ons Vader die fisiese Juda-volk (Dogter van Sion) hier aan die Suidpunt van Afrika gevestig het in hulle Boererepublieke na 1838. Terselfdertyd het Hy deur die Duitse lyn van Juda die geestelike inligting (Dogter van Jerusalem) deurgegee wat sowat 160 jaar later gebruik sou word. JaHshua het verder aan Lorber bevestig dat hy ook binne die koningslyn van Dawid was.

Selfs oom Siener het ook `n visioen gehad wat slegs op Jakob Lorber betrekking kan hê. Oom Siener sê die volgende: **GESIG:** 3 November 1915 uit "Die Vierkleur wapper": "*Ek is tussen die Duitsers. Die man met die swart baard kyk hierheen*."

Die volgende gedeelte is `n openbaring wat na my toe gekom het gedurende die afgelope paar jaar. Ek het aanvanklik baie van Oom Siener se visioene bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat meeste van sy werke en gesigte *geestelik* opgeneem moet word, en nie soos die meeste mense dit tans net *fisies* beskou nie. As voorbeeld die volgende: Siener sê die mense sal die kerk verlaat en na Lichtenburg toe gaan waar hulle `n nuwe Boereleier sal kies. Geestelik gesien kan dit as volg verklaar word: Die kerk/leuen word verlaat, en die mense gaan na die Burg van die Lig. Omdat burg, fort of kasteel beteken, weet ons mos wie dit sal wees. Niemand anders as ons Verlosser, JaHshua nie. Hy is die fort van die lig, ons moet by Hom skuil.

Daarna sê oom Siener die volk sal stadig na Prieska (wat beteken: ka/plek van priesters) afbeweeg, waar hulle deur die Duitsers bewapen sal word vanaf Luderitz, met `n trein wat nuwe Mausers sal aanry. Weereens moet dit geestelik gekoppel word aan die uitspraak van ons Vader in **Sagaria 3:6**:

> *6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die Woord van JaHWeH aan Serubbábel, naamlik:* ***Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees,*** *sê JaHWeH van die skeppings-leërmag.*

Mausers kan dus niks anders as geestelike openbarings-waarhede wees nie en sal verseker nie gewere wees nie. Die treinspoor was 100 tot 150 jaar gelede se hoof verbindingsmiddel tussen mense en lande, wat pos, goedere en passasiers vervoer het. Omdat profesieë altyd na die tydvak verplaas moet word waarin dit hulleself afspeel, moet ons kyk wat die hoof verbindingsmiddel vandag is, wat waarhede sal kan "transporteer" tussen lande en mense.

Dit kan dus niks anders as die wêreldwye elektroniese komunikasie-sisteem wees nie, en in hierdie geval, spesifiek tussen Lüderitz (Duitsland) en Prieska (Boere se

geestelikes). Hierdie waarhede kom in skepe in Duitse grondgebied (Suidwes-Afrika) aan. `n Skip is altyd `n geestelike houer, soos `n mens self, sy gesin of `n gemeente. Dit is dan ook presies soos wat die een Duitse skip (Jakob Lorber) na ons toe gekom het, via die Internet vanaf Suidwes-Afrika. U kan nou sekerlik dink, maar wie het julle by die Dogter van Sion priesters gemaak?

Priesters dateer wel vanuit die vorige Levitiese orde, maar aan die eindtyd sal daar weer Melgisédek priesters wees, - manne wat hulleself vrywillig sal aanbied om vir hul Messias en Sy ware suiwer leer op te kom. Dit was die Dogter van Sion gewees, toe hulle met die Boek van Herinnering begin het, al is hulle dan die geringstes en by sekeres die mees veragtes. Daar is ook nog ander skepe (Duitse houers wat waarheid gebring het, sien ***www.nuweopenbaring.co.za***).

Hierdie Mausers (deur die Duitsers gemaak en deur die Boere bekend gemaak), wat ook nou die waarheidsleer van JaHshua is, kom nou in Prieska aan en word vertaal, geset, gedruk en versprei aan die Boerevolk in Suid-Afrika. Aan wie word hierdie boeke hoofsaaklik aangebied? Aan hulle wat die kerk verlaat het (die wat op die kruispaaie is), wat dan na Lichtenburg (die Messias self) toe gaan en hom stadigaan vind in Prieska (by Dogter van Sion via boeke en die Internet). Let wel dat dit ook die enigste spoorlyn is wat oorbly, slegs die een tussen Lüderitz en Prieska en dit gaan ook nie verder nie. Daar is dus slegs een plek van priesters en almal sal hier moet vergader en verenig. Hier vind die geboorte van die laaste Sionskind (let wel, nie <u>kind(ers)</u> nie) plaas.

Hier by Prieska vind nog `n interessante ding plaas. Oom Siener sê dat die mense weer van Prieska na Kimberley (120 jaar gelede se Babilon) toe sal trek en hier bombardeer hulle Kimberley met bommeksims en kanonne. Hoe is dit dan dat hulle mausers kry, maar as hulle wegtrek, skiet hulle met artillerie? Eenvoudig, deur die waarhede van ons Meester in te neem (die Mauser op te neem), en

lewendig in die leer van Waarheid te staan en doen (met die Mauser te skiet), vind die wedergeboorte plaas. Dit is dan waar die mens een word met sy Meester se Gees, oftewel, jou siel en gees verenig met mekaar in die Meester. Jy vorder dus hoër op met die berg, totdat jy bo saam met die Lam staan op Sion (**Openbaring 14**). **Nou het jy self `n wapen geword**, want nou eers het jy die geloof van `n mosterdsaad, en kan jy `n berg skuif, wat aan die eindtyd niks anders is as die koninkryk van Lucifer self nie, getipeer deur Kimberley.

Vader spreek Homself as volg uit, in `n goddelik gedikteerde boodskap, **Openb 37** aan **Judith de Beer**: (Boek beskikbaar by Dogter van Sion)

> *... "Maar `n handvol edelsaad het Ek bewaar en My verbond met Abraham, deur Isak sal behoue in My Sion (In Suid-Afrika) bly. Daarom sê Ek vandag aan julle, My uitverkorenes, dat die werklike eindstryd nie soseer tussen volkere is nie, maar dat dit* ***wêreldwye Judaïsme is*** *wat in die laaste stryd sy slagtande* ***vir die ware Sion*** *wêreldwyd ontbloot. Die brein van Judaïsme is nie soseer in Israel gesetel soos wat almal dink nie, maar reeds vir eeue lank word dit* ***in die boesem van Engeland*** *gekoester. Daarom sê Ek nou hard en duidelik:* ***Wee jou Londen****, ja wee jou in hierdie tyd."*

Kimberley was maar net `n verlengstuk van die Londense Judaïsme van die vorige eeu en kan net verwys na die moderne wêreldorde, wat binnekort onder leiding van die Antichris sal staan, en waarteen die ware Sion te staan sal kom aan die eindtyd. So sal die profesie van Sagaria dus in vervulling gaan, dat, - “nie deur krag of geweld nie, maar deur JaHshua se Gees, werkend deur sy aardse uitverkorenes, wat binne Sy leer wandel, wat met die spreek van `n Woord, wat Sy woord in hulle mond sal wees, die Antichris sal vernietig.

Verskeie ander skepe (openbaringe aan Duitsers) het

daarna via die Internet by Dogter van Sion aangekom, en dit is vertaal en gepubliseer en is ook gratis op die Internet beskikbaar. Daar het `n geweldige geestelike groei in die Dogter van Sion begin posvat. Die evangelie van die liefde is nie net gepredik nie, maar ook gedoen. Regoor Suid-Afrika het enkelinge hulle in hierdie werke ingegrawe en sodoende het enkeles alreeds die innerlike stem begin hoor.

## VISIOEN TE KAAP AGULHAS OP 16 DESEMBER 2002




***Die visioen van Alletta Barkhuizen***

Op hierdie dag, terwyl die Dogter van Sion hul eerste gelofte in 4 jaar, nie by die Bloedrivier terrein hou nie, maar tuis te Kameeldrif-Wes buite Pretoria, sien `n onbekende vrou op 16/12/2002 `n duidelike visioen oor die oseaan van Kaap Agulhas. Dit behels `n syfer 6720, `n uurglas en `n groot letter M in die lug. Ook kry sy `n boodskap om die visioen aan ons deur te gee. Die volle verhaal kan in die boekie "***Die einde kom"***, gelees word wat by Dogter van

Sion beskikbaar is. Noudat bykans 5 jaar verloop het, en `n mens bekyk die afgelope jare se gebeure in retrospek, kan mens die groot en liefdevolle hand van ons Vader sien in die wel en weë van die Dogter van Sion.

Bogenoemde visioen, deur Aletta Barkhuizen, wat beteken *Aletta=Waarheid*, *bark=boot* en *huizen=huis* was `n boodskap oor die bou van die toekomende geestelike Sionshuis, oftewel die geestelike ark waarin die volk nog sal moet ingaan. Die daaropvolgende gebeure wat in 2002 plaasgevind het, was die eerste stene in hierdie huis van Sion, waar die fondament reeds in 1998 `n aanvang geneem het, met die daarstelling van die Boek van Herinnering.

Die syfer 6720 as ure geneem, is 280 dae, die volle looptyd van `n vrou. Vanaf 16 Desember 2002 het dit ons gebring na 22 September 2003 en daarom het ons hierdie dag uitgesonder vir `n spesiale dag, waarop `n gelofte aan JaHWeH gebring is. Waarom hierdie visioen spesifiek op hierdie Geloftedag in 2002 gegee is, sal later nog baie duideliker geword het vir ons.

U kan aanneem dat dit was omdat dit die eerste Geloftedag was, waar die nuwe bestuur van die Bloedrivier-terrein, die Voortrekkermonumente-kommissie, onder leiding van Genl. Gert Opperman, botweg geweier het om ons as Dogter van Sion op die terrein toe te laat. Daar was hordes polisie en weermag op die terrein ontplooi, om die moontlike opwagting van die Dogter van Sion teen te staan. Ten spyte van `n persoonlike besoek deur myself aan Opperman, het hy nog steeds botweg geweier. Dus kan hierdie visioen ook as waarskuwing gesien word, met `n tyd wat gegee was vir hulle om tot hulle sinne te kom. Geeneen het die reg om enigeen van God se kinders te verbied om die terrein van Sy Gelofte te betree nie.

Gedurende die week voor die 22 September 2003, het die Dogter van Sion weer, deur ons Vader ingegee, spontaan `n nuwe Gelofte opgestel, waarin ons belowe het om ons



RIAAN GROENEWALD

**Gelofte van die Dogter van Sion gehou te word gedurende die week van 14 September 2003 tot 20 September 2003.**

Hier staan ons, die Dogter van Sion, as `n skermpie in U wingerd, voor U die Almagtige, O JaHWeH van die Leërskare, wat Uself geopenbaar het in die Vlees as JaHWèshua, ons Verlosser.

U het ons hier in Suid-Afrika geplant in 1652. U het ons voorvaders in 1838 te Bloedrivier gered, en ons as U Diensvolk geformeer. Ons is tans benoud, want ons skuld is groot en ons weet dat U bestemde tyd van oordeel aangebreek het.

Hier staan ons voor U om `n Gelofte aan U te maak, o JaHWèshua, ons Majesteit en Meester. Ons staan voor `n magtige vyand, `n vyand nie net van ons volk nie, maar `n vyand van al U skepsele op aarde, `n vyand wat dit ten doel het om U hele ordelike skepping te vernietig.

**Ons as Diensvolk bely dat:**

- Ons as U Diensvolk gruwelik teen U oortree het, teen U gebooie, insettinge en verordeninge wat U, JaHWèshua vir ons kom gee het.
- Ons as U Diensvolk U Liefde versmaad het en afgedwaal het agter vreemde gode en idole van die wêreld aan en dit hoër geag het as U leer wat die enigste Weg, Waarheid en Lewe is.
- Ons as U Diensvolk gruwelik versuim het om met mekaar in ware broederliefde om te gaan en dat ons in onsinnige vyandskap met mekaar geleef het.
- Dat U ander volke ook gruwelik meegedoen het aan al hierdie gruwels.

Indien U met ons as Diensvolk en ook met al U ander kinders sal wees en ons almal sal behoed en bewaar van die komende oordele wat U profete vir hierdie tyd voorspel het:

**Onderneem ons as Diensvolk dat:**

Ons ons harte van klip sal verander in harte van vlees, sodat U kan inkom in ons harte en U Geestelike Huis kan bou soos wat U deur U profete voorspel het.

- Ons van nou af met mekaar, met ons naaste en ons broers, in ware broederliefde sal omgaan soos wat U ons kom leer het.
- Ons nou alle ander gode en idole sal wegwerp van ons aangesigte af en U alleen sal volg, waar U as Lam, wat vir ons gebloei is, ookal sal heengaan.
- Ons `n toekomstige geestelike opleidingskool en `n ware kweekplek sal oprig waar ons U ware Woord sal kan leer, en waaruit suiwer kinders weer vir U sal voortkom.
- Ons onsself beskikbaar sal stel as veilige hawe vir al U ander volke wat U Naam aanroep, om hulle hulp en leiding aan te bied in die benouende tye van oordeel wat voorhande is.
- Ons onder U leiding oor hierdie skepping van U sal heers en dit sal eerbiedig.

Indien U met ons sal wees, sal ons veg teen hierdie magtige vyand soos wat U ons kom leer het, nie met krag of geweld nie, maar deur U Gees, nie omdat ons dit verdien nie, maar slegs omdat U `n troue, barmhartige en vergewende El is, wat ons maan om U te herinner aan U beloftes, daarom vra ons U om ons weer in te bring in die band van U Verbond, in die band van U Liefde.

In U Naam JaHWèshua, die enigste Naam onder die hemele waarin ons gered kan word, smeek ons dit.

Amein.

GETEKEN te Pretoria op 20 September 2003 : ______________________

**Die getekende kontrak deur persone wat vir 7 dae afgesonder het op Kameeldrif 225, die grond van die DOGTER VAN SION.**

huis te Kameeldrif 225 beskikbaar te stel vir sy kinders wat oor die wêreld heen verstrooi is, om `n opleidingsplek vir die ware Woord te vestig, en ook om voortaan in ware broederliefde met volksgenote om te gaan. Hierdie Gelofte is weer deur 7 voorafgaande dae gekenmerk waarin ons die Gelofte gesewe het, deur dit elke oggend af te lê, en ook elke oggend sewe ramshorings te blaas, met die laaste dag waarop die prosedure sewe maal herhaal is. Die Gelofte is die sewende dag afgelees, en elkeen het `n klip geneem en `n klipstapel is onder **`n eikeboom** (sal later duidelik word) opgerig, as tasbare getuie van hierdie Gelofte met ons Verlosser, JaHshua. Sien getekende Gelofte langsaan.

Uit Amerika het `n profesie gekom wat drie keer bevestig het dat 22 September 2003 "*the day of the heart*" was. Hierdie profeet, Raymundo Aquilera was selfs in Suid-Afrika waar hy ook, in opdrag van ons Vader, sy eie klipstapel kom pak het. Die ware betekenis van die dag was dus dat dit die dag was waarop ons ons harte en ons huis in Suid-Afrika, Sion, oopgestel het vir ons Vader se Sionskinders regoor die wêreld. Destyds in 2003 was ons as Dogter van Sion baie verward oor wat hierdie dag werklik sou beteken. Ons het `n wêreldoorlog verwag, ons het die ster Nibiru verwag, en nooit gedink dat die dag eintlik maar net die bevestiging van die toekomende ark/huis vir sy kinders was nie.

Noudat die huis bevestig was, moes ons, onwetend wat nog vir ons in die toekoms gelê en wag het, `n baie deeglike beproewing van die leuengees van Satan ondergaan. Ons groot proef was voor die deur.

## LUCIFER SLAAN TOE OP DIE NUWE HUIS

Gedurende hierdie tyd was die Dogter van Sion fluks besig om die profesieë van Jakob Lorber te vertaal, en hierdie geestelike voedsel was vir ons soos manna uit die hemel. Op `n dag ontvang ek `n profesie van `n Amerikaanse vrou oor die Boerevolk in Suid-Afrika en was onmiddellik vasge-

vang. Ek het op haar webwerf ingegaan en haar geskrifte/ profesieë begin lees. Ek was verstom oor die magdom inligting wat ons “Vader” aan haar deurgegee het. Hierdie “profeet” se naam was Linda Newkirk. Ek het haar persoonlik gekontak en was aangenaam verras oor die innemende, sagte en liefdevolle persoonlikheid van hierdie vrou. Hierdie vrou het werklik net liefde oor die telefoon uitgestraal. Wanneer sy telefonies gebid het vir hierdie volk, het die elektriese rillings teen jou ruggraat af- en opgegaan. Haar boodskappe was kragtig en ek moet erken, ek was “hooked”, soos die Engelsman sê. Vir `n volle jaar het ons telefoniese kontak gehad, soms een uur op `n slag. Dogter van Sion het gestaak om die boeke van Lorber te vertaal, en Newkirk se profesieë is onmiddellik vanuit Engels na Afrikaans vertaal. Honderde boeke is gedruk en versprei onder die volk. Die profesieë is letterlik opgeëet deur soekende mense. Daar het persoonlike boodskappe gekom vir myself, vir die Dogtrer van Sion gemeente, vir die Boerevolk. Dreigende boodskappe vanaf “Vader” is vir Mandela en Mbeki gegee, en sommige is persoonlik afgelewer. Dit was `n besonder besige tyd vir die Dogter van Sion, maar reeds het die grootste euwel van die mensdom begin deurskemer, naamlik hoogmoed. Ons het gedink ons is die onmisbare skakel in ons Vader se plan, ons het baie belangrik geword en die persoonlike boodskappe aan ons het dit verder aangehelp. Die aanslag van Lucifer was baie subtiel, maar dodelik effektief.

Gedurende hierdie jaar, 2003/2004, was talle groepe binne die volk besig met oproepe tot verootmoediging en gebed. So het ons as Dogter van Sion ook uitgereik en `n verootmoedigingsdiens beplan vir die 27ste April 2004, op die swartes se Vryheidsdag. Uitnodigings is landwyd uitgestuur na alle regse geloofsgroeperinge, maar weinig het belang gestel. Dogter van Sion was al teen die tyd melaats by ons mede-geloofsgenote, oor die dinge wat by Bloedrivier gebeur het, maar ook oor die stroom van nuwe openbaringe

wat die land ingegaan het. Alhoewel ons die dag sowat 300 boere bymekaar kon kry vir die verootmoediging, was daar, buiten ons, slegs 2 Israelgroepe wat as groepe verteenwoordig was.

Ook op hierdie dag is daar `n spontane Gelofte opgestel en geteken, waar ons beloof het om voortaan in broederliefde met mekaar om te gaan. Die dag was gekenmerk deur `n sterk en tasbare geestelike teenwoordigheid van engele. Judith de Beer, `n Boeredogter van Sion, het `n pragtige visioen-ervaring gehad onder gebed, waar sy gesien het hoedat Vader geestelike gawes neerstort op hierdie groepie. Min het ons geweet dat dit beloof was vir die toekoms, en dat sy, Judith, self die eerste een was wat hierdie uitstorting sou beleef in Junie 2007.

Die verrigtinge is weereens afgesluit met nog `n klipstapeling onder dieselfde **<u>eikeboom</u>** op die terrein van die Dogter van Sion. Tydens hierdie geleentheid, waar ons die klipstapel met die silwer Boek van Herinnering bo-op met olyfolie gesalf het, het `n wonderbaarlik ding tydens gebed gebeur. Die silwer buiteblad van die Boek van Herinnering was ongeveer `n half-sentimeter dik met olie gegooi, so ook die klipstapel. `n Hele 750ml bottel is gebruik. Toe ek die gebed beëindig, my oë oopmaak, merk ek dadelik op dat die olie op die Boek verdwyn het. Ek sê vir Callie Herbst, my broer; waar is die olie? Dit was weg. `n Jong seun van 18 jaar staan toe nader en vertel die volgende: Hy sê dat toe ons gebid het, open Vader sy geestelike oë en hy sien die volgende:

Regs langs die hoop klippe wat so pas gepak was, het ons Meester, JaHshua gestaan. In Sy regterhand het Hy `n silwer swaard vasgehou, en met sy linkerhand se mou, het Hy die olie van die voorblad van die silwer Boek van Herinnering afgevee! Daardie hoendervleis en rillings wat by elkeen se rug afgegaan het, sal ek nooit vergeet nie. Ons het GEWEET dis waar, want die oomblik was so gewyd en groot. Hiermee het ons geweet dat hierdie

Gelofte Sy guns weggedra het en ons was verheug daaroor.

Gedurende Augustus 2004 kry ek `n benoude oproep vanaf `n Amerikaanse lughawe af. Linda Newkirk is besig om te vlug. Sy beweer die CIA jag haar en wil haar doodmaak. Kan sy Suid-Afrika toe kom, want sy het nêrens op aarde waarheen sy kan gaan nie. Nou ja, ons het toe sowat `n jaar gelede `n skriftelike Gelofte aan ons Vader gemaak dat ons ons huis sal beskikbaar stel vir Sy kinders. Ek het geen keuse gehad nie, ons het dadelik geld ingesamel en haar kaartjie betaal. Op 13 Augustus kom sy toe hier in Suid-Afrika aan, en dit word toe die stormagtigste 50 dae van my en Dogter van Sion se lewe. Alles en almal berei voor op haar koms, die rooi tapyt word letterlik vir haar oopgesprei. Honderde mense besoek die Dogter van Sion gedurende hierdie tyd. Sy sien daagliks tot 7 groepe waarvoor gebid word. Ek is getuie van wonderbaarlike bekerings, demone wat uitgedryf was, mense wat genees was en vele ander wonderlike dinge. Maar, helaas, tussen al die wonderwerke, kom die dodelike gif van Satan ook toe deur en weereens is dit die hoogmoed wat sy tol kom eis. As Ms Newkirk iets wou hê, en dit word nie vinnig genoeg na haar sin gegee nie, kom daar kort daarna `n hemelse boodskap en dit in die vorm van; “So spreek JaHWeH”, .... en dan doen ons dit, sonder om vrae te vra. So het sy dan ook alle teenstand weggevee, so het sy `n Trust laat opstel waarin sy die hoof-aandeelhouer sou wees, want sê sy, in God se orde is die profete heel bo, dan die apostels, dan die herders en evangeliste. So het sy byna die hele plaas begin beheer, en as iets drasties nie gebeur het nie, sou sy dit ook nog onder ons uitgehad het. Maar prys ons wonderlike Vader, Hy was nog steeds in beheer, en het net verlang dat ons liefde onder mekaar moes gehad het, want dit was met hierdie onderlinge liefde, wat hierdie valse insypelaar verslaan is.

Die dodelikste ding wat sy gedoen het, was om aan mense titels en range te gee, en gemaak het of dit JaHWeH Self



# Broederskap-Alliansie Verbond

**BROEDERSKAP-ALLIANSIE VERKLARING.**

- **Ek erken my identiteit as Israeliet in die Boerevolk.**
- **Ek aanbid my Skepper, JaHWeH Elohim, en ek volg die weg van my Verlosser, JaHshua, die Gesalfde.**
- **Ek verbind my tot die Gebod dat ek my Vader bo alles in my lewe moet liefhê en,**
- **Ek verbind my tot die Gebod dat ek my naaste, soos omskryf in die Gewyde Skrifte, moet liefhê soos myself.**

**Mede-Boere en -Strydgenote,**
**Hiermee verklaar ek dat ek myself ondergeskik stel aan die orde van My Verlosser, JaHshua, die Gesalfde, wat Een is met ons Vader in die Hemel, JaHWeH, naamlik dat ek voortaan in liefdevolle vriendskaplikheid met my mede-broer en -suster in hierdie Broederskap-Alliansie sal wandel.**

**Soos geteken op 27 April 2004, te Kameeldrif-Wes, Pretoria.**



# Broederskap-Alliansie Verbond

**Handtekeninge:**

**Die Broederskap alliansie Verbond wat geteken is op 27 April 2004 deur verskeie groepe Israeliete in Suid-Afrika. Nie almal het geteken nie, en sommige het namens hulle gesin of groep geteken.**

was wat dit gedoen het. Hierdie vrou was ongelooflik begaaf met `n intellek wat vir niks geskrik het nie. Later sou ek uitvind dat sy een van slegs drie mense in Amerika was, wat die hoogste onderskeidings ooit in sielkunde behaal het. Sy het die vermoë gehad om verskillende gesprekke gelyk te monitor, en uit haar waarnemings het sy mense as apostels, herders, evangeliste en profete geïdentifiseer. Die titels was dan later onder gebed, waar sy voorgegee het dat sy die Vader self raadpleeg, deurgegee aan die mense. Die mense, en daar was sowat 300 van hulle, was so aangedaan en geraak deur hierdie vrou, dat ons werklik geglo het in ons roepings.

Vandag weet ek, dat ons almal, deur hierdie boeke van haar te gelees het, onsself deur haar gees vervul het, en dat hierdie selfde gees ons bedwelm het. Hier was dit die klassieke geval van gees-oordraging, net soos wat mens dit in valse kerke vind, waar elkeen in die kerk met dieselfde gees beset raak. Die gevolg was dat ryker mense wat geld gehad het, ook die beste titels weggeraap het. As jy haar gunsteling was, het jy profeet of apostel geword. As jy in haar slegte boekies was, word jy stoorman op die plaas of jy moet met die diere werk! So het daar toe onder mekaar `n rangorde ontstaan. Apostels het hulle beter geag as ander, profete het feitlik mag van lewe en dood gehad, want een van die profete het sulke lang drome gehad, dat een nagskof te kort was vir alles wat hy opgedroom het. Manipulasie en beheer was aan die orde van die dag. Mense wat nie hulle titels en poste kon verwerk nie, het afgunstig en hoogmoedig op hul medebroers en -susters geword.

Ek het nou hierdie fase van die geskiedenis van die Dogter van Sion redelik in detail geskets, want elkeen van ons moet gedurig op ons hoede wees teen dieselfde soort van magsbeheer oor ons lewens. Die ironie is dat die meeste mense wat vandag nog so lekker lag oor die petalje van die Dogter van Sion en hierdie verleidster, sit self nog net so

diep in hul eie verleiding vas. Vandag is daar vele vingerwysendes, wat almal self teenwoordig was, wat gerieflik vergeet hoe lekker dit was om die groot apostel of profeet van Linda Newkirk te wees. Wat wel gebeur het met die opregte mense op die plaas, was dat ons mekaar baie beter leer ken het, en naasteliefde het werklik gedy onder mekaar. Mense was baie behulpsaam en ondersteunend.

Op `n dag besluit `n groep om vir Judith de Beer in Ottoshoop te gaan kuier, en hulle neem vir Ms Newkirk saam. Hulle was sowat 20 wat van Dogter van Sion gereis het met `n Unimog. Hier bars die bom toe letterlik. Judith sien toe deur hierdie vrou se manipulasie en die gort was behoorlik gaar. Gerrit Venter, eienaar van die Unimog, en Ms Newkirk bots toe trompop en met die eersvolgende vergadering op die plaas trek Ms Newkirk in `n vreeslike tirade teen my en Dogter van Sion los. Sy bid en skreeu dat die spoeg spat. Dis asof sy letterlik mal geword het. Toe is al die mooi woordjies en die kamma-liefde verby. Sy was teengegaan, ek het hulle kant gekies en dit was onvergeefbaar. God se "alleen-bruid" duld dit toe nie. Hier manifesteer sy toe as dit wat sy altyd was, naamlik `n gemaskerde Jesébel-gees. Die mooi kleed van `n engel van die lig val toe af en onder dit kom die vieslike kleed van boosheid toe te voorskyn, die kleed van onvergewensgesindheid, hoogmoed, heerssug en onbeheerste woede. Satana (satan se vroulike gees) staan toe in haar volle glorie voor ons, en spoeg soos `n groen mamba.

Van hier af is sy toe vort na Springs, en die skille begin toe van ons oë afval. Een vir een kom ons almal uit ons beswyming uit. Mense, dit was erg, en ek kan nou nog presies voel hoe erg dit was, die verslaentheid, die leegheid en die vernedering wat `n mens gevoel het oor hierdie groot verleentheid waarin jy jou volk laat beland het. Veral ek was verpletter. Ons, die uitverkose Dogter van Sion, met God se uitverkose bruid was dan op pad om die koninkryk op te rig! Nou sien ons dat dit alles `n versinsel en misleiding van

Lucifer was. Vandag weet ek dat net die liefde onder mekaar ons gered het, en dat dit die alleenlike faktor was waarmee ons Liewe Vader ons oë oopgemaak het. Die liefdesband onder mekaar kon sy nie gebreek kry nie. Soos een man het ons saamgestaan, die oorblywende boeke verbrand en elke teken van haar bestaan by ons uitgewis. Baie skade was gedoen, en nie `n bietjie aan die menslike ego`s nie. Ons by die Dogter van Sion sou weer van voor af moes begin. Vandag dank ek ons Abba Vader vir hierdie toets waardeur ons moes gaan. Dit het baie van ons verdeemoedig. Ook weet ek vandag dat Lucifer nie verniet een van sy bestes gaan haal het in Arkansas in Amerika om haar na hierdie klein plasie in Suid-Afrika te laat kom nie. Vanaf hierdie einste plek sou nog meer wonderwerke plaasvind met betrekking tot die toekomstige planne van ons Hemelse Vader vir Sy Sionsvolk.

Dadelik het ons met hernieude ywer voortgegaan met die vertalings van die Groot Johannes Evangelie van Jakob Lorber, wat ons toe al byna vir een jaar nagelaat het. Hierdie boeke van ons Meester JaHshua was waarlik ons redding gewees, want dit was daarmee wat ons kon staande bly teen Lucifer se gesant. Hiermee het die 16de Desember 2004 ook nou aangebreek en ons het ons gereedgemaak vir die Geloftevieringe op Kameeldrif.

## 2004, - DIE SIONSHUIS BEWEEG IN `N VOLGENDE FASE IN

Die tyd voor die fees was weer gekenmerk deur uitsprake vol bravade van Genl Opperman, dat die Dogter van Sion nog steeds onwelkom was op Bloedrivier en dat ons summier gearresteer sou word, sou ons dit waag om ons gelofte op die terrein te betaal. Ons het toe ons Geloftefees ter plaatse gehou, met `n heerlike braai daarna onder die reeds genoemde **<u>eikeboom</u>**. Onwetend aan ons, word `n vrou, Susan Oosthuizen, hier onder hierdie boom, waar nou

al twee klipstapels as getuienisse gelê het, opdrag gegee om `n blaar van hierdie spesifieke boom te pluk en dit in haar Boek van Herinnering te plaas. Sy doen toe so en vergeet toe daarvan vir een volle jaar.

Hierdie daaropvolgende jaar was gekenmerk deur die vertaling van ander Duitse profete se boeke, onder andere Bertha Dudde, Mayenhofer en Engels se boeke. Die Dogter van Sion het gefloreer op die nuwe eerstelingsbrode en die vars wyn. Daar het `n merkbare vordering en groei begin plaasvind in die mense wat nie van die Dogter van Sion weggegaan het nie. Elkeen wat ernstig na ons Verlosser gesoek het, se geestelike lewe het verinnig. Ongelukkig het talle mense, na die Linda Newkirk debakel, alles voor my deur gegooi, en die pad gevat. Ook het hulle die Brood van die Lewe, naamlik die woord van ons Verlosser aan Jakob Lorber ook verwerp en teruggeval na die Bybel. Sommige het darem nog hul Boek van Herinnering behou.

Dogter van Sion het nog steeds voortgegaan met die daaglikse offer van skriflesing, sang en gebed, soos belowe aan ons Vader op die Bloedrivier-terrein in 2001. Verder het ons werklik begin om die koninkryk met geweld na ons toe te trek en aktief begin om huisies te bou op die plaas en blanke boemelaars, alkoholiste, dwelmslawe en werkloses te huisves. Daar is begin om hulle te probeer verlos deur ernstig te bid en te pleit vir verlossing. Ook is sopkombuise in Pretoria begin en ondersteun. Hierdie jaar het blitsvinnig omgegaan en gou was ons weer aan die vooraand van die Geloftefees van 2005.

Hier moet gemeld word dat die Dogter van Sion elke Geloftefees vanaf 1998 as volg gehou het:

7 Dae voor die tyd is die Gelofte vir 7 opeenvolgende dae gelees met die finale lees op 16 Desember. Daarom, toe ons in 2004 die Gelofte op 16 Desember gelees het, was dit die 49ste keer wat dit gelees was. Beide Geloftes is gelees en bevestig, naamlik die 1838 Gelofte, sowel as die Dogter van Sion Gelofte. Omdat 49 `n 7x7 is of `n sewe keer

gelofte, sewe maal herbevestig, was dit logies dat ons onderneming ten opsigte van die huis te Bloedrivier een of ander voltooiingstadium moes bereik. U moet herinner word dat die Hebreeuse woord vir sewe is "*Shaba*" wat beteken "om iets met `n onverbreekbare eed te bevestig". As iets dus gesewe word, word iets dus "*geshaba*" en as iets ge-nege-en-veertig word, is dit sewe maal "*geshaba*".

Onwetend vir ons, was die eikeblaar wat Susan gepluk het, die Hemelse Vader se teken dat Hy hierdie Gelofte-aanbieding aanvaar het. Ons was egter salig onbewus daarvan, want Susan Oosthuizen was nooit betrokke met die Dogter van Sion se vorige aanbiedings te Bloedrivier nie. Ons liewe Vader het dit juis so gewil, dat daar nie later gesê kon word dat die Dogter van Sion die hele ding so bewimpel het nie.

## GELOFTEFEES 2005 - `N VRYLATING VIR DIE 50STE KEER

Hierdie 16 Desember 2005 was die Gelofte weereens op Kameeldrif gehou deur die Dogter van Sion. Sewe dae voor die tyd kry ek `n ingewing dat ons **nie** die fees vir sewe dae aaneen moet hou soos die voorafgaande 7 jaar nie. Ek bespreek dit met my broer, Callie Herbst, en hy bevestig aan my dat hy presies dieselfde gevoel gehad het, naamlik dat ons dit slegs op 16 Desember moes hou. Dit sou dus die vyftigste keer wees wat ons hierdie Dogter van Sion Gelofte afgelê het.

> ***Levítikus 25:10, 13, 17:*** *En julle moet die* ***vyftigste jaar*** *afsonder en 'n vrylating in die Aarde uitroep aan al haar bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees;* ***dan moet julle elkeen na sy besitting en elkeen na sy familie teruggaan.***
>
> *13 In hierdie jubeljaar moet julle* ***elkeen na sy besitting teruggaan****.*

*17 **Laat niemand dan sy naaste verdruk nie**, en vrees jy jou Elohey; Ek - JaHWeH julle Elohey.*

Ons is die besitting van ons Besitter, JaHWeH Self. Nou kon ons weereens met Hom versoen, alhoewel nie op dieselfde plek waar ons begin het, die Bloedrvier-terrein nie, maar wel op Kameeldrif 225, die eiendom van die Dogter van Sion. Hierdie 50ste keer waarop die Gelofte gehou was, het vir ons `n vrylating van ons onderdrukkers aangekondig. Ons hou toe daardie dag `n wonderlike Geloftefees, en die teenwoordigheid van ons Hemelse Vader was sterk in die byeenkoms saaltjie gewees.

Gedurende hierdie voorafgaande week het `n baie belangrike gebeurtenis plaasgevind, naamlik op die 14de Desember 2005. Hierdie datum korrespondeer met die Israel-kalender datum van die 24ste van die 9de maand, welke datum in **Haggai 2:18 en 23** verwys na die voltooiing van die fondament van die tempel, wat in ons geval sou heenwys na die voltooiing van die fondament vir die geestelike Sionshuis.

*18 Merk tog op, van hierdie dag af aan, van die vier-en-twintigste dag van die negende [maand], naamlik van die dag af toe hulle **die fondament van die Huis van JaHWeH gelê het**; merk op:*

*23 In dié dag, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, sal Ek jou neem, Serubbábel, seun van ShealtiEl, My kneg, spreek JaHWeH, en jou maak tot 'n seëlring, **want jou het Ek verkies**, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag.*

Wat het dan op hierdie dag gebeur? Die laaste boek van die **Groot Johannes Evangelie, Boek 11** deur die **profeet Jakob Lorber** was voltooi en gereed vir die drukker. Hierdie boek, in JaHshua se eie woorde beskryf, het gehandel oor Sy kruisiging te Golgotha. Nou was die Nuwe Testament voltooi en saam met die **Boek van Herinnering,** het ons nou `n volledige Skrif in Afrikaans gehad, en nou kon die geestelike huis van **1 Petrus 2: 5-10** gebou word uit gees-

telike stene/mense uit Sion.

> *5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot **’n geestelike Huis**, **’n priesterdom van Apartheid**, om **geestelike aanbiedinge te bring** wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.*
>
> *6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, **EK lê in Sion ’n Grondsteen, [‘n beproefde Klip,] ‘n kosbare Hoek[steen wat ‘n vaste fondament is,]** hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]*
>
> *7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword; [Psalm 118:22] en: **’n Klip van aanstoot en ’n Rots van struikeling** – [JeshaJaH 8:14]*
>
> *8 vir dié wat hulle teen Hom stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]*
>
> *9 Maar julle is **’n uitverkore saadlyn, ’n koninklike priesterdom, ’n apartgestelde nasie**. 'n Volk as eiendom verkry, om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig, [Exodus 19:6]*
>
> *10 **julle wat vroeër geen volk was nie**, maar nou die volk van Elohim is; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]*

Hierdie geestelike Huis van Sion is gebou, met geestelike aanbiedings wat gebring is:

1. die Gelofte wat 50 keer gebring was,
2. die Boek van Herinnering wat 4 keer aangebied was,
3. die nuwe Gelofte van ons huis in Pretoria wat aanvaar is,

4. die Groot Johannes Evangelie wat voltooi was.

5. My destydse droom oor die nuwe fondament wat gebou sou word, was nou voltooi.

Daarom is die Klip, die Gees van Waarheid, bevestig, wat `n rots van struikeling en `n klip van aanstoot vir die volksleiers te Bloedrivier geword het, maar ons, die Boerevolk, is deel van die uitverkore saadlyn, `n koninklike priesterdom, `n apartgestelde nasie, wat voorheen in Europa en Kaapkolonie geen volk was nie, maar nou, na die 1838 se Gelofte, `n volk van God geword het, en wat nou aan die einde, in 2005, barmhartigheid gevind het in die 50ste herdenking van hierdie Gelofte.

Min het ons geweet dat ons Hemelse Vader ander wonderlike dinge vir ons op hierdie einste dag te Bloedrivier beplan het!

Susan Oosthuizen, die vrou met die eikeblaar in haar Skrif, se werk was nog nie voltooi nie. Op `n wonderbaarlike wyse bevind sy haarself onbepland op 16 Desember 2005, op die Bloedrivier terrein. U word weer daaraan herinner dat sy nooit ons vorige aanbiedings op hierdie terrein meegemaak het nie. Sy was egter nou (2005) by ons betrokke en was vanaf 2003 gereeld saam met ons gewees. Op die terrein kry sy `n opdrag om die verdroogde eikeblaar, wat sy `n jaar gelede, op 16 Desember 2004, op Kameeldrif gepluk het, uit haar Boek van Herinnering te haal en dit af te neem na die laer. Getrou doen sy dit, maar merk toe op dat sy die blaar op bladsy 595 van die boek geplaas het, naamlik by **Jesaja 1**.

Ons Vader lei haar oog na die volgende verse toe, naamlik **Jesaja 1: verse 29 en 30.** Vir diegene wat hul Skrif ken, is dit sekerlik nie nodig om te noem dat **Jesaja 1** handel oor die eindtyd Dogter van Sion, wat klein en hulpeloos teen sy eie leiers sal staan, en dat hul leiers sal saamheul met die vyand. Vir volledigheid sal ek die voorafgaande verse, met

verklarings plaas. **Jesaja 1:4-9:**

*1 DIE gesig van JeshaJaHûW, die seun van Amos, wat hy gesien het* ***met betrekking tot JeHûWdah en Jerusalem*** *,... (verwys in profesie na Juda in Suid-Afrika en die Suiwer Leer, Jerusalem)*

*4 Wee die nasie wat die pad byster raak, `n volk oorlaai met ongeregtigheid, `n saadlyn van verderwers, kinders wat verderflik handel! Hulle het JaHWeH verlaat, die Aparte Een van JisraEl verag, hulle het na verbasterdes toe weggedraai. (verwys na die verraaier element in die volk se leierkorps)*

*5 Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan om af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank.*

*6 Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, [maar] wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie. (die hele volk, leiers sowel as gewone mense is verslaan, word vermoor en is slawe)*

*7 Julle Aarde is 'n verlatenheid, julle stede is met vuur verbrand, verbasterdes verteer julle Adamah [die adamiet se Aarde] in jul teenwoordigheid, sy is verwoes en omvergegooi deur verbasterdes . (ons grondgebied en woongebiede,ons stede, ons kerke, ons skole, alles is verteer deur basters)*

*8 En die Dogter van Sion het oorgebly soos 'n skermpie in 'n Wingerd, soos 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin, soos 'n beleërde dorpie. (daar is egter `n klein groepie wat `n suiwer leer aanhang, maar hulle word gejag)*

*9 As JaHWeH van die skeppings-leërmagte vir Ons nie 'n klein oorblyfsel oorgelaat het nie - soos Sodom sou Ons geword het, Ons sou net soos Gomorra gewees het. (hierdie oorblyfsel sal sorg dat vuur nie die res van die volk sal verteer nie)*

Dit is die toestand van ons volk na 1994, twee groepe in die volk, die een behoudend en wat instaan vir hul volk se sondes, wat elke dag op hulle knieë was voor JaHWeH vanaf 2002 tot 2007, en die ander wat hard en ongenaakbaar teen hierdie groepie opgetree het, hul bespot het en waardelose offers en aanbiedinge saam met heidense voorvadergeesaanbidders gebring het na Sy heilige terrein, en die ware aanbidders vervolg het deur hofgedinge.

*10 Luister na die Woord van JaHWeH, owerstes van Sodom! Luister na die Wet van onse Elohey, volk van Gomorra! <u>(die volk en hul leiers moet verder luister!)</u>*

*11 Wat het Ek aan die menigte van julle slagdiere? sê JaHWeH. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.*

*12 As julle kom om voor My Aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis - om My voorhowe te vertrap? <u>(Bloedrivier is JaHWeH SELF se voorhof, hoe kon hulle heidene in die heiligdom inbring?)</u>*

*13 Bring nie meer waardelose spysbydraes nie; die reuk daarvan is `n gruwel vir My. Maand en sabbat, die uitroep van samekomste - Ek verdra [dit] nie, dit is wettelose byeenkomste*

*14 Julle vernuwings en julle feestye haat My Siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. [2 Ezra 1:31] ! <u>(waardelose Versoeningsfeeste op Sy heilige grond, saam met Skriflesing uit hulle valse 1983 Bybels!)</u>*

*15 En as julle jul handpalms uitstrek, bedek Ek My Oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. [Psalm 141:2; Spreuke 28:9] <u>(hulle Geloftes is niks werd nie!)</u>*

*16 Was julle skoon, suiwer julle , neem die besoedeling van julle handelinge voor My Oë weg, hou op om kwaad te doen, [Psalm 51:2; MattithJaHûW 28:19]*

*17 leer om goed te doen, soek die Reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. (Die weduwee is die Dogter van Sion, die wese haar lede, maar hulle, die volksleiers het teen haar geheul, saam met die verdrukker regering, die ANC)*

Hier kry die volk se leiers `n keuse om om te draai en te probeer goed doen, en die tyd wat toegestaan was daarvoor, was vanaf Mei 2002 tot Desember 2005, bykans drie en `n half jaar, vanaf die tyd wat hulle sekere lede van die volk, Dogter van Sion, met `n hofbevel verbied het by Bloedrivier. Hulle het hul egter nie daaraan gesteur nie, ten spyte van die feit dat ons hulle herhaaldelik daartoe versoek het.

*18 Kom nou en laat Ons die saak uitmaak, sê JaHWeH: al was julle oortredinge soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.*

*19 As julle gewillig is en luister, sal julle die suiwer dinge van die Aarde eet.*

*20 Maar as julle weier en rebelleer, sal julle deur die swaard geëet word; want die Mond van JaHWeH het dit gespreek. (hulle het egter geweier en voortgegaan met hul Versoeningsdag geloftes)*

*21 Ag, hoe het die Getroue Vesting 'n hoer geword! Sy was vol Reg, Geregtigheid het in haar vernag - en nou moordenaars! (Die getroue apartheidgestelde, Godvresende Boerevolk het hoereer met haar heidense oorheersers en Bloedrivier, ons getroue vesting, is afgebreek)*

*22 Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. (silwer is die Woord (**Psalm 12:6**) en dit is vervals – 1983 Bybels)*

*23 Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag belonings na. Aan die wees doen hulle geen Reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. <u>(die Bloedrivier leiers eet saam aan die ANC "gravytrain" en verwaarloos die volk se geestelike belange)</u>*

*24 Daarom spreek my Meester JaHWeH van die skeppings-leërmagte, die Magtige van JisraEl: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van My teëstanders en My wreek op My vyande!*

*25 En Ek sal My Hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem. <u>(verwysing na die gerestoureerde Skrifte, die Boek van Herinnering en die Groot Johannes Evangelie wat gebruik sal word om die valsheid en leuens te ontmasker)</u>*

*26 En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy 'n Stad van Geregtigheid, 'n Getroue Vesting genoem word. <u>(JaHWeH se wet word herstel met die Melgisédek orde, wat gaan heers uit Sion)</u>*

*27 Sion sal deur Regspraak verlos word en die van Haar wat terugkeer, deur Geregtigheid.*

*28 Maar daar sal vernietiging wees van die rebelleerders en die wetsoortreders almal saam; en die wat JaHWeH verlaat, sal omkom. <u>(dood is die voorland vir hierdie bedrieglike en verraderlike leiers van die Boerevolk)</u>*

Omdat hierdie leiers nie gehoor wou gee aan Hom nie, word die beëindiging van hul verteenwoordiging as leiers van hierdie volk aangekondig, en dit word bevestig deur `n ongelooflike teken, naamlik **<u>die blaar van `n eikeboom</u>**, `n

eikeboom waaronder twee hope klippe lê in Pretoria, een hoop klippe vir `n Nuwe Gelofte om ons huis beskikbaar te maak vir Sy Sionskinders, en `n ander een van onderlinge broederliefde, wat Hy bevestig het met sy arm, wat die olie van die Boek van Herinnering afgevee het.!

> *29 Want **hulle sal in die skande kom weens die eikeboom** waar julle behae in het, en julle sal rooi van skaamte word oor die tuine wat julle verkies het.*
>
> *30 **Want julle sal wees soos 'n eikeboom waarvan die blare verdor**, en soos 'n tuin wat geen water het nie.*

Susan stap toe die laer binne, neem hierdie blaartjie uit haar Skrif en kry `n verdere opdrag van ons Vader. Gaan na die oorkantse poort toe, die een waar die Grietjie-kanon staan. Daar aangekom, moes sy net buite die laer, by hierdie poort, die blaar opfrommel en op die grond neergooi, min wetende dat dit **OP DIE PRESIESE PLEK WAS WAAR DIE BLOEDRIVIERSTIGTING DIE 64 VIERKLEURVLAE MET DIE NAAM VAN JAHWEH DAAROP, MET HUL 4X4 VOERTUIE VERTRAP HET OP 16 DESEMBER 2001**, 4 jaar tevore!! Hoe groot, lankmoedig en akkuraat is ons Vader nie! Hoe lank gelede is **Jesaja 1** nie geskryf nie, toe het Hy alreeds geweet dat hulle hierdie gruwelike ding sou doen.

U moet onthou dat Susan nie by was in 2001 toe hierdie Naamskendery op Bloedrivier gepleeg was nie. Ons in Pretoria het ook nie geweet dat sy op daardie oomblik `n stuk geskiedenis gemaak het nie. Sy self was ook nie eers bewus van wat die implikasies was van hierdie opdrag van haar nie. So gebruik Vader verskillende ledemate van een liggaam om werk vir Hom te verrig, en as ons terugkyk, is ons verstom oor die wonder van Sy beplanning. Ook kan niemand nou vir Dogter van Sion beskuldig van bedrog en versinsels nie. Ons was almal net diensknegte in Sy Naam. Amein!

Hierdie verkrummeling van die eikeblaar kondig toe die

**1998 Vrywillige Gelofte deur die Dogter van Sion, en vandag 16-12-2005 afgelê vir die 50ste keer.**

# Die GELOFTE aan JaHWeH ; die El van JisraEl.

Die bevestiging van die 1838-Gelofte te Bloedrivier, op 16 Desember 1998, 1999 en 2000, 2001, 2002, 2003 en 2004 (7 keer) vir 'n deel van die oorblyfsel ...n Jisra...

## ONS ERKEN DAT:

- Ons deel is van die Boerevolk wat die Gelofte op 16 Desember 1838, te Bloedrivier, met JaHWeH, die Elohey van JisraEl gemaak het.
- JaHWeH, die Elohey van JisraEl die gebede van Sy volk verhoor het en op daardie dag self die oorwinning oor die barbaarse magte gelei het.
- Die Gelofte deur ons volksvaders afgelê, bindend op ons en ons verste nageslag is. *(Pred. 5:3)*
- Die Boerevolk deel van die Huis van Elohim is, gebou op ons Rots, JaHWêshua, die Verlosser van JisraEl. *(Matt. 7:25)*
- Ons wag op die belofte van EliJaH wat sal kom om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die harte van die kinders tot hul vaders, sodat U nie die land met die banvloek hoef te tref nie. *(Mal. 4:6)*
- U U Gees van Apartheid, die Heilige Gees, na Suid-Afrika sal stuur, na die Dogter van Sion en die Dogter van Jerusalem, U oorblyfsel, suid van die riviere van Kus. *(Sef. 3:10 en 14)*

## ONS BELY DAT:

- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het om hierdie Gelofte aan U, getrou na te kom. *(Pred. 5:3)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het om die Ewige Verbond van die Besnydenis, volgens U instelling, getrou op ons seuns toe te pas. *(Gén. 17:9-14)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het om U glorieryke Naam, JaHWeH, te vereer. *(Open. 2:13)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het om U sabbatte, U wette, U insettinge en U verordeninge getrou na te kom. *(Deut. 6:2)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het om te reageer op U bevel tot Apartheid in hierdie land wat U aan ons Vadere toevertrou het. *(Jos. 23:5-7, 11-13)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het deur vreemde gode en heersers op hierdie grond van U te aanbid en te vereer. *(Deut. 7:2)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het deur nie te reageer op U bevel om tot in ewigheid, nie die vrede en geluk van hierdie volke rondom ons te soek nie. *(Deut. 23:6)*
- Ons en ons Vaders gruwelik versuim het deur ons te laat mislei deur teoloë wat U Apartheidswoord, vir die honde en die varke gegooi het. *(Matt. 15:26)*
- Ons en ons Vaders, U grond wat U aan ons toevertrou het, nie elke sewe jaar laat rus het nie, en dit aan vreemdes verpand het. *(Lev. 25:3-5)*

## ONS ONDERNEEM DAT:

- Ons en ons nageslag van nou af die Gelofte van 16 Desember 1838 jaarliks getrou sal aflê en gehoorsaam. *(Nahum 1:15)*
- Ons van nou af ons seuns en die geslagte ná hulle getrou in U ewige verbond sal insny. *(Hebr. 6:17)*
- Ons van nou af, U NAAM, JaHWeH vir ewig sal vereer. *(Ex. 20:7)*
- Ons van nou af ons harte sal besny en U Sabbatte, Feeste, Wette, Insettinge en Verordeninge getrou sal onderhou. *(Deut. 6:2)*
- Ons van nou af, U bevel om Apart te lewe, streng en doelgerig op ons grond sal toepas. *(Esra 9 en 10)*
- Ons van nou af geen vreemde heersers en gesnede afbeeldings op ons grond sal toelaat nie, maar ons vertroue sal stel in U o, JaHWeH, die Elohey van JisraEl. *(Ex 20:3)*
- Ons van nou af, volgens U bevel sal handel met die gruwelike nasies binne ons landsgrense. *(Deut 7)*
- Ons van nou af, volgens U bevel sal handel met elke Baälpriester en volksverleier en struikelblok wat U Woord verder versaak. *(1 Kon 18:40)*
- Ons van nou af hierdie volk van U in U onvervalste Woord sal onderrig. *(Matt. 28:19)*
- Ons van nou af ons tyd daaraan sal wy om aan hierdie volk van U 'n Skrifwoord te voorsien, vry van die suurdeeg van Satan. *(Open. 3:10)*

***<u>AANHANGSEL A</u>: Uittreksels uit `n Hooggeregs-hofaansoek deur die Bloedrivierstigting, waardeur lede van die Dogter van Sion vir ewig van die Bloedrivier-terrein verbied is.***

FROM : Panasonic TAD/FAX PHONE NO. : 7267462 Mar. 21 2002 06:41PM P02

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(NATALSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. 938 /2002

In die aansoek tussen:

DIE STIGTING VIR DIE BLOEDRIVIERGELOFTETERREIN BEPERK APPLIKANT

en

| | |
|---|---|
| MENEER D.W. VAN VUUREN | EERSTE RESPONDENT |
| MENEER DAWIE PRETORIUS | TWEEDE RESPONDENT |
| MENEER J STEYN | DERDE RESPONDENT |
| MENEER D.B. OLIVIER | VIERDE RESPONDENT |

EEDVERKLARING

GRIFFIER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
NATALSE PROVINSIALE AFDELING
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG
2002 -03- 22

Ek, die ondergetekende

12. Ten einde hierdie Agbare Hof in staat te stel om hierdie aansoek in behoorlik perspektief te beoordeel, plaas ek die volgende agtergrondsfeite op rekord, naamlik:

(a) Uit geskrifte en optredes van nie net die Respondente nie maar ook van ander lede van die organisasie wat bekend staan as die Dogter van Sion, blyk dit duidelik dat die lede van hierdie betrokke organisasie radikale uitsprake maak ten aansien van godsdiensbeoefening, politieke sienswyses en dat hulle fanaties is ten opsigte van die uitoefening van sodanige sienswyses.

## ***<u>AANHANGSEL A</u>: Uittreksels uit `n Hooggeregs-hofaansoek deur die Bloedrivierstigting, waardeur lede van die Dogter van Sion vir ewig van die Bloedrivier-terrein verbied is.***

van die betrokke organisasie word toegang verleen tot sodanige afgekampte terrein of laer wat opgeslaan is;

(b) Lede van die publiek word deur lede van die organisasie gekonfronteer en uitgenooi om lede van die betrokke organisasie te word;

(c) Daar word ook op stategiese plekke vlae van die organisasie tentoongestel en in besonder word die banier en vlae van die betrokke organisasie aangebring in die nabye omgewing van die bronswa-laer;

(d) Die baniere bevat onder andere die slagspreuk : "Apartheid is heilig";

(e) Die ou Vierkleur van die Transvaalse Republiek met die woorde "Jahweh" in Hebreeus daarop aangebring word vertoon. In die jaar 2001 het die organisasie reg langs elke wa van die bronswa-laer 'n vlag ingeslaan van die betrokke organisasie. Dit was in stryd met 'n onderneming wat die organisasie gegee het dat hulle nie sodanig sal optree nie.

## ***AANHANGSEL A: Uittreksels uit `n Hooggeregs-hofaansoek deur die Bloedrivierstigting, waardeur lede van die Dogter van Sion vir ewig van die Bloedrivier-terrein verbied is.***


35. Soos reeds hierin duidelik uiteengesit is het die Applikant 'n besluit geneem dat geen verdere okkupasie van die woonwapark sal geskied vanaf 19 Maart 2002 nie vir die rede dat die Applikant besig is met onderhandelinge welke reeds in 'n gevorderde stadium is.

36. Ek doen aan die hand dat hierdie aansoek een van 'n dringede aard is vir die volgende redes, naamlik:

(a) die Respondente wat almal duidelik lede van die organisasie die Dogter van Sion is se doelstellings is duidelik naamlik dat hulle fanaties is om die Gelofteterrein die eiendom van die Eiser te bekom en dat dit duidelik beoog om te probeer om regte te vestig uit hoofde van die feit dat hulle aldaar woonagtig is sedert Desember 2001;

(b) dit is baie duidelik dat die Respondente en ander lede van die Dogter van Sion duistere motiewe het deur die terrein te okkupeer en dat verdere verblyf op daardie terrein uiters nadelige gevolge inhou vir die Applikant veral indien dit die terrein wil oormaak aan 'n ander instansie;

## `n Vloeidiagram wat die verskillende stappe toon in die bou van die laaste Sionshuis



# 1838 Gelofte

*Hier staan ons voor die Heilige God*
*van hemel en aarde*
*om 'n Gelofte aan Hom te doen, dat, as*
*Hy* ons *sal beskerm*
*en ons vyand in ons hand sal gee, ons*
*die dag en datum elke jaar*
*as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal*
*deurbring,*
*en dat ons 'n* huis *tot Sy eer sal oprig*
*waar dit Hom behaag,*
*en dat ons ook aan ons kinders sal sê*
*dat hulle met ons daarin moet deel*
*tot nagedagtenis ook vir die*
*opkomende geslagte.*
*Want die eer van Sy Naam sal*
*verheerlik word deur die roem*
*en die eer van die oorwinning*
*aan Hom te gee.*

einde van die formele Gelofte te Bloedrivier deur die kulturele leiers van die volk aan, omdat hulle nie die oorspronklike inhoud van die Gelofte meer geëer het nie, maar ook nie hul verbod op volksgenote, wat die fees op die terrein wou vier, die afgelope vier jaar wou ophef nie. Hulle het toe in die skande gekom deur die Gelofte onder die eikeboom, wat die ware geestelike inhoud van die oorspronklike Gelofte dra, naamlik die van `n geestelike volkshuis wat gestig sou word vir die hele Sion wat oor die hele wêreld verspreid is as die blanke Israel. Hy gaan verder en sê dat hulle self sal verdor soos die eikeblaar en dat hulle geen verdere water/kennis sal kry nie. Hulle sal dus geestelik verdor en die ewige dood sal hul voorland wees.

Onwetend het ons toe werklik `n vrylating verkry na die vyftigste aflegging van hierdie Gelofte. Nooit sal gesê kan word dat die Bloedrivierstigting, die Voortrekkermonumentekommissie, die Afrikanerbond, die NG-kerk (aan wie die Bloedrivier-terrein behoort) en die FAK nie geleentheid gehad het om hierdie saak reg te stel nie.

*"Mene mene tekel ufarsin".* Hulle was geweeg en hulle is te lig bevind!

## 2006 – JAAR VAN WERK IN DIE WINGERD

Hierdie volgende jaar was gekenmerk deur wonderlike seëninge van ons Hemelse Vader, nadat ons die volgende opdragte van JaHshua letterlik opgeneem het en daadwerklik die koninkryk van God met geweld begin nader trek het. **Matthéüs 24:45-46:**

> *45 WIE is dan die getroue en wyse dienskneg vir wie sy Meester oor Sy diensvolk aangestel het om hulle hul* ***voedsel op tyd te gee?***

*46 Geseënd is daardie dienskneg vir wie sy Meester, as Hy kom,* ***op hierdie manier besig sal vind****.*

*47 Voorwaar Ek sê vir julle, Hy sal hom oor al Sy besittings aanstel.*

Dogter van Sion het betrokke begin raak met die voeding van die volk. Sopkombuise in Danville en Elandspoort is opgerig. Kospakkies vir minderbevoorregtes is uitgedeel. Op die grond self is 50 (nou al sowat 80) behoeftige mense gehuisves in tente en wendy-huise. Elke oggend het ons geleentheid gehad om ook geestelike voedsel uit te deel. Skrifstudie lesings in die aand en oggende het hulself baie vrugbaar getoon. Mense het werklik die woord begin eet. Hier moet ons byvoeg dat daar ook geen tekort aan duiwels was nie. Die was volop, maar as mens diamante soek, moet jy hope gruis deurwerk alvorens jy een diamant kry. Hierdie opdrag was so ernstig op ons harte gedruk, want die volgende skrifgedeelte is `n groot aanklag teen die hele volk. **Matthéüs 25:31-46.**

*31 EN wanneer die Seun van die Adam in Sy Glansrykheid kom en al die Apartes [en] Boodskappers saam met Hom, dan sal Hy op Sy glansryke Troon sit;*

*32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;*

*33 en Hy sal die* ***skape aan Sy regterkant en die bokke aan Sy linkerkant sit****. [JeségiEl 34:20]*

*34 Dan sal die Meester vir die wat aan Sy regterkant is, sê: Kom, julle geseëndes van My VADER, beërf die Koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.*

*35* ***Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;***

*36* ***Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.***

*37 Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?*

*38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?*

*39 En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?*

*40 En die Meester sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle,* ***vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broers van My, het julle dit aan My gedoen.***

*41 Dan sal Hy* ***ook vir dié aan Sy linkerhand (bokke)*** *sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die Satan en sy boodskappers.*

***42 Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.***

***43 Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.***

*44 Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?*

*45 Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle,* ***vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.***

*46 En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die Ewige Lewe.*

Hier is dit baie duidelik wie `n skaap is en wie `n bok is. As

jy vir Sy kinders omgee, hulle voed, klee en help uit hulle gevange toestand, is jy `n geseënde skaap wat die ewige lewe sal beërwe. Indien jy dit nie doen nie, is jy `n bok, en sal die ewige straf jou voorland wees. Niemand kan verby hierdie vers kom nie. Dis duidelik, reguit en op die man af. Ja, verseker is dit uiteindelik geestelike kos, -kleed en – genesing wat gegee moet word, maar hoe sê jy vir iemand wat drie dae laas geëet het, dat jy nou God se woord aan hom bring. Hy vloek jou en jaag jou weg, want hy is honger. Na drie maande se onbaatsugtige fisiese kosvoorsiening sal hy jou vra hoekom jy dit doen. Dan sê jy: Omdat die liefde van JaHshua wat in my is, en wat ek vir jou het, dit van my vra. Dan eers begin jy die geestelike kos stadig en smaaklik aanbied.

Baie groeperings in hierdie land beskou hulle as die uitgesoekte en uitverkore groep van Vader. In baie van hierdie groeperings loop leiers rond wat hulleself waan om die bruin pad of die grys pak te dra, wat dink hulle is die leiers van die volk. My vriend, julle dwaal vreeslik. Raak eers nederig, raak `n kelner vir die geringstes onder julle volk, voordat jy jouself dalk te hoog aanslaan.

## 16 Desember 2006 – Die nuwe Gelofte

Hierdie Geloftefees op 16 Desember 2006 was weereens by Kameeeldrif 225 gehou, en al drie Geloftes is gelees, die 1838, die Dogter van Sion–Boek van Herinnering-gelofte en die Dogter van Sion Nuwe Huis-gelofte. Dit het spontaan gebeur, nadat ons besef het dat ons Vader hierdie laaste Gelofte geseën het. Die huis was nou funksioneel en mense het weekliks ingestroom na hierdie huis, waarvan ons die deure per gelofte vir Sy kinders oopgehou het.

Die res van 2006 en 2007 was gekenmerk deur wonderlike geestelike openbaringe wat na ons toe gekom het. Die grootste deel van die Lorberboeke se vertaling was

afgehandel, so ook die meeste van die Bertha Dudde werke wat vanuit Hollands na Afrikaans vertaal is. Gedurende hierdie tyd open Dogter van Sion nog `n webwerf, www.nuweopenbaring.co.za waar al die direkte openbaringe van ons Vader geplaas word. Al die boeke word gratis in elektroniese formaat beskikbaar gemaak. Duisende mense begin die webwerf maandeliks besoek en die nuwe openbaring begin nou wêreldwyd bekend te raak.

Die wonderlikste gebeurtenis het egter die oggend van 30 Julie 2007 plaasgevind, toe Judith de Beer, `n Boeredogter van die Dogter van Sion (nou wel sowat 50 jaar oud en nie meer `n dogtertjie nie!) die innerlike stem van ons Vader hoor. So gee Hy toe die eerste direkte boodskap deur na Sy Sionsvolk, die Boerevolk in Suid-Afrika. Van daar af het sy ononderbroke elke dag `n boodskap ontvang en vandag, 22 September 2007, is ons reeds by die 122ste boodskap. Een van die mooistes, gegee op 6 Julie 2007 lees as volg.

> ***Uittreksel uit openbaring 41***: *... Maar nog altyd in My wysheid het Ek trou `n oorblyfsel bewaar en onder julle volk het `n geringe groepie* ***`n nuwe skriftelike ooreenkoms met My aangegaan en in hierdie nuwe skriftelike kontrak lê die hoop en opstaan van julle volk.***

Hierdie ooreenkoms kan net die Nuwe Gelofte wees, die een wat op 22 September 2003 afgelê is vir die eerste keer en wat onder die eikeboom bevestig is met `n klipstapel. Die een wat Hy op wonderbaarlike wyse bevestig het met `n verdorde ou eikeblaartjie. Hierdie inhoud sal deeglik bestudeer en nagekom moet word deur elkeen in hierdie Sionsvolk.

Hierdie geskrif word tans geskryf, en dit is vandag die 23 ste September 2007, een dag na die 22 September 2007, die dag waar ons weereens hierdie Gelofte afgelê het as herinnering aan ons belofte aan JaHWeH. Wat `n wonderlike geseënde dag het ons nie gehad nie. Sy teenwoordigheid was tasbaar vir elkeen wat daar was. Daardie middag 16h00 gee die Vader die volgende boodskap aan Judith, naamlik **Openbaring 122**:

**Die vyeboom se finale bot**

*"Nog altyd was My boodskappe en profesieë van so `n aard deur profete en sieners aan die mensdom oorgedra, sodat niemand `n vasgestelde tyd van die einde daaraan kon koppel nie. En vir baie eeue het baie geslagte voortdurend gespekuleer oor die spesifieke tyd van My wederkoms en telkemale en met die nodige tekens, het die vyeboom dikwels, tot aansporing van vele geslagte se geestelike groei, gebot.* ***Maar Ek sê nou vir julle, sy loot het baie sag en groen vir sy finale bot geword.*** *Die onder julle wat julle gesig van hierdie openbaringe wegdraai, omdat dit nie voldoen aan die vereistes, wat volgens julle standaarde, rondom My gebou is nie en julle julle daarom in hoogmoed en trots vir my skaam, vir julle sê Ek: Die dag van die groot ontmoeting het naby gekom, en ook sal julle nie voldoen aan die verwagtinge wat ek rondom julle gebou het nie, en wanneer julle in wanhoop na MY sal roep, sal Ek julle die gesig wegkeer, omdat Ek My vir julle sal skaam.*

*Maar My kinders waarsku Ek met `n dringendheid, dat Satan die vermoë het om met `n flinke tong en vaardige spraak, homself baie geloofwaardig aan die mens te kan oordra. Wees daarom dubbel versigtig vir enigiets wat na `n te maklike oplossing lyk."*

Hoe wonderlik is hierdie bevestiging nie! Dankie Abba Vader, dat U ons nog `n kans gegee het in 1997, dat u mis gegooi het op hierdie boom, dat u hom nie uitgespit het nie, dat U hom voortdurend onderhou het, 49 keer daarna te Bloedrivier en Kameeldrif 225, daarna die 50ste keer as vrylating en ons daarna as volwaardige eie boom, op 22 September gevestig. Dankie, dankie dankie. Amein.

***EINDE VAN INSETSEL OOR HUIS VAN SION OP ROTS***

## DIE LAASTE BELOFTES VOOR DIE WEDERKOMS MOET IN VERVULLING GAAN

**19** Voort nou met ons Melgisédek-orde ondersoek. Vir elkeen wat nog in sy of haar blindheid nie weet wat hulle te doen staan in die donker toekoms van ons volk nie, hou op om u te bekommer, begin te juig en te jubel, want u is Sion, die gekose een, en daar is verlossing belowe, beskerming in die verwoestingstye wat voorhande is. Weet dat dit donker tye is wat wag op elkeen, daar is ongelooflike natuurfratse, pessiektes, Uhuru-nag, atoomoorlog, kernafval vanuit die lugruim en `n verskriklike Antichris-heerskappy wat voorlê. Maar u sal beskerming geniet, maar SLEGS deur die inhoud van hierdie EEN VERBOND, want daar is maar **Een Sionskind** en nie meer nie. Dit sê nie ek nie, maar ons Hemelse Vader sê dit vir ons in **Openbaring 120 aan Judith de Beer**, gegee op 20 September 2007.

***Wee die valse vrug***

Salig is die eerlike onvrugbares wat hulself besig hou met goeie werke wat gebore is uit waarheid en gees. Dit is beter om kinderloos deur die lewe te gaan, as om `n giftige vrug, as gevaar vir ander se lewe te baar. In wellus wil die leuen vir haarself `n kind verwek en in die wieg van die waarheidskind, wil sy haar telg neerlê. **As `n enkel suiwer vrug, is klaar My Sionskind gebaar en wee die valse saad, wat in sy plek wil staan** en Natan sal Ek stuur om die gruwel oop te vlek en in die valse moederskoot sal die onsuiwer fetus sterf. Die waarheid sal die leuen ontbloot, wee daarom die valse skoot.

## Die Joël 2 beloftes vir die eindtyd

Ons lewe tans in die tydperk van **Joël 2:23-32** en hierdie beloftes moet sigbaar waar word in ons, Sion in Suid-Afrika, se midde. As hierdie beloftes waar word, kan elkeen mos nou verseker weet dat dit die plek sal wees wat ons Vader uitgekies het om in te woon.

> *23 En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in JaHWeH julle Elohey, want Hy gee julle die **Leraar tot Geregtigheid** en laat op julle neerdaal die reën, die **Leraar en die laat reëns**, soos voorheen. [Maleági 3:1]*

Hierdie leraar is die Gees van Waarheid wat sal manifesteer in die twee getuies, naamlik die twee olyfbome en die twee gemeentes van **Openbaring 11** en **Sagaria 4**.

> *24 Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van **vars wyn en olie** oorloop.*

Hierdie is vars nuwe openbarings wat gegee sal word, produkte van die laat reën en die Leraar.

> *25 En Ek sal julle **vergoed die jare** wat die treksprinkaan, die jong sprinkaan, die kommandowurm en die sprinkaan verslind het - My groot Leërmag wat Ek teen julle gestuur het. [Boekrol van die Opregte 80:33; JôWEl 1:4]*

Hierdie tydperk verwys na die tydperk (nou 13 jaar) wat die swart kommunistiese regering die Boervolk vertrap en alles kaalgevreet het.

> *26 Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van JaHWeH julle Elohey prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.*
>
> *27 En julle sal **weet dat Ek in die midde van JisraEl is**, Ek - JaHWeH julle Elohey, en niemand anders nie; en My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.*

JaHWèshua sal Homself aan hierdie groep vertoon, eers in verhulde vorm, in `n wolk, daarna openlik.

> *28 En daarna sal Ek **My Gees uitgiet op alle vlees**, en*

*julle* ***seuns en julle dogters sal profeteer****, julle* ***oues drome droom****, julle* ***jongelinge visioene*** *sien. [JeségiEl 13:11-13; MattithJaHûW 16:3]*

*29 En* ***ook op die diensknegte en op die diensmaagde*** *sal Ek in dié dae My Gees uitgiet. [JeségiEl 24:27]*

Dit sal dus die teken wees, naamlik talle profesieë deur ons seuns en dogters, drome deur oues en visioene deur jongelinge. Indien u dus ernstig op soek is na hierdie groep, sal dit `n baie groot leidraad wees. Verseker gaan Lucifer ook `n valse aanslag loods en elkeen sal binne-in sy eie hart moet ingaan en versekering kry dat hyself by die regte groep is. Ook alle voorafgaande eienskappe van die Melgisédek-orde moet ook teenwoordig wees in so `n groep.

*30 En Ek sal wondertekens gee aan die Hemele en op die Aarde: bloed en vuur en pilare van rook.*

*31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van JaHWeH kom.*

Weereens `n bevestiging dat hierdie dinge sal plaasvind tydens of net voor groot katastrofiese natuurgebeure wat wêreldwyd sal plaasvind.

*32 En elkeen wat die Naam van JaHWeH aanroep, sal gered word;* ***want op die Berg van Sion en in Jerusalem*** *sal daar ontkoming wees soos JaHWeH gesê het, en* ***onder die oorblyfsel*** *van die wat JaHWeH sal roep.*

Elke Israeliet wat JaHWeH se Naam aanroep sal op die Berg Sion, by die wedergebore Melgisédek-orde en by die Nuwe Leer (Jerusalem) ontkoming ontvang van die bose Antichris heerskappy wat aan die eindtyd opgerig gaan word.

## Die trek uit Egipte

Nou vir die belangrike vraag. Waar gaan hierdie berg aan die eindtyd wees? Ons weet dat die berg geestelik verwys na die hoogste geestelike vlak wat ons as mense in die vlees kan bereik, naamlik die volkome wedergeboorte van die gees, terwyl ons nog in die vlees is. Maar dit is ook logies om af te lei dat die vrou/volk in die wildernis sal wees, ten tye van die verdrukkingstydperk op aarde. Die afleiding kan gemaak word dat dit op `n spesifieke plek sal wees. Vir leidrade sal ons dus na die groot trek uit Egipteland moet gaan kyk, waar die volk ook in drie fases moes trek tot in Kanaän. Interessant stel die tabernakel se konstruksie ook hierdie drieledige trek voor.

Eerstens stel die voorportaal die Egipte slawerny, die vleeslikheid voor, beskryf deur die vleispotte van Egipte, waarheen almal altyd na terugverlang. Daarna gaan hulle deur die Rooi see (wedergeboorte van die siel) voorgestel deur die waskom as doop van gehoorsaamheid vir diegene wat die eerste Pasga korrek gevier het.

Nou is hulle in die woestyn/wildernis, voorgestel deur die Heilige Vertrek in die tabernakel, waar hulle siele gesuiwer word deur die onderhouding van die wet en die eet van die hemelse manna. Daarna gaan hulle deur die besnydenis, dan deur die Jordaan (wedergeboorte van die gees), wat die tweede voorhangsel voorstel.

Nou kom hulle in Kanaän aan, voorgestel deur die Allerheiligste Vertrek, wat die volkome eenwording met Vader aandui, waar hulle sou vertoef en binne die orde van Vader sou leef. Helaas het dit nie toe so plaasgevind nie, maar ons wat vandag in die Melgisédek-orde kan ingaan, weet dat dit hierdie keer werklik so sal plaasvind. Satan gaan nie weer slaag nie, want ons Melgisédek Priester, JaHWèshua, het hom oorwin op die vloekhout.

## Die geestelike trek uit die vlees

Hierdie trek is ons laaste trek hier aan die eindtyd. Dit is `n geestelike trek uit ons vleeslike toestand waarin ons was voordat ons bekeer is. Elke persoon trek ook op sy tyd en so is ons `n hele volk Sion, waar die meeste in Egipte/vlees is, sommige al in die woestyn, besig met suiwering en hier en daar is een wat al deur die Jordaan (geestelike doop) is en wat in Kanaän aangekom het.

Hierdie toestand word beskryf in **Openbaring 12**, waar die vrou (gesuiwerde Sion) na die wildernis vlug, saam met diegene wat al geboorte gegee het, in haar midde. Hulle is diegene wat reeds die volkome wedergeboorte gesmaak het (in Kanaän). Hier is beide groepe saam. Tans is ons nog almal fisies in Egipte, alhoewel die geestelike toestande verskillend is. Tussen Egipte en die wildernis/woestyn, net voor die Rooi See, is daar wel `n baken wat vir ons dalk lig op die onderwerp kan gee. Die volk het by Migdol laer opgeslaan, voordat hulle die Rooi See (eintlik Rietsee) bereik het. Dit is ook hier waar die bonatuurlike goddelike beskerming, in die vorm van die opening van die Rooi See, plaasgevind het. Sien **Exodus 14:2-4:**

> *2 Sê aan die kinders van JisraEl dat hulle moet omdraai en laer opslaan voor die aangesig van Pi-Hágirot,* ***tussen Migdol (***beteken "TORING" in Hebreeus***) en die see****. Reg teenoor Baäl-Sefon moet julle laer opslaan by die see.*
>
> *3 Dan sal Farao van die kinders van JisraEl sê: Hulle is verdwaal in die Aarde, die wildernis het hulle ingesluit.*
>
> *4 En Ek sal Farao se hart verhard, dat hy hulle agtervolg; en* ***Ek wil My aan Farao en sy hele leërmag gewigtig maak****, en die Egiptenaars sal weet dat Ek JaHWeH is. En hulle het so gedoen.*

Hierdie plek, Migdol, wat toring beteken hou die sleutel van ons hedendaagse trek uit Egipte, waar `n konfrontasie met die Draak-groep (Farao en sy leër) sal plaasvind. Eerstens moet Migdol in jou eie hart gevind word. Die volgende

gedeelte in **2 Samuel 22: 47-51** gee ons meer lig op hierdie toring/ Migdol in ons harte. Migdol word egter algemeen aanvaar as “skaapstoring” en nie net “toring” nie.

> *47 JaHWeH leef! En geloofd sy my Rots, en laat verhoog wees die Elohey wat die Rots is van my Lossing!*
>
> *48 Die El wat my die wraak gee en volke onder my neerwerp;*
>
> *49 **en wat my uitlei onder my vyande uit**; ja, U verhef my bo my teëstanders, U bevry my **van die man van geweld**.*
>
> *50 Daarom wil ek U loof, o JaHWeH, onder die nasies, en tot eer van U Naam wil ek musiek maak;*
>
> *51 **Hy is die Toring*** **(Migdol in Hebreeus)** *wat die Verlossing van Sy koning groot maak en wat **Medelye het met Sy gesalfde**, aan Dawid en aan sy saad tot in ewigheid.*

Hier beskryf Samuel dat JaHWeH leef, verwysend na ons Verlosser, JaHWèshua, wat ons sal uitlei onder ons vyande uit. Hy noem Hom die Toring/Migdol en dat Hy medelye het met Sy gesalfde, Dawid en sy saad, wat in die eindtyd die Melgisédek-orde sal wees. (Verwys na vorige gedeelte in hierdie boek oor die Soutverbond met Dawid en sy saad.) dus `n bewys dat die eintlike, die Ware Migdol, ons Verlosser, JaHWèshua is, Verlosser van die skape, oftewel toring van die skape – die Skaapstoring.

Daar is egter nog `n toring in die Nuwe Testament, wie se handelinge baie belangrik is in ons studie van Migdol, en dit is die vrou wat deur ons Meester van sewe duiwels verlos is, genaamd Maria Magdalena, ook genoem Mirjam die Migdalieth in die Boek van Herinnering, waar laasgenoemde haar eintlike naam in Hebreeus is. Sy was ook die vrou wat by ons Meester se graf gewaak het en Hom eerste gesien/herken het. Haar naam beteken ook Migdol/toring. Hierdie vrou se verhaal, waar sy verlos word van haar besetenheid (haar geestelike uittog uit Egipte) word wel in

**Lukas 7 en 8** beskryf, maar is ietwat verwarrend. Die werklike verhaal, soos vertel deur JaHWèshua Self, vind ons in **Die Groot Johannes Evangelie – Boek 6**: Dit is belangrik om te sien hoedat hierdie vrou, as die "klein skaapstoring/Migdol" deur die "Groot Skaapstoring/Migdol" genees word van haar sondige toestand, voorgestel as die trek uit die vleeslike Egipte na die geestelike toe. In die gees vind hierdie genesing dus ook plaas by die geestelike Migdol/skaapstoring, net voor die Rooi See kruising, wat die skeiding tussen siel en vlees voorstel.

***Die genesing van die besete jong vrou Maria Magdalena***

***Hoofstuk 185*** *Maar kort daarna, ongeveer na `n kwartier, kry die gids (Maria/Migdol) van die Romeine, wat andersins **<u>as publieke vrou met ontugtige manne verkeer</u>**, vanweë teveel van die genoemde wyn geweldige krampe, en sy jammer en vertrek haar gesig terwyl haar ledemate en spiere vreeslik vol krampe word.*

Hierdie stel die sondige toestand van Sion voor, voorgestel deur Maria Magdalena/Migdol, waar ons volk in allerlei vleeslike en geestelike hoerery vasgevang sit. Die Romeine stel ook die Roomse godsdiens voor waarin Maria Migdol vasgevang sit.

*[2] **Die Romeine** was daardeur hewig ontsteld, omdat hulle so `n verskynsel as `n buitengewone slegte Malum Omen* beskou het. Hulle sê: 'Wee ons, die gode het baie kwaadgeword vir ons, omdat ons `n vreemde God gaan opsoek het! Wat doen ons nou?' *(slegte voorteken)*

*[3] **Lasarus** sê: 'Bly gewoon rustig! Want ek ken hierdie persoon al geruime tyd; sy het al `n aantal jare las van hierdie siekte, en sy het dit al meermale gehad, veral as sy ietwat te veel wyn gedrink het. **<u>Ons Judeërs noem dit besetenheid deur één of dikwels ook meer bose geeste</u>**. In vroeër tye, toe daar nog baie vroom mense onder die Judeërs te vinde was, kon sulke bose geeste*

*deur die gebed van `n vroom mens verjaag word; maar in hierdie tyd bestaan dit nouliks meer. Natuurlik sou ons besondere Man dit wel oombliklik kon doen, as Hy dit wou hê!*

*[4] Kyk, dit is die oorsaak van die verskynsel en verder heeltemal niks nie! Hoe kan julle gode vir julle kwaad-word, terwyl hulle tog nêrens anders kan bestaan as in die fantasie van mense wat van `n ware God niks weet nie, omdat hulle nog nooit iets oor Hom gehoor het nie? Waarom nie? Dit lê in die ewige groot wysheidsplan ingesluit van Hom wat die mense geskape het.'*

*[5] Dit stel die Romeine gerus, en hulle kom toe weer na die gids kyk, wat haar in `n ellendige toestand bevind, en ietwat medelye vir haar voel.*

*[6] Die vernaamste Romein kom na ons tafel toe, waar ons baie rustig sit, soek juis vir My uit en sê: 'Beste vriend, is daar dan glad niemand onder u wat die ongelukkige meisie bietjie kan help nie? U sit egter so ongeïnteresseerd daar, terwyl hierdie arme vrou met die dood veg! Ek sou haar beslis graag gehelp het as ek `n middel teen die kwaal sou ken; maar dit is by ons Romeine nog baie sleg gestel met die genees van die spesiale soort kwale.'*

*[7] **Ek** sê: 'U het uself tot My gewend, sonder om te weet wie Ek is; maar u halwe vertroue dat daar aan ons tafel iemand is wat die besetene sou kon help, het u na My toe gebring. En Ek sê u dat u gees u al **die regte Man aangewys het, wat haar ook sal help tot haar liggaamlike welsyn en tot welsyn van haar siel**. Let dan goed op met watter middele Ek hierdie jong vrou vir altyd sal help!'*

*[8] Toe staan Ek van My stoel af op, gaan na die heeltemal verstyfde jong vrou wat op die grond lê, **strek My hande oor haar uit en bedreig die sewe bose geeste in haar.***

Hierdie sewe bose geeste stel die absolute teendeel van die sewe ware geeste van ons Vader voor, soos voorheen in

hierdie boek vermeld, wat JaHWèshua uit Sion se harte sal uitdryf aan die eindtyd. Dit is die valse liefde, die wêreldse wysheid, die verkeerde orde, onwilligheid, gebrek aan erns, ongeduld, en onbarmhartigheid.

> *[9] Maar **die geeste** skreeu hardop uit haar buik: 'O Jesus, Seun van Dawid, laat ons nog `n kort tydjie in dié huis van ons!'*
>
> *[10] Maar Ek dreig hulle nog `n keer, en hulle verlaat die jong vrou op dieselfde oomblik.*
>
> *[11] En die jong vrou staan op en was vrolik, fris en gesond asof sy nooit iets makeer het nie. Maar toe sy My langs haar sien en mense haar vertel dat Ek haar gehelp het, kyk sy My strak aan en sê: 'Ag, dit is tog die geweldige man vir wie my hart al sedert `n jaar gelede steeds vinniger klop! **<u>En juis Hy, wat ek oneindig liefgehad het en nog liefhet sedert ek Hom slegs eenmaal in die verbygaan gesien het, kom my nou te hulp!</u>** O vriend, U kon my maar eerder laat sterwe het in plaas daarvan dat ek U nou tot groot verdriet van my hart weer moet sien, sonder om ooit die hoop te hê om ook deur u bemin te word! Want U is `n suiwer mens en ek is `n verdorwe hoer!'*
>
> *[12] **<u>Daarop val sy aan My voete neer, omklem dit knielend en maak hulle nat met trane van liefde en berou.</u>***

Toe die bose geeste uit is, toe herken Migdol dadelik haar Meester, en in nederige berou bedank sy Hom vir wat Hy gedoen het, naamlik om haar uit Egipte te verlos.

> *[13] Toe kom `n paar leerlinge na vore, wil haar van My voete wegtrek, en sê vir haar dat so-iets hier nie van pas is nie.*
>
> *[14] Maar **Ek** sê vir die leerlinge: 'Wat gaan dit julle aan?! Is Ek dan nie Meester oor Myself en nou ook oor haar nie? As dit vir My teveel word, sal Ek wel vir haar sê wat gepas of nie gepas is nie! Ek sê vir julle: **<u>Hierdie jong vrou het baie gesondig</u>**, - maar sy hou ook meer van My as julle almal saam; daarom sal haar ook baie*

*vergewe word. En verder sê Ek nog vir julle, **<u>dat orals waar My evangelie gepredik sal word, ook oor die voorval en hierdie jong vrou gepraat sal word.'</u>***

*[15] Toe trek die leerlinge hulle terug en sê niks meer nie.*

*[16] Maar Ek sê daarop vir die jong vrou: 'Staan op, want jy is geholpe, en al jou sonde is jou vergewe! **<u>Maar gaan nou heen en sondig nie meer nie</u>**, sodat jy nie nog iets erger sal oorkom nie! Want as `n bose gees `n mens verlaat het, trek hy deur dorre streke en woestyne en soek na `n woning, en as hy niks vind nie, kom hy weer terug. Dan vind hy sy ou woning skoongevee en gereinig, sodat hy `n groot begeerte kry om weer daarin te trek. As hy egter sien dat hy te swak is, gaan haal hy sewe ander geeste, wat nog erger is as hy, en gesamentlik trek hulle dan met geweld in die gereinigde woning in, en hierdie tweede toestand van die mens is dan nog baie erger as die eerste. Let dus goed op dat dieselfde jou nie oorkom nie! Staan daarom op, **<u>gaan heen en sondig dus nie meer nie</u>**!'*

*[17] Toe staan die jong vrou op en weet van louter liefde en dank vir My byna nie wat sy moes doen nie. Na `n oomblik vra sy My of sy tog hierdie nag nog hier in die herberg mag bly, omdat dit al laat in die nag geword het.*

*[18] En **Ek** sê vir haar: 'Ek praat nie teen jou liggaam nie, **<u>maar teen jou siel en haar talle wêreldse begeertes;</u>** met jou liggaam kan jy gaan waar jy wil!'*

*[19] Dit was voldoende vir die jong vrou en sy gaan weer aan tafel sit, - maar haar oë wend sy vir geen oomblik van My af nie.*

Hier sal nog vir ewig gepraat word oor hierdie vrou, Migdol/ Sion aan die eindtyd, wat verlos is van haar sonde in haar siel, deur die Groot Skaapstoring/Migdol. Let op hoe vergelyk die Meester haar verder as die een skaap wat verlore is.

***Hoofstuk 186***

*[8] Maar **die Romein** sê vir haar: 'Luister, liewe jong*

*vrou! Ons Romeine het `n ou spreekwoord wat lui: 'As die dokter daarby is, kan jy niks oorkom nie!' En hier het ons `n Opperdokter, en daarom kan jy ook ter ere van Hom wel `n beker leegdrink!'*

*[9] Toe sê* ***die jong vrou****: 'As ek weet dat ek Hom eer kan bewys deur die wyn te drink, sal ek alle sakke in die hele Palestina wil leegdrink en dan vir Hom sterwe; maar ek weet, dat ek deur die drink van wyn Sy eer nie in die minste vergroot nie. Omdat Hy deur alle magte van die hemel en van die natuur van hierdie aarde ten hoogste geëer word, is naas die hoogste eer, my eer soveel as niks, en daarom drink ek nie nou die wyn so nie;* ***maar ek drink die wyn uit liefde vir Hom en ook vir u, goeie manne uit Rome!*** *En laat daarom hierdie beker vol wyn soveel beteken as: My hart is slegs vir Hom, en my agting vir u almal!'*

*[10] Na hierdie goeie toespraak drink sy die beker leeg, staan van haar sitplek op, kom na My toe en sê: 'O groot Meester, laat `n onwaardige jong vrou die soom van U kleed aanraak en soen om haar hart daardeur ietwat te verlig!'*

*[11]* ***Daarna kniel sy neer, gryp die soom van My gewaad en soen dit talle kere, maak dit nat met haar trane en kon dit toe gladnie meer loslaat nie.***

*[12]* ***`n Paar leerlinge*** *protesteer en sê: 'Maar Meester, jaag haar tog weg; sy maak U goeie klere vuil!'*

*[13]* ***Ek*** *sê: 'Waaroor bekommerd julle julleself! As Ek dit goed vind, waarom vind julle dit dan nie goed nie?!* ***Sy was `n sondares, is nou `n ware boetvaardige vrou en het My juis daarom liewer as baie regverdiges*** *wat geen behoefte het om boete te doen nie.*

*[14] Kyk, daar was eens `n mens wat honderd skape gehad het! En op `n keer* ***verdwaal daar op die groot weiveld `n skaap in die bossies****. Toe hy die aand sy skape tel, merk hy dat daar `n skaap makeer. Hy dink nie lank nie, laat die nege-en-negentig skape staan en gaan gou die verlore skaap soek. En toe hy dit na `n*

> *lang en inspannende gesoek gevind het, neem hy hom van blydskap op sy skouers en dra hom na die huis. Toe hy weer by die ander nege-en-negentig kom,* ***verheug hy hom meer daaroor oor hom wat geseënd teruggevind is*** *as oor die nege-en-negentig wat nooit soek was nie.*
>
> *[15]* ***En kyk, so sal daar ook in die hemel meer vreugde wees oor één sondaar wat waaragtig boete doen****, as oor nege-en-negentig regverdiges wat nooit boete hoef te gedoen het nie!*

Ook die volgende verhaal/gelykenis verwys na Maria Migdol/Sion wat in die toekoms by haar Meester se graf sal staan en huil omdat sy gedink het dat sy Hom verloor het, maar nadat sy haar lamp/liefde aangesteek het vir Hom, het Hy Homself EERSTE aan haar openbaar by die graf.

> *[16] So was daar ook `n vrou wat van haar geld `n stuiwer verloor het.* ***Sy het baie getreur oor die verlore stuiwer****, het dadelik* ***`n lamp aangesteek*** *en hom gesoek totdat sy hom teruggevind het. Toe sy die stuiwer teruggevind het, nooi sy haar bure uit, en gee `n maaltyd om hulle ook in haar groot vreugde te laat deel.*
>
> *[17] Kyk, dit sal ook in die hemel gebeur wanneer `n sondaar hom deur ware boetdoening laat terugvind het! Want die engele van God sien altyd Sy aangesig, let goed op die doen en late van die mense en is uitermatig bly wanneer `n mens uit homself die sonde loslaat en hom in al sy doen en late na God rig.*
>
> *[18] En daarom verheug Ek Myself ook oor hierdie sondares wat haar nou vir altyd van haar sonde afgewend het; en sy is ook bly dat sy haar egte en ware heil gevind het. Laat sy daarom haar vreugde geniet!'*

Hierdie skaap wat verlore is, is Sion/Migdol wat deur ons Meester gesoek word, totdat hy haar vind en in die hemelse sfere sal daar groot blydskap wees wanneer hierdie skaap weer terug in die Vaderhuis is. Dit was ook hierdie verlore Migdol aan wie ons Meester Homself EERSTE vertoon het na Sy opstanding. Sy was egter nog onsuiwer – vertoef nog

in die woestyn, besig met suiwering – maar belangrik is dat dit sy was wat by Sy graf gestaan en ween het oor die verlies van haar Losser, soos die weduwee wat haar geldstuk verloor het, `n lamp opgesteek het en dit gevind het. Die lamp was die liefde in haar hart vir ons Meester, wat die ENIGSTE waarborg is om Hom in jou hart te vind.

## Migdol/Skaapstoring uit Miga 4

Die volgende gedeelte in **Miga 4** handel oor die Dogter van Sion wat as `n Skaapstoring beskryf word, waarheen die vroeë heerskappy , die Melgisédek-orde sal kom. Ons sal gedeeltes van Miga 4 behandel.

> *4 EN aan **die einde van die dae** sal die **berg van die Huis van JaHWeH** vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal na hom toestroom.*
>
> *2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die **Berg van JaHWeH** en na die **Huis van die Elohey van Jakob**, dat Hy ons in Sy Weë kan leer en ons in Sy Paaie kan wandel. **Want uit Sion sal die Wet uitgaan en die Woord van JaHWeH uit Jerusalem**. [JeshaJaH 2:3]*

Hierdie gedeelte verwys na die eindtyd, waar die Berg Sion reeds opgerig sal wees as die Huis van Jakob, waar wetgewing en woord sal uitgaan, dus vanuit die reeds opgerigte Melgisédek-orde uit Sion. Dit is dieselfde berg as die in **Openbaring 14** waar die eerstelinge, die 144 000, regeer as Sion met die Woord uit die Nuwe Jerusalem, die Nuwe Leer.

> *6 In dié dag, spreek JaHWeH, **wil Ek versamel** die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.*
>
> *7 Dan sal Ek **die wat kreupel was**, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En JaHWeH sal Koning wees oor hulle op die Berg van*

*Sion, van nou af tot in ewigheid.*

Hierdie versameling van diegene wat kreupel was stel Maria/Migdol voor in haar sondige/kreupel toestand, wat versamel word, gebring word na JaHWèshua voete om die soom van Sy kleed aan te raak vir genesing.

*8 En U, **Toring van die skape (MIGDOL), Vesting van die Dogter van Sion**, na Jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, die Koningskap vir die Dogter van Jerusalem. [Spreuke 18:10; Hooglied van Salomo 4:4]*

Hier kom die eksplisiete belofte vir Migdol wat gesuiwer is, naamlik dat sy die Koningskap sal ontvang, die Melgisédek-orde, as klein skaapstoring, deel van JaHWèshua, die Groot Skaapstoring, wanneer eenwording in gees plaasvind, oftewel, wanneer JaHWèshua in Sion/Migdol se harte kom woon. Die wedergeboorte word in die volgende verse beskrywe, weereens as `n vrou wat in barensnood verkeer, soos beskryf in **Openbaring 12** en **Jesaja 66**.

*9 Waarom skreeu Jy nou so hard? Is daar geen koning in Jou nie? Of het Jou raadgewer omgekom, sodat smart Jou aangegryp het **soos van Een wat baar**? [Psalm 61; Openbaring 12]*

*10 **Krimp inmekaar en bring voort, o Dogter van Sion, soos Een wat baar**! Want nou sal Jy die Stad verlaat en op die veld gaan woon; en Jy sal in Babel aankom - dáár sal Jy gered word, dáár sal JaHWeH Jou verlos uit die handpalms van Jou vyande. [DaniEl 3:1; 4:30]*

## Die fisiese trek uit die moderne Egipte

**20** Uit voorafgaande is dit duidelik dat daar groepe en individue sal wees wat tans (Desember 2007) in Suid-Afrika is en wat in verskillende stadiums van trek in die gees is. Party is nog in Egipte, maar oppad Migdol (Koningsorde) toe, ander het al daar aangekom, en ander is alreeds Migdol.

Hoe gaan hierdie versameling georden kan plaasvind, indien dit nie ook fisies by `n versamelingspunt gaan plaasvind nie. Ons beweeg in `n tydvak in, nadat die geweldige natuurkatastrofe plaasgevind het, waar alle kommunikasie en verbinding tot niet sal wees. Paaie sal onbegaanbaar en gevaarlik wees, telekommunikasie sal nie bestaan nie, die oorblywende mense sal verward rondhardloop en oorlewingsmiddele soek. Hoe gaan hierdie versameling dan plaasvind en waar gaan almal bymekaarkom? In die gees weet ons nou dat ons by Migdol/ JaHWèshua sal bymekaarkom, oftewel dat ons Hom in ons harte moet hê. Maar wat van die fisiese, hoe gaan mense in verwoeste stede, met skreeuende mal hordes barbare met pangas om hulle, nou regkom met Migdol in hulle harte alleenlik? Daar sal `n trek moet plaasvind. Migdol in die hart, stel die eerste Pasga voor, waar slegs diegene met die bloed van die Lam aan die deurposte van hulle harte, gekies sal word, anders gestel, beskerm sal word om na die eerste stop voor die Rooisee, naamlik die fisiese Migdol te gaan. Hiervoor het ons die volgende interessante profesieë ontvang van ons wonderlike JaHWèshua Self.

Soos gegee aan Louise Snyder in Oktober 2007

**MAAK EN BREEK – deur Louise Snyders - Hoofstuk 1**

*Koos de la Rey*

*EK maak en breek. EK maak diegene wat op MY wag se voete vry van sonde. EK breek alle bande van die dood. EK breek alle kettings van die sonde.*

*Daar is jakkalse en daar is wolwe. Watter kant sal hulle kies? Die een is skelm en die ander verskeur. Daar is nie een wat die ander nie wil verteer.*

*Dit was in die jaar 1900 toe daar van MY knegte opgestaan het om MY te dien. Dinge was baie sleg in daardie tyd. Mense het mekaar uitgemoor en orals was brande. Maar nêrens was daar iemand wat vir MY opgestaan het nie. Daar was nie 'n mens wat nie van MY geweet het nie, maar nêrens was daar sprake van iemand wat gebrand het vir MY nie. Daar was in daardie dae nie 'n mens wat MY liefgehad het nie. Almal was betrokke by 'n kerkorganisasie wat mense in diere verander. Dit was 'n tyd van oorlog en leed en daar was vir MY net een profeet. Kerke het losbandig met mensesiele omgegaan. Wees bly en juig, want daardie tyd het verbygegaan. Bande van die dood het almal omring. Daar was 'n sekere man genaamd Koos. Koos was MY naamgenoot, want MY Naam was op sy voorhoof geskryf. Hy is deur MY profeet bygestaan. Hy is deur MY profeet van raad bedien. Koos de la Rey was 'n man van inbors. En EK het hom baie liefgehad. Een aand het hy op 'n baie hoe spoed gegalop met sy perd Pronk. Pronk het vinnig na links geswenk en hom 'n geweldige kopstamp besorg. Vervaard het hy orent gespring en na hulp geroep. Daar was egter niemand wat hom kon hoor nie. In sy nood het hy na MY om hulp geroep. EK het hom geantwoord deur MY kneg na hom te stuur met die volgende boodskap: "Gaan met 10 man te perd na die Noordweste en wag daar op MY Woord!"*

*Hy het dadelik gegaan en MY boodskap sorgvuldig uitgevoer. Daarin lê die gehoorsaamheid – dat 'n kneg MY Woord uitvoer.*

*Daar aangekom, het hulle afgesaal en op MY Woord gewag. EK het weer MY kneg na hom gestuur met die volgende Woorde:* ***<u>"Rig vir MY 'n pilaar op ter bevryding van jou volk. EK sal jou volk gedenk in die volgende geslagte wat sal kom, want hulle is MY uitverkorenes!"</u>***

***<u>Die pilaar staan vandag nog en is te sien by Migdol wat beteken 'Skaaptoring'.</u>***

*MY volk, EK het julle lief, maar julle gedenk MY nie. Daar is 'n geringe oorblyfsel onder julle wat MY Aangesig soek. Sorg dat julle MY vind, want EK is die Alfa en die Omega.*

*Amen*

So het ons Vader dan wel `n merker opgerig, ter bevryding van ons volk in die laaste geslagte, en hierdie toring is by Migdol in Wes-Transvaal, tussen Delareyville en Schweizer Reyneke. Ons by Dogter van Sion was vreeslik opgewonde oor hierdie boodskap en het dadelik daarheen gereis om meer oor hierdie toring te wete te kom. Ons eerste besoek, wat `n paar ure was, het niks opgelewer nie; selfs die ou inwoners het geen kennis gedra hiervan nie. Daarna is `n tweede ekspedisie gestuur van 8 mense wat gedeeltes gefynkam het aan die Hartsrivier waar die ou transportroete deur die rivier gekom het. Ook tevergeefs. Hier is ons Vader se boodskappe in verband met die pilaar op Migdol sowel as Sy antwoord op ons vrugtelose (en eiesinnige) soek-togte. Ek plaas dit vir u, omdat ek weet dat u ook, soos ons, nuuskierig is. Dit is maar die aard van die mens, - soek eers met sy eie krag en wil, en raadpleeg nie die Gewer en Openbaarder van alle geheimenisse nie.

***WOORD VAN VADER deur Louise Snyders***

***Vrydag 10 Okt. 2007 23;30***

*(vergelyk met hfst.1 van "Maak en Breek" (dit kom nog!) wat ek `n week later ontvang het.)*

*Soos 'n klavier se note verband hou met 'n ghitaar,*

*So **hou MY Woord verband met `n pilaar**.*

***'n Pilaar wat in nood bevry**.*

*So, gedenk MY en jy sal aan die lewe bly.*

Hierdie pilaar is eerstens JaHWèshua as die Ware Migdol, tweedens die te opgerigte Melgisédek-orde as die klein Migdol en derdens die plek Migdol waar alles sal plaasvind.

***Uittreksel uit Woord van Vader op 10 Nov om 02h41***

*... Wees daarom nie meer bevrees nie, want daar is belangriker dinge om te doen as om bekommerd te wees oor iets wat julle nie kan verander nie. Vertrou net op MY en Ek sal julle uitred en **hy sal saam met julle daar by die pilaar vergaar**, waar julle MY sal sien en julle sal My dien **en 'n heilige, gereinigde volk wees**.*

Hier bevestig Vader weer `n volksversameling te Migdol, waar selfs die voorheen gestorwe kinders teenwoordig sal wees as `n gereinigde en apartgestelde volk.

***Donderdag, 22 November 2007 om 11:46***

*Het jy MY weg gevind*

*Jy het jou berou*

*En geheel aan MY vertrou*

***EK sal jou bou tot 'n sterk pilaar***

*In MY RYK*

*So streef na MY*

*EK sal jou verbly*

*En jy sal MY liefde voel*

*Julle lyding het altyd 'n doel*

***MAAK EN BREEK – deur Louise Snyders - Hoofstuk 42***

*Wees daarom gewaarsku – **die dag van oordeel kom nader**. Trou moet MYNE by MY kom vergader. Daarom maak EK almal wakker sodat julle, julle by MY moet kom skaar, want EK het julle lief en wil geeneen laat verlore gaan nie en roep julle tot MY Vaderbors waar*

*EK julle styf wil vashou, terwyl die winde buite waai en die* ***barbaarse skare hulle assegaaie swaai****. "Kom na MY toe"! roep EK weer sodat EK MY oor julle kan ontferm en julle na veiligheid kan bring, waar julle vir MY sal sing en* ***wees nie besorg oor die pilaar nie, want hy is daar, net soos EK daar is en julle MY nie sien nie, en tog is hy daar. Saam sal EK julle by die pilaar vergaar, net soos EK julle by MY voete vergaar****. Dit sal 'n dag wees van buitengewone vreugde, want julle sal MY kan sien en in julle midde sal EK wandel. Soos 'n broer tussen julle rondloop, sal EK tussen julle wees en julle sal julle verbly. Maar, en 'n Groot Maar, julle moet julle vrywillig en nóu na MY keer en by MY moet julle kom skuil en niemand wat in MY kring kom staan, sal eers weet van die dreigende gevaar nie, want EK sal julle besig hou met lofliedere in julle hart. Ja, groot sal wees die wêreld se smart, in hulle aanskouing van die dood en hulle sal spyt wees dat hulle nie ag gegee het op MY waarskuwings en uitnodiging nie.* ***Vrees nie die nag van die lang messe nie****. EK is reeds gereed met MY hele Engeleskaar en soos Krygers wag Ons om te vergeld julle verdrukkers wat hulle op julle wil wreek. Dit sal 'n slag wees wat hulle nooit sal vergeet nie en die wat oorbly sal geslagte daarna nog van die Groot Gees van Verskrikking praat en nooit weer sal hulle `n hand teen julle lig om julle te skaad nie, uit ontsag vir MY. Dit spreek EK, Die Almagtige EL van hemel en aarde en niemand sal MY Woorde verander of uitspoeg as EK hulle dit ingegee het nie.*

### *MAAK EN BREEK – deur Louise Snyders - Hoofstuk 48*

*Wees daarvan verseker dat EK wel jou gebed hoor, maar dit eers `n bietjie later sal beantwoord, indien dit nodig is. As dit dringend is, en EK weet wanneer dit dringend is, sal EK jou dadelik beantwoord. Neem die voorbeeld van die pilaar.* ***EK weet waarom hy nie die eerste keer gevind is nie. EK weet waarom EK die pilaar vir julle oë gesluit hou en julle moet daarby***

***berus dat EK die pilaar aan julle sal wys op die regte tyd***. *Julle weet nie wat in die wêreld om julle aangaan nie, maar EK weet, en daarom sal EK ook julle gebede in verband met die pilaar beantwoord op die regte tyd. En julle sal MY loof, omdat MY besluite wonderbaar is en julle sal nie kan glo dat julle die pilaar nie met die eerste soektog gevind het nie. Dinge sal dan duidelik aan julle gemaak word. Vrees nie die bose nie, want hulle kan aan julle niks maak, as julle by MY kom skuil nie. Dit is MY woorde wat nooit vergaan nie. Skuil onder die vleuels van MY woorde, sodat EK julle met MY liefde en vrede kan oordek en nìemand - EK herhaal - nìemand sal julle skade aandoen nie. MY woorde is verseker en gewis en gaan nooit verby sonder dat julle dit sal sien en daarvan kan getuig nie. Dit is MY woorde.*

*Amen*

Die volgende gedigte, aan Marietha Nel gedikteer deur die innerlike Woord, wat ook nog getoonset moet word, verwys ook na hierdie pilaar waar die Boervolk sal vergader. Dit is ook nou in November 2007 deur ons Vader gegee.

***Dinsdag, 20 November 2007 om 04;01***

*Laat ons sing en ons harte tooi*
*Met reine liefde die gaste nooi*
*Want die Bruidegom kom*
*HY kom haal sy blom*

*HY kom om af te wend haar smaad*
*Sodat niks haar ooit weer skaad*
*Bring HOM al die eer en loof SY Naam*
*Sing en jubel almal saam*

*HY kom om SY bruid te dra*
*Net soos sy lankal vra*

***<u>MY volk, MY Sion, rein</u>***
***<u>Jý is MY bruidjie klein</u>***
*EK kom as jou Bruidegom*
*Jy is MY blom*

*In MY arms gaan EK jou veilig dra*
*Jy kan jou verlossing van MY vra*
*Vir jou, o Sion, het EK die kruis gedra*
*Uit jou kom voort MY Elia*

*Wat beteken, MY kind*
*Want jy het MY gevind*
*En het gebaar MY koningskind*

*Dit sê EK nou vooruit vir julle, want dit sal julle bereik, die eenwording met MY.* ***<u>En by MY pilaar, sal julle, MY kleine skaar, dit vir MY sing</u>***.

Duidelik en onomwonde, is die Bruid, die Sionsvolk wat by Sy pilaar, wat 100 jaar tevore deur Oom Siener van Rensburg en Generaal Koos de la Rey opgerig is, sal vergader en hierdie nuwe lied sal sing. Nog `n lied wat die ander nie sal kan sing nie, soos in wat **Openbaring 5 en 14** genoem word. Die volgende gedig dien as nog `n bevestiging:

***21 November 2007 om 20;00***

***<u>Die Boervolk van MY</u>***
***Sal trek met 'n gejuig***
***Na MY pilaar***
***Wat van MY getuig.***

## Migdol/Skaapstoring as gedenkteken in Jesaja 19

Daar kan dus geen onduidelikheid bestaan oor die belangrikheid van die pilaar te Migdol nie. Ons sál daar bymekaarkom. Het ons enige ander Skrif in die verband? In **Jesaja 19** vind ons `n belangrike verwysing na so `n gedenkteken in ons grondgebied. Om hierdie gedeelte in konteks te verstaan, moet u ook die voorafgaande hoofstuk, **Jesaja 18,** lees wat handel oor die blanke Boervolk, suid van die riviere van Etihopië. **Jesaja 19** vervolg net en Egipte is eintlik Afrika, woonplek van die Boervolk, naamlik die twee Boererepublieke

> ***Jesaja 19:16***: *In dié dag sal die Egiptenaars wees soos vroue: hulle sal bewe en vrees vir die* ***geswaai van die Hand van JaHWeH*** *van die skeppings-leërmagte wat Hy teen hulle swaai.*
>
> *17 En die* ***Adamah [die adamiet se Aarde] van JeHûWdah*** *sal vir die Egiptenaars 'n skrik wees: as iemand van haar melding maak by hulle, bewe hulle vanweë die Raadsbesluit van JaHWeH van die skeppings-leërmagte wat Hy teen hulle geneem het.*

Hierdie Hand is die reeds opgerigte Melgisédek-orde in Suid-Afrika, grondgebied van Juda, wat die inwoners van die Nuwe Suid-Afrika sal verskrik maak.

> *18 In dié dag sal daar* ***vyf stede*** *in die Aarde van Egipte wees wat die* ***taal van Kanaän spreek*** *en by JaHWeH van die skeppings-leërmagte sweer; een sal genoem word: Stad van verwoesting.*

Hierdie vyf stede/kerke of vyf verskillende leerstellings in Suid-Afrika sal met `n basterstem spreek, die stem van Kanaän, en een kerk sal `n verwoeste kerk genoem word, wat heelwaarskynlik na die NG kerk verwys.

> *19 In dié dag sal daar 'n altaar wees vir JaHWeH binne-in die Aarde van Egipte en* ***'n gedenksteen langs haar grondgebied*** *vir JaHWeH.*

*20 En **sy sal wees 'n Teken en 'n getuie vir JaHWeH** van die skeppings-leërmagte in die Aarde van Egipte; **as hulle JaHWeH aanroep vanweë die verdrukkers**, sal Hy aan hulle 'n **Redder stuur en 'n Stryder** wat hulle sal verlos.*

*21 En JaHWeH sal Hom aan die inwoners van Egipte bekend maak, en die inwoners van Egipte sal JaHWeH ken in dié dag; en hulle sal dien met slagdiere en spysbydraes **en geloftes doen** aan JaHWeH en haar betaal.*

Vanuit die voorafgaande, kan ons aflei dat die altaar sal verwys na die klipstapel te Kameeldrif 225, waar die nuwe Gelofte gemaak is. Sien vorige gedeelte oor "die Nuwe Gelofte". Die gedenksteen moet dus nog iets anders wees.

Hierdie gedenksteen of pilaar, wat `n teken en getuie is, kan mos maar net die pilaar wees wat in die voorafgaande bespreek is. Hierdie gedenksteen-pilaar-toring-Migdol kan dus net die Melgisédek-orde wees wat opgerig sal word te Migdol, en waar die opgerigte orde van 144 000 eerstelinge ook die Redder en Stryder sal wees binne die volk. Hiermee sluit ek nie die moontlikheid uit dat die Redder en Stryder een of twee spesifieke persone binne hierdie Melgisédek-orde sal wees nie, moontlik die twee getuies van **Openbaring 11**.

## DIE NUWE MELGISÉDEK-ORDE, SOOS GEOPENBAAR AAN BERTHA DUDDE

**21** Net soos wat die eerste opgerigte Melgisédek -orde voor `n kataklisme (die sondvloed) opgerig is, hy daarna weggeneem is na die Paradys, terwyl ons Vader die aarde se vernietiging toegelaat het, en Melgisédek na die vloed weer op aarde geplaas is in `n nuwe verlossingstydperk, om as houer te dien vir die verkondiging van die hemelse woord van ons Vader, so sal dit ook nou aan die eindtyd gebeur. Ons staan weer voor `n wêreldwye natuurkataklisme, so groot en omvangryk, dat ons sou beswyk as ons nou alles daaromtrent moes weet. Terwyl die aarde se bevolking geheel en al uitgewis gaan word, en wel in die materie gekluister gaan word, sal die klein groepie gereddenes, die Melgisedék-orde en die vrou (volk) daarby, ook weggeneem word na die Paradys, waar hulle sal vertoef totdat die ou aarde verwoes is, en die nuwe een, die 1000jarige Vredesryk opgerig is, waarna hulle sal terugkom aarde toe, in verheerlikte liggame, as die Nuwe Melgisédek-orde om as nuwe geslag te dien vir ons Vader, sodat rein onbesmette blanke kinders gebore kan word op die nuwe aarde. Hierdie sal die eerste taak van die Melgisédek-orde wees, naamlik die vul van die aarde met die suiwer saad en suiwer Woord. Daarna sal hierdie opdrag vergroot word en sal die orde uiteindelik oor die ganse heelal strek.

Let wel dat die "wegneming" anders is as die "wegraping" wat die kerke verkondig. Hulle verkondig `n wegraping **<u>voor</u>** die groot verdrukking, hierdie wegneming is `n wegneem **<u>na</u>** die groot verdrukking, en net voor die finale uitwissing.

## *Boek 1 - Die wederkoms van die Meester - Die teenwoordige tyd. Die getuie van die nuwe aarde*

*2 Mei 1951*

*U almal sal getuie wees van My krag en heerlikheid en u sal My wederkoms belewe, ten dele liggaamlik en ten dele geestelik. Want die tyd neig na die einde toe en alles sal sekerlik geskied soos wat EK dit steeds weer aan u verkondig het.*

*U sal My wederkoms belewe en daarvan getuig in die paradys op die nuwe aarde,* ***want hulle wat aan My getrou sal bly tot aan die einde, sal EK op die nuwe aarde plaas. Hulle moet ook daar My woord aan hulle nakomelinge verkondig, net soos wat hulle dat ook nou doen in My opdrag.***

*EK weet wie daarvoor geskik is en EK sal ook My ware knegte behoed vir die ondergang. EK sal My* ***"dissipels van die eindtyd"*** *met buitengewone krag voorsien sodat hulle hulle diens goed sal kan verrig. Sodat hulle moedig sal kan stry teen almal wat My vyandiggesind is en wat haat sal betoon teen Myne. Maar nie een van My volgelinge sal vroeër van die aarde skei alvorens hulle missie vervul is nie.*

*En die laaste op hierdie aarde sal die eerste wees op die nuwe aarde, waar ook hulle opdrag weer dieselfde sal wees,* ***naamlik om My woord te verkondig****, al is dit ook op `n ander wyse. Hulle sal met vreugde en verlange opgeneem word en sal herken word as dit wat hulle is, naamlik `n liefdeblyk van die Vader wat Sy "kinders" gelukkig wil maak. Alle wesens sal My stem herken wanneer EK deur hulle tot die mense van die nuwe aarde sal spreek, want almal het op aarde die vuurproef deurstaan en aan My getrou gebly. Daarom sal hulle loon ook groot en verblydend wees. `n Harmonieuse lewe in die paradys op die nuwe aarde sal hulle beskore wees, wat geen mens homself sal kan voorstel nie, sodat My mag en heerlikheid geopenbaar kan word, want EK self sal by hulle wees.*

*EK sal in die wolke kom en hulle tuisbring. Hulle sal by My bly omdat hulle My "kinders" geword het deur hulle getrouheid wat hulle aan My bewys het in die laaste geloofstryd. Hulle sal My onbevrees bely en van My getuig sonder dat hulle My vantevore gesien het, en daarom mag hulle My ook in alle glorie aanskou voordat die einde gekom het.*

*Wat EK voorspel, sal ook vervul word, dus sal u My wederkoms belewe. Nog glo u nie dat die tyd so naby is dat u die verskrikkings van die einde sal moet beleef nie, dat die aardoppervlak vernietig sal word deur My toelating. Nog glo u nie dat die voorspellings deur sieners en profete die huidige tyd betref nie. Dat u mense in hierdie tyd groot dinge sal belewe wat geen mens homself kan voorstel nie, omdat sulks nog nooit op aarde gesien is nie. Maar met verwondering en ontsetting sal die mensdom spoedig hierdie gebeurtenisse kan volg wat `n ontbinding van die aarde geloofwaardig sal maak, en dan sal dit met rasse skrede die einde tegemoet gaan.*

*My uitverkorenes sal die tyd deurstaan omdat dit My wil is en omdat die uitverkorenes ook in hierdie tyd sal getuig en oor hierdie gebeurtenisse sal spreek, sodat My mag en heerlikheid openbaar kan word, ook onder die nakomelinge van die mensegeslag op die nuwe aarde.*

*Want hierdie gebeurtenisse moet deur oorlewering vir die nageslag bewaar bly, want daar sal ook weer `n tyd kom waarin die sonde die oorhand sal kry en daar nie meer aan My gedink sal word nie. Dan sal hulle getuienis vir die mense tot waarskuwing en vermaning wees wat My heeltemal sal vergeet, en welke noodlot hulle sal tref. Dan sal gewag gemaak word van die ondergang van die ou aarde en die laaste gerig wat beslis het oor lewe en dood, oor geluksaligheid en verdoemenis.*

**_Boek 1 - Die wegneming_**

*20 Februarie 1953*

***Slegs `n klein skare*** *sal My aan die einde van die aarde in alle heerlikheid kan aanskou,* ***want hulle sal weggeneem word*** *voor die oë van hulle medemense. Die agterblywendes sal dan prysgegee word aan die liggaamlike- en wat veel erger is, aan die geestelike dood. So gou as wat Myne die aarde verlaat het, sal die vernietiging plaasvind en* ***alles wat in, op en bo die aarde leef, sal deur die vlammende elemente verteer word****, wat uit die aarde sal uitbreek en geen skeppingswerk sal oorslaan nie.*

*Maar Myne sal nie deur die vernietigingswerk getref word nie, want EK sal hulle al vooraf wegneem. Die aanblik van hulle plotselinge wegneming sal die mense met ontsetting slaan,* ***want Myne sal voor hulle oë in die hoogte verdwyn****. Slegs Myne sal My egter kan sien wanneer EK in alle prag en heerlikheid sal kom, vir die ander sal EK onsigbaar bly, omdat hulle wat in die hande van My teenstander geval het, nooit meer My heerlikheid sal kan aanskou nie. Maar voordat hulle tot besinning sal kom oor die bonatuurlike verskyning van die wegneming, sal hulle einde reeds gekom het, want die aarde sal haarself open en almal verslind wat van My afgeval het - en dit bly ook tot aan die einde.*

*Die gebeurtenis van die wegneming is onbegryplik vir die mense van hierdie aarde, want daar speel iets af wat heeltemal in stryd is met die wet. Iets onnatuurlik, wat ongelooflik sal wees vir hulle wat nie in My glo nie en nie van My verlossingsplan van ewigheid af wil weet nie. Tog sal dit gebeur soos wat EK vir u aangekondig het:* ***Die mense wat nog liggaamlik lewend is, sal EK verplaas na `n oord waar daar vrede is, en dit sal in één oomblik geskied****. Hulle sal hierdie gebeurtenis self bewustelik belewe en vol lof en jubeling vir My wees. Hulle het die toets van getrouheid deurstaan en ontvang nou die loon daarvoor, en vir hulle liefde en hulle geloof in My sal EK die paradys vir hulle open.*

*Dan sal daar weer `n nuwe verlossingsperiode begin* ***en Myne sal die stam van die geslag op die nuwe aarde vorm****. Maar slegs die geloof kan dit begryp, die verstand verweer homself hierteen en sal twyfel totdat die dag van die einde gekom het.*

### *Boek 1 - Oor die laaste oordeel en die nuwe aarde*

*9 Oktober 1959*

*U kan uself geen korrekte voorstelling maak op welke manier die laaste oordeel sal plaasvind nie. Dit moet egter vir u genoeg wees om te weet dat dit `n werk is wat van baie korte duur sal wees, met `n vernietigingskrag waaraan alles ten offer sal val. U sal geen tyd meer hê om u gedagtes en strewes te verander nie, want alles sal met so `n snelheid geskied dat u geen tyd meer sal hê om na te dink nie. U sal in `n oomblik geoordeel word, - dit wil sê, ten lewe of ten dode sal in `n baie kort tyd kom. U****, My getroues, wat sal bly tot aan die einde, sal weggeneem word*** *en die ontroues sal verslind word deur die aarde, wat vir hulle siele `n hernieude kluistering in die vaste materie sal beteken.*

*Slegs die mense waarin nog `n klein vonkie Godsgeloof is, sal op die laaste moment nog die krag kan opwek om My aan te roep, om nog gered te word en om vir die hernieude kluistering gespaar te bly. En ofskoon hulle nie behoort aan hulle wat weggeneem word nie, sal hulle lot tog ligter wees. Want hulle word dan `n nuwe beliggaming toegestaan waarin hulle hulself moet en ook kan bewys.*

*Die nuwe aarde sal dan vry wees van versoekings deur My teenstander, wat vir `n lang tyd gebonde sal wees, soos wat dit geskryf staan. Dit is `n daad van buitengewone barmhartigheid, waarop maar heel weinig mense hulle beroep het, want die mensdom sal aan die einde heeltemal aan My teenstander onderdanig wees. Heel selde sal `n mens homself nog*

*losmaak van sy kettings in die aangesig van die laaste oordeel wat vreeslik sal wees, want alle mense sal `n ontsettende dood tegemoet sien kom. Maar voordat hulle veel kon gedink het, sal dit reeds gebeur het, en Myne sal getuie wees van hierdie gebeurtenisse. Dit is My wil dat hulle My almag en heerlikheid en My regverdigheid en "toorn" teen die sondaars leer ken, en daarvan kan getuig solank hulle lewe.* ***Want hulle sal die stam vorm van die nuwe geslag op die nuwe aarde.***

*Die voorval van die wegneming kan ewemin voorgestel word, omdat dit buite die wetlike ordening plaasvind en dit het nog nooit op hierdie aarde voorgekom dat mense opgeneem was* ***en in lewende lywe omhoog gevoer is nie****. EK sal hulle* ***ongedeerd in `n paradysagtige landskap plaas*** *van waaruit hulle dan na die nuwe aarde gebring sal word, sodra sy volgens My wil gevorm is. EK sal geen lang tyd daarvoor nodig hê nie, want al die geestelike verlang om die nuwe beliggaming van hulle ontwikkelingsweg, wat ooreenkom met hulle graad van rypheid, voort te sit. Die mense sien nie die skeppingsdaad van die nuwe aarde nie, derhalwe is dit ook nie nodig vanweë die mense om by `n bepaalde tydsduur te hou nie. Die mense wat weggeneem is, se tydsbewussyn ontbreek, sodat hulle nie sal kan beoordeel in welke tydsbestek die nuwe aarde ontstaan het nie.*

*My mag is onbegrens en sal homself openbaar by die skepping van die nuwe aarde, want sy sal weer nuwe skeppinge laat sien waarvan u mense hulleself geen voorstelling kan maak nie. Hulle wat op die nuwe aarde mag lewe, sal hulleself onmeetlik salig maak, want dit sal `n ware paradys op aarde wees. Die van Myne wat My in die geloofstryd trou gebly het, sal ook hulle loon daarvoor ontvang.*

*U mense sou almal hierdie seën kon ervaar as u die kort tyd op aarde goed sou benut, maar u glo nie en doen niks om die ontwikkeling van u siel te vergroot nie,*

*daarom sal elkeen die loon ontvang wat hy verdien. `n Geluksalige lewe in die paradys op die nuwe aarde of die hernieude kluistering in die skepping daarvan, om na `n eindeloos lang tyd weer as mens op die aarde te mag kom met `n laaste wilsbeproewing as doel.*

## *BOEK 6 - Die laaste uur van die aarde*

*BD 8011 - 1 Januarie 1962*

*...... Dit sal gebeur soos wat dit vroeër verkondig is.* ***Ek sal Self in die wolke kom om myne weg te neem****, voordat die vernietigingswerk aan die ou aarde begin. Daar sal geen steen op die ander bly nie,* ***want die aarde moet hernu word****. Daar sal `n nuwe aarde ontstaan, `n paradysagtige skepping wat al die nog onontwikkelde geestelike weer sal opneem wat vry geword het by die verwoesting van die ou aarde, en `n nuwe omvorming nodig sal hê om verder te kan rypword. En die nuwe aarde sal tot verblyfplek dien vir hulle wat My trou gebly het tot die einde, want hulle het die graad van rypheid bereik wat hulle `n ingaan in die ligsfere moontlik maak, en wat daarom ook die paradys mag bewoon. Dit sal vir hulle waarlik dieselfde salige toestand beteken asof hulle hulle liggaamlike omhulsel afgelê het en in My geestelike ryk sou ingegaan het.*

***Hulle moet My as stam van die nuwe mensegeslag dien****, en dan kan `n nuwe verlossingsperiode weer begin met* ***geestelike ryp mense****, wat dan ook die nog gekluisterde geestelike in hulle omgewing tot `n vinnige rypwording sal help. Hulle sal so* ***innig deur die liefde met My verbonde wees****, dat hulle hulle kinders en kindskinders weer daardeur tot liefde sal opvoed, en sal kan getuig van die glansrykheid van hulle God en Skepper. En so sal die verlossing uit die vorm vinniger kan plaasvind,* ***omdat Ek in Jesus (geestelik) lewend onder hulle kan vertoef,*** *omdat alle mense wat dan die nuwe aarde sal bewoon, hulleself sal toevertrou aan hulle goddelike Heiland en Verlosser, Jesus, en in die bewussyn van hulle oerskuld bewustelik die weg na*

*Hom toe sal gaan, aangesien elke weerstand dan gebreek is. Want elke mens sal dan die weg bewustelik na My toe teruggaan, sodat Ek Self by hom kan vertoef, aangesien sy groot liefde vir My dit sal toelaat.*

*Dit is dus die duisendjarige ryk waar die oorwinning oor Satan sigbaar sal wees, want hy kan en sal geen mens meer kan bedreig nie, omdat elkeen homself volkome van hom vrygemaak het, en die terugkeer tot My dan volbring het. Hy het dan geen toegang meer tot My ryk nie, totdat hierdie salige tyd weer langsaam sal verander, en die mense weer `n neiging tot die materie sal vertoon. Daardeur sal My teëstander se kettings weer verbreek word en sy invloed sal weer merkbaar word.*

*Maar voordat hierdie tyd sal aanbreek, sal baie van die vergeestelikte as heeltemal verlos My ryk binnegegaan, en Ek sal `n goeie oes behaal het. En dan begin daar ook weer die stryd met My teëstander oor die siele, maar Ek sal oorwinnaar wees. Steeds sal Ek weer siele van hom ontworstel, en sy magsbasis, waarin hy die sterk is, verklein.*

*Steeds sal hy weer self daartoe bydra dat die verlossing van die gevallenes deurgaan, want wat van My is, gee Ek nooit as te nimmer op nie, al is Ek ook ewighede daarmee gemoeid. Die gevallenes sal eenmaal na My toe terugkeer en sal dan met My verbonde bly tot in alle ewigheid.*

*Amen*

## BOEK 9 - Die koms van die Meester tydens die grootste nood

*B.D.4319 - 31 Mei 19*

*Ek sal u na My toe bring uit die swaarste verdrukking, soos wat Ek u beloof het. Die nood sal groot wees, en wie u lot nagaan, sal erken dat alleen die krag van die geloof u staande sal hou. Want anders was u te swak om stand te kon hou teen die bedreigings en geweldsmaatreëls van u vyande, aan wie u weerloos*

*oorgelewer is. Dog net onbeskerm van die kant van die mense, want Ek staan as Beskermer langs u en hierdie sekerheid moet u vir alle aanvalle ongevoelig maak.*

***Slegs `n kort tydjie duur hierdie groot nood**, dan kom Ek self om diegene wat Myne is, na My ryk toe te bring om hulle voor te berei op die lewe in die paradys op die nuwe aarde. Wanneer u geloof sterk is, as u aan elke woord van My betekenis heg, sal die laaste nood u verbygaan en in die hoop op My spoedige koms, sal u alles gelykmatig verdra en My verwag - want Ek kom seker en gewis. Ek laat Myne nie in nood nie en Ek sal kom wanneer daar van menslike kant af geen uitweg meer te verwag is nie. **Ek sal skielik verskyn en slegs aan diegene wat Myne is, sigbaar wees, en almal na My toe roep wat aan My getrou is.***

***Dan sal daar `n gejubel en `n gejuig wees onder die wat Myne is, wat vol saligheid op My sal toesnel, en hulle hande na My toe sal ophef**.*

Hierdie is `n bewys dat die volk al by hierdie gebeurtenis op een plek versamel sal wees.

*Wie glo sal salig word, want hy sal volhard, al is die wêreld vol van duiwels. Hy weet dat die uur van redding kom en dat Ek hom nie sal verlaat nie, dat al die duiwels magteloos is teenoor My. Hy verwag My en as gevolg van sy diep geloof, beloon Ek hom met die hoogste prys; met `n nuwe lewe in die paradys op die nuwe aarde.*

*U vra waarom Ek hom nie na My toe neem in die geestelike ryk nie? - Wie hierdie laaste geloofs-beproewing deurstaan het en My aanneem, is bekwaam om die stam te vorm van `n nuwe mense-geslag, **en uit hom sal `n nuwe generasie voortkom**. Die aarde sal na haar hervorming weer deur mense bewoon word wat geestelik gevorderd is en `n lewe lei vir My en met My, en hierdie mense wil Ek self oplei. En Ek ken die rypheidsgraad van alle mense, in die besonder van hulle wat aan die einde vir My stry teen*

*Satan, en sulke mense* ***het Ek nodig as stamouers vir die nuwe aarde.***

*Ek sal hulle liggaamlik en geestelik seën en die nuwe aarde sal `n paradysagtige verblyfplek vir hulle word. Kinders en kleinkinders sal in innige verbinding met My staan en* ***die nuwe mensegeslag sal liefdevol wees****. En weer begin dan `n nuwe ontwikkelingsperiode met die geestelike wat as mens beliggaam is, wat voor die voleinding staan en met verlange na My streef en daardeur vinnig die sielsrypheid bereik op aarde. Want gedurende die laaste tydperk op die ou aarde, word dit, kort voor die geestelike wat as mens beliggaam is, baie vinnig ryp, omdat die stryd tussen Lig en duisternis deur die geestelike opgemerk word, en die vernietiging van die ou aarde die geestelike bowendien vir `n kort tyd vrylaat. Maar dit beteken vir die geestelike `n toestand van ellende, omdat hulle nog nie die rypheid tot vryheid besit nie, sodat hulle die nuwe omvorming weldadig moet ondergaan en met ywer Hoër moet streef, al is hulle in `n voorstadium en onbewus van die welslae.*

*Daarom sal die mense dan ook in wonderbare harmonie lewe, met alle skeppings om hulle heen; die minerale-, plante en dierewêreld sal hulle heeltemal volgens die benodigdhede van die mense aanpas en* ***daar sal die diepste vrede wees in die natuur, net soos in die harte van die mense****. Dit word `n salige samesyn met My en sal die mense tot gelukkige skepsele maak. My liefde sal vir hulle alle weë gelykmaak en hulle harte sal vinniger vir My klop in vurigste liefde - en alle nood sal dan vergete wees*

*Hierdie tyd is nie meer ver nie. Sp****oedig sal Ek self kom, en My bruid: die kring van Myne ophaal****. Spoedig sal die groot nood verby wees, omdat My belofte vervul moet word: "Ek sal kom in die wolke, om diegene wat Myne is te haal, en te oordeel die lewende en die dode".*

*AMEN*

**BOEK 13 - Die reiniging van die aarde**

*B.D.7179 - 7 Julie 1958*

*En daar sal weer `n nuwe aarde wees, en die mense daarop sal innig met My verbind wees en lewe volgens My ewige ordening. Maar die toestand kan alleenlik nog bereik word deur `n reiniging van hierdie aarde sodat die ou aarde weer in `n toestand gebring kan word waarin alles presies georden is. Dit beteken egter nie dat hierdie orde op die teenwoordige aarde herstel sal kan word nie, wat baie mense graag sou wou, omdat die gedagte aan `n einde van hierdie aarde nie in hulle opkom nie.*

*Die komende reiniging sal grondig wees en eerste by die mense plaasvind, hulle wat nie meer lewe volgens My ewige orde nie. Dit sal egter ook `n skeppingswerk wees, omdat die gekluisterde geestelike, nuwe omvorming nodig het om na `n vinniger, geestelike opwaartse ontwikkeling te beweeg. Want Ek is voorbereid vir al die geestelike wat al lank genoeg gesmag het in die harde materie, hulle wat uiteindelik ook op die hoër weg mag gaan.*

*Nooit meer sal daar op hierdie aarde `n ommekeer tot My plaasvind nie, omdat My teenstander deur die mense self in sy mag gesterk word, wat Hy egter slegs sal aanwend om `n nog groter aantal afvalliges van My te bereik. Maar as die teenstander self, saam met alles wat aan hom onderdanig is, nie gebind word nie, sal die geestelike peil nie net so laag bly as wat dit reeds is nie, maar dit sal steeds nog erger word. En dan kan geen harmonieuse toestand op aarde meer verwag word nie.*

***Daarom sal Ek `n grondige reiniging teweegbring**. Alles op aarde wat iets geestelik in homself berg, los Ek op en laat `n nuwe aarde, met `n geheel nuwe skepping ontstaan, sodat dit weer deur die geestelike betrek kan word vir hulle verdere ontwikkeling. En Ek bevolk die aarde slegs met mense wie se graad van ontwikkeling sodanig is, sodat hulle `n salige lewe in die paradys kan hê. **Dus met mense wat in die laaste stryd op hierdie***

***aarde is, wie aan My trou bly, en wat Ek daarom as stam van die nuwe mensegeslag (menseras) op die nuwe aarde bymekaarmaak.***

*Elke nuwe skeppingsperiode **begin met `n geestelik ontwikkelde geslag**, wat dan weer op die navolgende geslagte moet inwerk om met hulp ook deels die weg boontoe te toon, en hulle na hulle voleinding te help.*

*En omdat My teenstander nou gebind sal wees, sal die mense aanvanklik nie meer deur hom bedreig word nie. Dit sal daarom vir `n lang tyd `n paradysagtige toestand bly waarin al die geskapenes, mense en diere, in harmonie en vrede sal saamlewe, waarin die liefde die mense tot `n voortdurende verbinding met My sal dryf, en waarin Ek sodoende by hulle teenwoordig kan wees. En die mense sal die ewige heil deelagtig wees totdat daar weer `n tyd sal kom dat die verbinding sal verslap en waarin die materie weer haar aantrekkingskrag sal uitoefen en die mense deur hulle begeertes die kettings van My teenstander weer sal losmaak sonder dat Ek hulle sal verhinder. Want die beproewing van die vrye wil, van die wat tevore heeltemal tot My bekeer was, sal dan weer nodig wees.*

*Elke verlossingsperiode bring baie van die eens gevalle geestelike terug na My. Sou Ek egter geen einde aan hierdie huidige toestand maak nie, dan was daar waarlik geen geestelike sukses meer te behaal nie. Ek het aan die teenstander netso die reg gegee om vir die wesens te veg. Hy misbruik egter sy reg deurdat hy die grense van sy bevoegdheid te buite gaan, deurdat hy probeer verhinder dat die mense enige kennis oor My ontvang, hulle God en Skepper van ewigheid. Maar die aardse lewe is aan die mense gegee om te beslis aan watter Meester hulle wil behoort. En daarom moet hulle ook oor beide meesters ingelig wees, wat My teenstander egter met alle moontlike middele probeer verhinder. En daarom maak Ek `n einde aan sy aktiwiteite, en hy sal weer tesame met sy aanhangers gekluister word. Ek herstel in die eerste plek oral die*

*wetlike orde om aan al die gevallenes die opwaartse ontwikkeling te waarborg, soos wat dit My plan was sedert die ewigheid.*

*AMEN*

## BOEK 13 - Die deurgee van die Goddelike woord aan die nageslag op die nuwe aarde

*B.D.4054 - l & 2 Junie 1947*

***Dit sal maar `n klein skare/groepie wees wat My koms verwag**, voordat die laaste oordeel sal kom. Slegs weinig mense sal daar wees wat Ek tot die van Myne kan tel; wat in geloof sterk sal bly en My sal bely voor die wêreld **en daarom vervolg sal word**, sodat hulle selfs vir hulle lewe moes vrees, as hulle oog nie geestelik gerig en hulle denke nie geestelik gesind was nie. **Maar hierdie klein gemeente** sal weet van die einde en verwag My met `n diep geloof. En daarom verdra hulle ook die tyd van nood in standvastigheid en erken Jesus voor die wêreld as Seun van God. Daarom neem Ek hulle weg en gee hulle `n paradysagtige woonplek, totdat hulle die nuut gevormde aarde weer sal mag betree.*

***Hierdie klein kudde het die opdrag om My woord te verkondig aan hulle nakomelinge**, sodat dit weer onvervals aangebied word soos wat Ek dit vir die mense gegee het en so, **as fundamentele leer van die Christendom**, ook op die nuwe aarde moet bly.*

*Want Ek sorg ook verder vir die wat Myne is, en tot Myne behoort alleen die wat hulleself by My wil voeg. Hulle probeer na My toe te kom en wat daarom ook liefdadig is, want die verlange na My is reeds die uitdrukking van hulle liefde wat hulleself uitgee in die liefde tot die naaste. Hulle vervul op die manier My gebod en aan hierdie bring Ek ook My woord, direk of indirek. **En My woord bevat die leer wat Jesus op aarde gepredik het omdat Hy met My liefdesgees deurdring was**. Want die mens Jesus het die vereniging met My reeds op aarde gevind. En sodat ook*

*die mense op die nuwe aarde tot hierdie vereniging met My kom,* ***<u>moet hulle oor die leer van CHRISTUS onderrig word</u>****.*

*Sodoende moet die reine waarheid, wat nou uit die Hemel vir die mense aangebied word as My woord deurgegee word op die nuwe aarde, waar sy in haar totale diepte en wysheid erken sal word* ***<u>as `n boodskap uit die Hoogte</u>*** *en as `n direkte onderrigting van God. Daarom sal dit vir `n lang tyd die fundamentele leer bly, totdat die mense weer materialisties word en weer sal dink dat hulle My woord moet verbeter en verander. En dit sal dan weer die oorsaak wees dat hulle hulle insig sal kwytraak en hulle geestelike kennis verduister sal word. Maar dit sal My weer laat besluit om My woord tot die aarde te bring.*

*Maar tot aan die tyd sal My woord onvervals bly en verspreiding vind, en elke woord sal as My gawe erken word. Die mense sal My liefhê en My dien, en hulle sal mekaar liefde skenk en gelukkig wees op aarde. Want hulle sal dan in voortdurende verbinding met My lewe en ontvang daardeur lig en krag. En My nabyheid sal hulle so laat voel dat hulle sterk en wys sal word, soos wat Ek dit beloof het.*

*AMEN*

## Innerlike Vrede `n noodsaaklike voorvereiste vir `n Melgisédek-Priester

**22** Die volgende gedeeltes is nou onlangs deur ons Vader gedikteer aan iemand hier op die grond van Dogter van Sion, en moet as `n noodsaaklike voorvereiste beskou word vir enigiemand wat strewe na opneming in hierdie wonderbaarlike orde. Dit help alles niks as ons die Melgisédek-orde in die Skrifte kan herken, ons die profesieë bestudeer, maar ons mis dalk om opgeneem te word in hierdie Liefdes– en Vredesorde van ons dierbare Vader. Daarom is dit allernoodsaaklik dat ons die innerlike Vrede en Liefde nastreef in ons harte, want eers as ons dit goed bemeester het, is ons gereedgemaak om in Sy Melgisédek-orde in te gaan. Soek dus nie hierdie orde buite u nie, maar soek na hierdie orde binne uself.

Soos geopenbaar deur ons Vader aan Bertus Hanekom:

***Voorskrif vir vrede***

*22/11/2007 om 20h00*

*Die wêreld is naarstigtelik besig om hom voor te berei vir selfvernietiging – 'n oorlog om alle oorloë te oortref. Wapenarsenale word steeds gedugter en groter, meer gesofistikeerd om uit te wis en te verwoes.*

*Kyk, julle leef in vyandskap met mekaar; julle loop met blinde woede deur die lewe; julle troetel oogklappe, sodat julle nie miskien sal sien wat tot vrede lei nie. Bure leef in kwaai vriendskap; huise en huwelike en harte word vernietig deur onvrede en ontrou.*

*In jou diepste wese is jy in 'n stryd met jouself en met My. Hoe gevoeliger julle vir die stem van My word en hoe sensitiewer julle vir die influistering van die gees is, hoe duideliker sal die dinge word wat vir julle vrede nodig is.*

*Julle moet die heerskappy en koningskap van My die Vader erken. Omdat julle My nie wil aanbid nie, neem minderwaardige dinge My plek in. Dan word julle uiteindelik soos die dinge wat julle liefhet en dien. Kyk, Ek het nog altyd in omgang met julle, die sekerheid gegee dat julle vir My saak maak. Om vrede te kan ken, moet julle My ernstig opneem. Julle moet julle ongeordende lewens en gesindhede onder My heerskappy plaas; julle gedagtes, woorde, dade en ideale. Kyk, julle moet met inspanning die dinge najaag wat tot julle vrede dien. Vrede lê binne die bereik van elke mens en is nie net 'n ydele droom nie.*

*Voorwaar Ek sê vir julle, julle moet My volmaakte wil vir julle lewe soek, My wil aanvaar en gehoorsaam. Julle eie begeertes moet ondergeskik word aan My wil.*

*Staan vir 'n wyle as`t ware eenkant. As dit enigsins moontlik is, sonder jou af met My. Dit hoef net vir enkele minute te wees; maar doen dit. Bevestig net weer jou afhanklikheid van My en glo dat My vrede ook vir jou beskikbaar is, net vir jou om te neem.*

*Laat hierdie lewensfilosofie stilweg jou lewe beheers. Jy sal sien dat spoedig sal jou moeë, gejaagde gees tot bedaring kom en My vrede sal soos 'n verkwikkende reën jou lewe verfris. As jy nie liefde het nie, het jy ook nie vrede nie. Vrede is 'n gawe wat Ek en Ek alleen aan jou gee. Ek verwag dat julle dit aan 'n vredehonger wêreld moet deurgee.*

*Met die koms van die langverwagte Messias en Meester, is die aarde oordek met die moontlikheid van goeie verhoudings, welsyn en geluk. Daarom die hemelse boodskap: 'Vrede op aarde vir die mense in wie Ek 'n welbehae het. ' Daar lê egter 'n oseaan van droefheid en teleurstelling in My woorde; 'As jy maar net vandag wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor. ' Kyk, Ek bring die hemelse vrede op aarde in die harte van mense wat My toelaat om dit te doen. Die woord praat van die evangelie van vrede. Kyk, Ek bevestig dit self: 'Dit sê Ek vir julle, sodat julle*

*vrede kan vind in My. ' Met hierdie vrede moet julle op elke terrein van die lewe gaan leef en werk. Kyk, toe Ek My dissipels uitgestuur het, was My woorde aan hulle: 'As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: 'Vrede vir hierdie huis. '*

*Hierdie Christus-vrede moet in julle harte heers; dit moet julle bewaar van alle magte van onvrede; dit moet julle inspireer om julle vir vrede te beywer; dan sal Ek, wat Die Vrede is, met julle wees.*

*Hierop moet julle Christelike ywer toegespits wees: Om as kinders van die vrede met alle mense in harmonie in goeie orde saam te leef tot My eer.*

*Waar daar geloof is, is daar liefde. Waar daar liefde is, is daar vrede; waar daar vrede is – daar is Ek, julle Vader, en waar Ek is, is daar geen nood nie en daar gebied Ek My seën.*

*Beywer julle vir vrede met alle mense. Vrede op aarde.*

*Amen*

### ***Sjaloom! Vrede vir julle!***

*23. 11. 2007 om 00h06*

*Ek sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!*

***Sjaloom*** *– beskryf die ideale toestand in die lewe. Dit behels volheid, volkomenheid en harmonie.*

*Dit is om te wees, eerder as om te besit. Om te wees wat Ek bedoel het jy sal wees. Wat jy waarlik is, is veel belangriker as wat jy besit. Kyk, jy word in die laaste instansie nie beoordeel aan jou besittings nie, maar aan die grootheid van jou gees. 'n Sjaloom-mens is 'n mens wat innerlike vrede, gemoedsrus, harmonie en vervulling ken. Dit is ook die verhouding wat tussen julle behoort te wees.*

*Die sjaloom-vrede is 'n gawe van My en Ek verwag dat julle dit aan 'n vredehonger wêreld moet deurgee. Kyk, julle staan ook onder die opdrag van My, julle Vader, wat gesê het: 'Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. ' Voorwaar Ek sê vir jou, liefde en trou sal*

*mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels.*

***Eiréne:*** *- Dit word gesien as 'orde'. Kyk, Ek is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede. 'Waar eiréne heers, is elke ding op sy plek en funksioneer dit binne die wil van My. So moet alles ordelik en vredevol verloop.*

*Eiréne is die groot gawe van My in die eindtyd. Daarin is vervat 'Vrede op aarde', wat gepaard gaan met die koms van die vleesgeworde Woord, Messias en Meester. 'Soos die môreson sal Ek opgaan en uit die hoogte op julle afstraal, om lig te bring aan die wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om julle voetstappe te rig op die pad van vrede. '*

*Voorwaar Ek is julle vrede! Ek het julle vrede bewerkstellig. Ek is die een wat 'n einde maak aan vyandskap. In die plek van haatdraende mense, skep Ek 'nuwe' vredeliewende mense. Kyk, die muur van vyandskap het Ek weggeneem.*

*Hierdie vrede stel julle dan ook in staat om in vrede met julle medemens te lewe. Kyk, julle word gesante van vrede. Hierdie vrede groei in julle as vrug van die Apartgestelde Gees. Julle beywer julle vir die dinge wat julle onderlinge vrede opbou en bevorder. Dit skep 'n geestelike eenheid en samehorigheid wat noodwendig, onder My begeleidende hand, op vrede uitloop.*

*Eindelik lei dit dan ook tot innerlike sielevrede, omdat 'n mens nou ook van binne 'in orde' is. Alles wat verkeerd en buite orde was, is uit die weg geruim en elke ding in julle lewe is in sy regte perspektief rondom My gerangskik. Dan het julle 'n voorsmaak van die hemelse vrede, wat die eindresultaat is van eiréne – 'vrede met julle!'*

*Amen*

## *Valse vrede*

*23/11/2007 om 20h35*

*In die lande waar aardbewings meer dikwels voorkom, is daar altyd voor 'n aardbewing 'n onwerklike stilte; maar dit is sinsbedrog. Dit skyn of die natuur op 'n mistieke wyse gedemp is en asof die aarde die asem ophou vir die komende ramp. Die lug hang swaar van onheil; geen blaartjie roer nie; die voëlgesang verstom; die stilte van die kerkhof daal oor alles neer. Maar intussen staar huise, dorpe en stede, en duisende mense algehele uitwissing in die gesig.*

*So is dit met die swye van My, julle Vader, oor die valse vrede wat in My Naam verkondig word. Baie interpreteer hierdie stilte van My verkeerdelik as vrede, maar dit sal gevolg word deur die vernietigende aardbewing van My oordele.*

*Kyk, aan die Tessalonisense het die dringende waarskuwing gekom; "Wanneer die mense sê; 'Alles is rustig en veilig', sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie".*

*Hoe word hierdie valse vrede dan omskep in My egte vrede, Gehoorsaamheid en 'n toegewyde lewens-wandel bring ware vrede; "vir die wat My wet liefhet, is daar groot sekerheid. " Soos daar vrede in die natuur is wanneer alles volgens natuurwette verloop. So vind julle vrede wat in My volmaakte wil wandel. Daar is 'n groot verskil tussen vrede en die dood, soos daar 'n verskil is tussen 'n kalm en 'n dooie see. Die kalmering wat opium of dwelmmiddels bied, is spoedig uitgewerk en dan word die verslaafde weer die prooi van onvrede, die hunkering na die kwaad en die onvrede van 'n skuldige gewete wat martel.*

*Alleen by My vind julle ware onvervalste vrede, omdat Ek die bron daarvan is. Wanneer My vrede, deur Messias, julle deel word, leer julle die ware betekenis van die woord verstaan. Die Messias se dood en*

*opstanding is die waarborg van julle vrede. Dit word aan julle bevestig deur My woord van vergiffenis, in antwoord op julle berou en belydenis.*

*Dan leef julle van dag tot dag vanuit die egte vrede wat die ryke deel is van My, julle Vader se gelowige kinders. Dan kan julle met eerlikheid verklaar: "Alles is reg!" omdat julle in die regte verhouding tot My staan en daarom deelgenote van My vrede word.*

*Kyk daar is 'n bevrydende blydskap in die wete dat jy geloof en vertroue in My, die toets deurstaan het. "Vrede vir jou wat naby is. " Onthou altyd hierdie woorde: Ek, die Vader, sal jou altyd liefhê en aan jou vrede gee. Amen*

## Ten slotte

23 Hiermee is gepoog om die hoofpunte van die Melgisédek-orde aan u uit te lig, maar wat by verre nie alles is wat in die Skrif of in die Nuwe Openbaring voorkom nie. Maar u sal nou, na `n deeglike bestudering van hierdie geskrif, onmiddellik kan optel waar hierdie Melgisédek-orde in die Woord voorkom. U sal dit dadelik herken.

Laat ons volhard tot die einde toe, laat die innerlike Vrede en Liefde van ons liefdevolle JaHWèshua, ons Verlosser en Vredevors, met elkeen wees tot aan die einde. Mag ons die groot genade en barmhartigheid deelagtig word, om mekaar op die versamelplek, by die Pilaar, die Groot Migdol van die eeue, te ontmoet.

Shalom Godesh! Mag die Vrede van Apartheid met u wees.